

**‘N ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTE AAN OUERBEGELEIDING BY MOEDERS  
VAN KLEUTERS IN DIE FRANKFORT-LANDDROSDISTRIK**

**deur**

**BARBARA HELENA VENTER**

**Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die**

**graad**

**MAGISTER ARTIUM**

**in**

**MAATSKAPLIKE WERK  
(SPELTERAPIE)**

**in die**

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER. DR. J.M.C. JOUBERT**

## **DANKBETUIGINGS**

**Ek wil graag my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone uitspreek:**

- **Aan my Hemelse Vader vir U alomteenwoordigheid, leiding en krag.**
- **Aan my man, P.S. vir jou onvoorwaardelike liefde en baie geduld. Dankie vir al jou ondersteuning en aanmoediging waarsonder hierdie navorsing onvoltooid sou bly.**
- **Aan my wonderlike drie kindertjies, Stephan, El-may en Monrè wat my bekendgestel het aan die ongelooflike ervaring van Ma-wees.**
- **Aan pa Sallie en ma Barbara, vir al jul aanmoediging. Dankie vir Ma se harde werk en lang ure agter die rekenaar.**
- **Aan oupa Bok en ma Adri, dankie vir julle belangstelling.**
- **Aan Anèl en Arette, vir julle volgehoue aanmoediging en motivering om hierdie navorsingstudie te voltooi.**
- **Aan dr. Joubert, vir u bekwame leiding en baie geduld.**

(i)

**OPSOMMING**

**‘N ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTE AAN OERBEGELEIDING BY MOEDERS VAN  
KLEUTERS IN DIE FRANKFORT-LANDDROSDISTRIK**

**deur**

**BARBARA HELENA VENTER**

**STUDIELEIER: DR. J.M.C.JOUBERT**

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Hierdie navorsing is gerig op moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik. Die doelstelling van die studie was om vas te stel of moeders van kleuters ‘n behoefte aan ouerbegeleiding toon. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is inligting ingesamel en ‘n teoretiese raamwerk opgebou met behulp van ‘n literatuurstudie en gesprekke met kundiges. ‘n Empiriese studie is gedoen met vyf-en-veertig moeders (respondente) van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik.

Toegepaste navorsing is gebruik om wetenskaplike en tegnologiese kennis te vermeerder. ‘n Selfontwerpte vraelys is benut om inligting te bekom ten einde vas te stel of moeders ‘n behoefte aan ouerbegeleiding het. ‘n Navorsingsvraag is gestel naamlik: Bestaan daar ‘n behoefte aan ouerbegeleiding by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik?

Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie fokus op die bereiking van die doelstellings en doelwitte. Nadat inligting geanaliseer en geïnterpreteer is, het dit aan die lig gekom dat moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik ‘n duidelike behoefte aan professionele ouerbegeleiding het. Moeders dui aan dat hulle meer kennis en inligting oor hul kleuter se kognitiewe, emosionele, sosiale en fisieke ontwikkeling wil bekom ten einde die aspekte van kleuterontwikkeling self te bevorder. Ouerbegeleidingsmodi word onderbenut, en moeders meen

dat hul geografiese ligging, ver afstande wat hulle moet reis en onbereikbaarheid van formele ouerbegeleiding faktore is wat hulle van ouerbegeleiding weerhou.

(iii)

**SUMMARY**

**AN INVESTIGATION REGARDING THE NEED FOR PARENTAL GUIDANCE  
AMONGST MOTHERS WITH TODDLERS IN THE FRANKFORT MAGISTERIAL  
DISTRICT**

**By**

**BARBARA HELENA VENTER**

**SUPERVISOR: DR. J.M.C. JOUBERT**

**DEPARTMENT OF SOCIAL WORK**

**UNIVERSITY OF PRETORIA**

This research is directed at mothers of toddlers in the Frankfort magisterial district. The objective of the study is to determine whether mothers with toddlers display a need for parental guidance. Data have been collected and a theoretical framework has been constructed by means of a literature study and communication with experts. An empirical study has been conducted by involving forty-five mothers (respondents) of toddlers in the Frankfort magisterial district.

Scientific and technological knowledge have been acquired by means of applied research. A questionnaire, designed by the researcher, was used to collect data. The following research question was posed: Does a need for parental guidance exist amongst mothers with toddlers in the Frankfort magisterial district?

The conclusions and recommendations of the study focus on achieving the objectives and aims. Once the data had been analysed and processed, it became very clear that a need for formal parental guidance does exist amongst mothers in the Frankfort magisterial district.

Mothers have indicated a need for additional knowledge and information regarding the cognitive, emotional, social and physical development of their toddlers in order to selfpromote aspects of the development of toddlers.

(iv)

Parental guidance modi are under-utilized, and mothers have expressed that factors such as their geographical location, long distances and the inaccessibility of formal parental guidance, prevent them from utilizing parental guidance.

#### **SLEUTELWOORDE**

- moeder
- kleuter
- kleuterontwikkeling
- kleuter se behoeftes
- kleuterstadium
- ouerbegeleiding
- ouerbegeleidingsprogram
- versorging
- kinderopvoeding
- ouerskapsvaardighede

#### **KEY CONCEPTS**

- mother
- toddler
- toddler's development
- toddlers needs
- toddler stadia
- parental guidance
- parent training program
- child care
- child rearing
- parenting skills

(vii)

**INHOUDSOPGAWE**

	<b>Bladsy</b>
HOOFSTUK 1	1
ALGEMENE INLEIDING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWEP	2
1.3 PROBLEEMFORMULERING	3
1.4 DOEL VAN DIE STUDIE	5
1.4.1 Doelstelling	5
1.4.2 Doelwitte	5
1.5 NAVORSINGSVRAAG	6
1.6 NAVORSINGSBENADERING	6
1.7 SOORT NAVORSING	7
1.8 NAVORSINGSONTWERP	7
1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE	8
1.10 VOORONDERSOEK	10
1.10.1 Literatuurstudie	10
1.10.2 Konsultasie met kundiges	10
1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek	11
1.10.4 Toetsing van die vraelys	12
1.11 UNIVERSUM, AFBAKENING, STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING	13
1.12 ETIESE ASPEKTE	13
1.13 BEPERKINGS TYDENS DIE UITVOERING VAN DIE STUDIE	14
1.14 DEFINISIE VAN KONSEPTE	14
1.14.1 Ouerbegeleiding	14
1.14.2 Kleuterfase	15
1.14.3 Behoefte	16
1.14.4 Moeder	16
1.15 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	17

(viii)

HOOFSTUK 2	18
DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTER	18
2.1 INLEIDING	18
2.2 DETERMINANTE VAN KLEUTERONTWIKKELING	18
2.2.1 Interne biologiese faktore	19
2.2.2 Eksterne omgewingsfaktore	20
2.3 FISIESE ONTWIKKELING	21
2.3.1 Kenmerke van die fisiese ontwikkeling van die kleuter	22
2.3.2 Fisiek motoriese ontwikkeling	22
2.3.3 Die moeder se bydrae tot die fisiek motoriese ontwikkeling van die kleuter	24
2.4 KOGNITIEWE ONTWIKKELING	25
2.4.1 Piaget se Kognitief-strukturele teorie	26
2.4.2 Inligtingverwerking	29
2.4.3 Kreatiewe denke	30
2.4.4 Die moeder se bydrae tot die kognitiewe ontwikkeling van die kleuter	31
2.5 SINTUIGLIKE WAARNEMING	32
2.5.1 Taswaarneming	32
2.5.2 Reuk en smaakwaarneming	33
2.5.3 Ouditiewe waarneming	33
2.5.4 Visuele waarneming	34
2.6 AFFEKTIEWE ONTWIKKELING	34
2.6.1 Erickson se teorie van emosionele ontwikkeling	35
2.6.2 Die moeder se bydrae tot die kleuter se affektiewe ontwikkeling van die kleuter	39
2.7 SOSIALE ONTWIKKELING	40
2.7.1 Kinderspel	41
2.7.2 Die moeder se bydrae tot die sosiale ontwikkeling van die kleuter	42
2.8 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING	43
2.8.1 Ontwikkeling van die selfkonsep	43
2.8.2 Bewuswording van geslagsverskille	45
2.9 NORMATIEWE EN SEDELIK-RELIGIEUSE ONTWIKKELING	46
2.9.1 Kohlberg se teorie	46
2.9.2 Sedelik en religieuse ontwikkeling van die kleuter	47
2.9.3 Die moeder se bydrae tot die normatiewe en religieuse ontwikkeling van die kleuter	47
2.10 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE KLEUTER	48
2.11 GESINSTAKE	52
2.11.1 Die voorsiening van 'n woonplek met ruimte, fasiliteite, hulpmiddels en apparaat vir die kleuter se behoeftes	52
2.11.2 Voorsiening van materiële behoeftes wat varieër	52

(ix)

2.11.3 Om finansiële voorsiening te maak	53
2.11.4 Gedeelde verantwoordelikheid vir die versorging van die kleuter en huishouding	53
2.11.5 Instandhouding van wedersydse kommunikasie	54
2.11.6 Versorging en opvoeding van kleuters asook verdere gesinsbeplanning.	54
2.11.7 Blootstelling aan familie en gemeenskapslede	55
2.11.8 Handhawing van morele waardes	55
2.12 DETERMINANTE WAT MOEDERLIKE GEDRAG MOTIVEER	57
2.13 SAMEVATTING	61
HOOFSTUK 3	62
OUERBEGELEIDING	62
3.1 INLEIDING	62
3.2 AGTERGRONDSGESKIEDENIS	62
3.2.1 Die Verenigde State van Amerika	62
3.2.2 Japan	64
3.2.3 Pole	65
3.2.4 Suid-Afrika	65
3.3 OUERBEGELEIDING AS STRATEGIE	68
3.3.1 Ouerbegeleiding as herstellende strategie	68
3.3.2 Ouerbegeleiding as voorkomende strategie	69
3.4 BEGINSELS VIR DIE AANBIEDING VAN OUERBEGELEIDING	70
3.5 VORME VAN OUERBEGELEIDING	71
3.5.1 MASSAMODUS	71
3.5.1.1 Boeke	72
3.5.1.2 Pamflette en boekies van kleiner formaat	73
3.5.1.3 Tydskrifte en koerante	74
3.5.1.4 Radio en Televisie	75
3.5.1.5 Films, strokiefilms, skyfies en videobande	75
3.5.1.6 Lesings	75
3.5.2 DIE GROEPMODUS	76
3.5.2.1 Ouerbegeleidingsprogramme	77
3.5.2.2 Inhoud van ouerbegeleidingsprogram	81
3.5.3 DIE INDIVIDUELE MODUS	84
3.6 HULPMIDDELS VIR OUERBEGELEIDING	84
3.7 BESKIKBAARHEID VAN OUERBEGELEIDINGSMODUS	85
3.8 SAMEVATTING	85



(x)

HOOFSTUK 4	87
EMPIRIESE ONDERSOEK EN INTERPRETASIE VAN DATA	87
4.1 INLEIDING	87
4.2 DOELSTELLING	87
4.3 DOELWITTE	87
4.4 NAVORSINGSVRAAG	88
4.5 KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING	88
4.6 DIE ONTWIKKELING VAN DIE VRAELYS	88
4.7 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	88
4.7.1 Biografiese gegewens	89
4.7.2 Massamedia	93
4.7.3 Groepsmodus	94
4.7.4 Individuele modus	95
4.7.5 Algemeen	95
4.7.6 Begeleidingsbehoefte	96
4.7.7 Fisiese ontwikkeling	99
4.7.8 Kognitiewe ontwikkeling	101
4.7.9 Affektiewe ontwikkeling	102
4.7.10 Sosiale ontwikkeling	105
4.7.11 Probleemgebiede	106
4.7.12 Moeder	108
4.8 SAMEVATTING	109
HOOFSTUK 5	111
OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	111
5.1 INLEIDING	111
5.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE	112
5.2.1 Doelstelling	112
5.2.2 Doelwitte	112
5.3 NAVORSINGSVRAAG	113
5.4 NAVORSINGSBENADERING, SOORT NAVORSING EN NAVORSINGSONTWERP	114
5.4.1 Navorsingsbenadering	114
5.4.2 Soort navorsing	114
5.4.3 Navorsingsontwerp	114

5.5 DATA-INSAMELING EN ANALISERING	114
5.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING	115
5.7 AANBEVELINGS WAT UIT DIE ONDERSOEK VOORTVLOEI	117
5.8 ONDERWERPE VIR VERDERE NAVORSING	118
5.9 SAMEVATTING	118
VERWYSINGSLYS	120

**LYS VAN TABELLE**

	<b>Bladsy</b>
Tabel 1.1: Ontwikkelingstadia van die voorskoolse kind	15
Tabel 2.1: Determinante van kinderontwikkeling	19
Tabel 4.1: Tydsbesteding aan beroep	91
Tabel 4.2: Beroep van respondent	92
Tabel 4.3: Hoeveelheid voorskoolse kinders	92
Tabel 4.4: Massamedia	92
Tabel 4.5: Groepsmodus	94
Tabel 4.6: Individuele modus	95
Tabel 4.7: Algemeen	96
Tabel 4.8: Begeleidingsbehoefte	97
Tabel 4.9: Fisiese ontwikkeling	100
Tabel 4.10: Kognitiewe ontwikkeling	102
Tabel 4.11: Affektiewe ontwikkeling	104
Tabel 4.12: Sosiale ontwikkeling	106
Tabel 4.13: Probleemgebiede	107
Tabel 4.14: Moeder	109

**LYS VAN FIGURE**

	<b>Bladsy</b>
Figuur 4.1: Woonplek van respondente	89
Figuur 4.2: Huistaal van respondente	90
Figuur 4.3: Faktore wat respondente van ouerbegeleiding weerhou	98
Figuur 4.4: Belangstelling vir die bevordering van fisiese ontwikkeling	99
Figuur 4.5: Belangstelling om kognitiewe ontwikkeling te bevorder	101
Figuur 4.6: Belangstelling om affektiewe ontwikkeling te bevorder	103
Figuur 4.7: Belangstelling om sosiale ontwikkeling te bevorder	105
Figuur 4.8: Probleemhantering	108

(xiv)

**LYS VAN BYLAES**

Bylae 1: Dekbrief

Bylae 2: Vraelys aan die moeder

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING

#### 1.1 INLEIDING

Ouers en gemeenskappe stel hoë eise aan ouerskap wat kan bydra dat spanning en konflik in beide die ouer en kind verhoog (Gordon, 1975:1). Sinvolle persoonsontploffing van die kind word belemmer deur ouers se vooropgestelde idees en gebrek aan kennis rakende hul kleuter- en kinderopvoeding. In so 'n geval verhoed ouers se eie opvattinge dat 'n kind tot sy volle potensiaal ontwikkel.

Veranderde samelewingsomstandighede bring komplekse vrae rondom die opvoeding van die kleuter mee. Dit is die navorser se mening dat verskeie faktore bydra tot die ouers se probleemsituasie, naamlik: 'n snelle lewenstempo, rolverwarring by ouers, hoë mobiliteit, ontoereikendheid van nuwe kennis en inligting, gebrek aan kennis in verband met kinderonwikkeling, kinderopvoeding en ouerleidingsvaardighede asook die voortdurende vergelyking van die kind met ander kinders in 'n kompeterende samelewing. Volgens Hicks in Louw (1990:1) beleef die meeste ouers 'n leemte in hul opvoedingstaak. Hy skryf: "Although we learn most necessary living skills through formal and informal education, rarely are we trained for one of the most important life tasks: parenting"(Hicks in Louw 1990:1). Hoë eise word aan ouers gestel ten opsigte van kennis en vaardigheid om hul kinders tot behoorlike volwassenheid te begelei (Dicker, 1990:1).

Om elke kind se persoonlikheid en funksionering te verstaan verg besondere ouervaardighede wat kennis van kinderonwikkeling en opvoeding insluit. Die sleutel vir elke ouer is om bewus te wees van die uniekheid van elke kind en dit te bevorder. Elke kind se individualiteit moet sodoende waardeer en gerespekteer word. Ouers word telkens gewaarsku dat: "without realizing it, we try to create carbon copies of ourselves." Boyd (1994:21) is van mening dat om jouself as ouer te ken, 'n bepalende rol in die ouer-kind verhouding speel. Die besef dat elke ouer en kind unieke individue is, kan die druk vir die ouer verminder. Ferreira (1987:40) is van mening dat deur aanvaardende en begrypende opvoedingsverhoudinge daar te stel en deur gelykwaardige en wedersydse agting vir mekaar se uniekheid en individuele behoeftes te openbaar, daar 'n klimaat geskep kan word waarbinne beide die ouer en kind tot selfaktualisering kan groei. 'n Kind se voorskoolse jare, met spesifieke verwysing na sy kleuterjare, is bepalend vir 'n kind se toekoms en vorm 'n grondslag vir sy latere ontwikkeling (Roos & Vlok 1986:15). Marion (1999:1) is van mening dat ouerbegeleiding gerig moet wees op 'n kind se spesifieke ouderdom en individualiteit.

Inleidend tot hierdie navorsingsverslag word die motivering, probleemformulering, doelstelling, doelwitte en die navorsingsproses van die ondersoek wat gebruik is, weergegee.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die behoefte om navorsing oor die tema te doen, het primêr ontstaan na aanleiding van die talle navrae wat die navorser sedert die aanvang van haar nagraadse studie, (M.A. Maatskaplike Werk Speltherapie) van moeders met kleuters in die distrik ontvang het.

Uit navrae het dit geblyk dat moeders nie oor voldoende kennis rakende hul kleuter se spesifieke ontwikkelingstake, ontwikkelingsmylpale, denkvoorkeure, behoeftes, fisiese, kognitiewe, sosiale, affektiewe- en konatiewe ontwikkeling beskik nie. In die Frankfort-landdrosdistrik bestaan daar huidig geen ouerbegeleidingsfasiliteite nie. Watkins en Durant (1987:126) meen dat kwaliteitsorg nie moontlik is indien relevante opleiding nie deurloop is nie. Die kleuter se versorger, in die geval die moeder, moet oor kennis rakende fisieke, kognitiewe, emosionele, sosiale en selfkonsepontwikkeling asook ontwikkelingstake wat in die kleuterfase bemeester moet word, beskik. Hierdie kennis is nodig om nie te hoë verwagtinge van die kleuter te koester nie aangesien dit hom in sy strewe na selfaktualisering kan ontmoedig (Van der Merwe, 1996:22).

Dit blyk verder ook dat ouers die beste vir hulle kinders wil gee, maar onseker is oor die hantering van sekere ontwikkelingsaspekte. Terapeute word dikwels in hul praktyk met die nood van ouers naas die nood van die kind gekonfronteer (Pugh, 1984:358).

Baie ouers maak die fout om aan hulle kinders te wil voorsien in dit wat hulleself as kind gemis het. Poland en Craig (1996:39) ondersteun bogenoemde soos volg: “However, we are not our children. We can't undo our own childhood disappointments through them, nor can we relive our childhood pleasures in the same way. Our children will experience their own, challenges and delights, not ours” (Poland en Graig, 1996:39).

Tydens gesprekvoering met die kleuterskoolhoof, twee speelgroepleiers en 'n maatskaplike werker, is aangedui dat 100 moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik geen ouerbegeleiding ontvang nie. Tydens bogenoemde gesprekke en verdere gesprekke met laerskoolonderwysers is navorser se hipotese versterk, naamlik dat daar 'n behoefte aan ouerbegeleiding bestaan. Moeders van kleuters

spreek ook self die behoefte aan meer kennis in verband met kinderopvoeding uit. Volgens die Maatskaplike Werker by die Oranje-Vroueverening te Frankfort (Wepener, 2001) is daar aanduidings in die gevallelading dat die gebrek aan kennis en inligting oor kinderopvoeding tot probleme binne die gesin lei. Emosionele verwaarlosing, swak selfbeeld-vorming, verhoudings-en gedragsprobleme en onvoldoende kognitiewe stimulasie kom algemeen by kleuters voor deurdat speelgroepe en kleuterskole om finansiële redes nie bygewoon word nie. Kleuters bereik moeilik ryphed vir skooltoetreding en word gestrem tot volle ontwikkeling van hulle potensiaal en in die bereiking van hulle ontwikkelingstake binne die bepaalde lewensfase.

Die redenasie dat ouerbegeleiding benodig word, word deur Niehaus (1988:1) ondersteun wanneer hy vanuit sy ervaring pertinent meld dat ouers nie meer voldoende toegerus vir hul opvoedingstaak is nie en dat ouers 'n behoefte aan ouerbegeleiding ervaar. Roos en Vlok (1986:15) verklaar dat die kleuterjare 'n tydperk is waarin die kind vinniger ontwikkel as in enige ander tydperk van sy lewe. Meer as 80% van die mens se intellektuele ontwikkeling vind plaas voor hy vyf jaar oud is.

Vir hierdie studie het navorser die kleutertydperk gekies wat volgens Vrey (1984:41) naastebly tussen die tweede en sesde lewensjare begrens word. Die ontwikkeling en stimulering van die kind in die kleuterfase is belangrik aangesien dit as fondament beskou kan word vir verdere ontwikkeling en funksionering. Dit is die navorser se mening dat ouerbegeleiding juis in die kleuterfase nodig is omdat die kleuterjare gesien kan word as die grondleggingsjare vir latere fisiese, kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling.

### **1.3 PROBLEEMFORMULERING**

Botsende of teenstrydige raad in verband met kinderopvoeding van verskillende professionele persone, familieledes en vriende bring verwarring by ouers. Hierdie raad het dan vanweë die algemeenheid daarvan geen waarde nie of is nie van toepassing op hulle en hulle kinders se unieke situasie nie. Vorige geslagte het onder maatskaplike omstandighede geleef waar geïkoneerde opvoedingspraktyke tot op hoë vlak aan die eise van die tyd beantwoord het. In Pipher (1996:10-11) word die vraag gevra of opvoeding hedendaags nog so 'n vanselfsprekende aangeleentheid is, gesien in die lig van die eise van die moderne samelewing en die druk wat die samelewing reeds van kleins af op die kind uitoefen. Die realiteit is dat ouers eise stel wat nie altyd in ooreenstemming met die kind se gegewe potensiaal is nie. Kinders word gemeet aan ouers se eie verwagtinge (Alvy, 1994:192).



Wanneer die kleuter nie hieraan kan voldoen nie, kan dit wees dat ouers se verwagtinge onrealisties is of dat die opvoeding nie toereikend verloop nie.

Gebrek aan hulpbronne op plaaslike vlak en onderbenutting van relevante literatuur bemoeilik ouerskap wat moeders noodsaak om op ou geïkete weë te beweeg wat nie meer voldoen aan die eise van die tyd nie. Alhoewel van die ouers (veral die moeder) hulle in `n spesifieke rigting bekwaam het voor hul toetreding tot ouerskap het min van hulle opleiding in veral die geesteswetenskappe ontvang. Ouers volg maklik “suksesvolle” ouers in die gemeenskap of vriendekring na ten koste van hul kinders en hul eie uniekheid.

Min dinge laat `n ouer so verneder voel as om vir homself te moet erken dat hy nie weet hoe om verder met sy kind te handel nie. Algemene ouerbegeleiding en ouerbegeleidingsprogramme waartoe hulle hulle uit desperaatheid wend, bied nie altyd kennis wat benodig word nie. Gekommersialiseerde ouerbegeleiding en ouerbegeleidingsprogramme word aan almal, veral op die platteland bemark sonder inagneming van die kind of ouer se behoeftes (Pugh, 1984:253). Ouers toon steeds `n gebrek aan kennis oor kinderonwikkeling, kinderopvoeding, dissipline-style asook hul eie opvoedingsstyl. In die Frankfort-landdrostrik bestaan daar geen ouerbegeleiding-groepe nie. Alhoewel `n maatskaplike werker van die Oranje-Vrouevereniging in Frankfort werksaam is, laat die hoë gevallelading en tekort aan personeel nie tyd vir voorkomingsdienste soos ouerbegeleiding toe nie.

Kleuters se fisieke, kognitiewe, emosionele, en sosiale ontwikkeling en selfbeeld word beïnvloed deur die spesifieke ouerskapstyl en dissipline wat deur die ouers toegepas word. Deur die benutting van prying of vergoeding eerder as straf, ervaar die kleuter dat daar met hom eerlik en regverdig gehandel word. Dit is die mening van die navorser dat ouers `n behoefte het om meer kennis rakende alternatiewe wyses van straf te bekom eerder as lyfstraf.

Die moeder se hantering van haar kleuter beïnvloed die kleuter se belewenis van sy wêreld. Wanneer `n moeder met warmte en aanvaarding teenoor haar kleuter optree, sal die kind voel dat hy as persoon aanvaar word en sy selfvertroue sal toeneem. As `n moeder koud en afsydig teenoor haar kleuter staan, sal sy emosionele en sosiale ontwikkeling negatief daardeur geraak word (Burns, 1988:170).

In die lig van bogenoemde kan dit samevattend gestel word dat daar `n braakveld by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik ten opsigte van hul kennis van kinderopvoeding en kinderontwikkeling bestaan. Dit blyk dat die moeders ook `n behoefte het aan `n geleentheid waar hulle hulself kan ontdek en meer opvoedingswaardig kan bekwaam.

Ten einde die navorsers se vermoede, dat daar `n groot behoefte aan hulpverlening en leiding in die verband bestaan, te bevestig of te verwerp, is `n wetenskaplike behoeftebepaling nodig. Die daarstelling van ouerbegeleidingsfasiliteite sal alleen van waarde wees as dit geskoei kan word op die moeders se unieke behoeftes.

## **1.4 DOEL VAN DIE STUDIE**

### **1.4.1 Doelstelling**

Volgens Webster in De Vos (1998:6) verwys `n doelstelling na die eindpunt wat bereik moet word na afhandeling van navorsing.

Die doelstelling van hierdie studie is: om `n behoeftebepaling by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik op die Vrystaatse platteland te doen ten einde vas te stel of daar `n behoefte aan ouerbegeleiding bestaan.

### **1.4.2 Doelwitte**

Om `n doelstelling te bereik, sien De Vos (1998:7) dit as: “to accomplish these purposes, a number of enterprise objectives may be necessary.” Dit impliseer dat stappe (doelwitte) een vir een op grondvlak, binne `n gestelde tydraam bereik moet word ten einde die droom (doelstelling) te bereik.

Die volgende doelwitte is geïdentifiseer, ten einde die doelstelling te kon bereik:

- Om vanuit `n literatuurstudie en gesprekke met kundiges, `n teoretiese raamwerk aangaande ouerbegeleiding, die algemene ontwikkeling en funksionering van `n kleuter en die moeder se taak as primêre versorger daar te stel.

- Om deur 'n empiriese studie die nodige inligting te bekom om te bepaal of moeders van kleuters in die Frankfort-landdrostdistrik 'n behoefte aan ouerbegeleiding ervaar.
- Om aanbevelings na aanleiding van die behoeftebepaling te maak en hipoteses vir verdere navorsing daar te stel.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

Volgens Walizer en Weiner (1978:78) is 'n hipotese 'n spesifieke stelling oor die aard van 'n verband tussen veranderlikes wat deur die aanwending van operasionele definisies getoets word. Dit is dus 'n verwagting aangaande gebeure wat op veralgemening van die veronderstelde verband tussen veranderlikes gebaseer is.

Vir die doel van die navorsing is 'n navorsingsvraag gestel omdat daar op een veranderlike gefokus word en nie op die verband tussen twee veranderlikes soos in die geval van 'n hipotese nie. De Vos (1998:116) meen: "A good research question is one that can be answered by collecting data and whose answer cannot be forseen prior to the collection of the data".

Die navorsingsvraag is soos volg:

**Bestaan daar 'n behoefte aan ouerbegeleiding by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrostdistrik?**

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Volgens Van Rensburg en Landman (1986:123) moet die wetenskaplike ondersoeker 'n metode gebruik wat die verskynsel/fenomeen vir hom toeganklik maak. Die besondere metode word deur die verskynsel bepaal. 'n Metode spesifiseer dus 'n aantal stappe wat in 'n bepaalde volgorde uitgevoer word ten einde 'n gegewe oogmerk te kan verwesenlik (De Wet, Monteith, Venter en Steyn, 1983:3).

Vir die navorsing is 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering gevolg. Die benadering maak dit vir die navorser moontlik om die gestelde verskynsel te meet omdat data op 'n gestandaardiseerde wyse ingesamel is.

Volgens De Vos (1998:243) is die kwantitatiewe navorser gefokus op gekontroleerde en objektiewe meting. Dit gaan dus oor geldigheid en betroubaarheid van die navorsing. Volgens Mouton (1985:15) is die oorkoepelende doelstelling van kwantitatiewe navorsing om geldige bevindinge te genereer, dit wil sê, bevindinge wat so werklikheidsgetrou as moontlik is. Die term “geldigheid” word beskou as die beste term om hierdie ideaal oor te dra.

## 1.7 SOORT NAVORSING

In hierdie navorsingstudie is van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is volgens Neuman (1997:22), oorspronklike ondersoekwerk wat verrig word om wetenskaplike en tegnologiese kennis te vermeerder met praktiese benutting as uitsluitlike oogmerk. Hofmeyer (1989:2-3) meld dat die volgende kenmerke van toegepaste navorsing is:

- Om bestaande kennis te eksploiteer en om nuwe kennis te verkry.
- Die praktiese benutting van nuwe kennis is `n uitsluitlike oogmerk.
- Toegepaste navorsing is `n probleemoplossende tipe navorsing.
- Toegepaste navorsing is gebaseer op die praktyk.

Bestaande kennis is vir hierdie studie as agtergrond gebruik om nuwe kennis in te samel om te bepaal of daar `n behoefte aan ouerbegeleiding by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik bestaan.

## 1.8 NAVORSINGSONTWERP

`n Navorsingsontwerp word deur Selltiz (in Mouton, 1985:32) soos volg gedefinieer: “A research design is the arrangement of conditions for collection and analysis of data in a manner that aims to combine relevance to the research purpose with economy in procedure”.

Dit is duidelik dat `n navorsingsontwerp ten doel het om die uitvoering van die navorsingsdoel in lyn met bepaalde oorwegings en beperkinge te bring. Die navorser stem saam met Mouton (1985:32) wanneer hy dit stel dat `n navorsingsontwerp `n uiteensetting of bloudruk van die navorsingsprojek is wat volg. Dit is die mening van Thyer (1993:94) dat `n navorsingsontwerp `n bloudruk of `n volledige uiteengesette plan is van hoe `n navorsingstudie aangevoer moet word. Huysamen (1993:10) verwys

ook na die bloudruk of plan wat gevolg sal word om die hipotese of navorsingsvraag op die mees ekonomiese wyse te ondersoek.

Uit bestudeerde literatuur blyk dit dat die meeste skrywers die navorsingsontwerp beskou as die plan of bloudruk om die navorsingsprojek sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelijke geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word. Dit is die mening van die navorser dat die navorsingsontwerp gesien kan word as die padkaart wat gevolg moet word vir die navorsingstudie.

Dit is die mening van die navorser dat 'n verkennende ontwerp hier van toepassing is omdat daar nog nooit so 'n wetenskaplike behoeftebepaling van ouerbegeleiding as 'n behoefte by moeders van kleuters op die platteland gedoen is nie. Volgens Dane (1990:5) is die verkennende ontwerp toepaslik wanneer deur navorsing bewys word of 'n verskynsel bestaan, al dan nie.

## **1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE**

Literatuur rondom ouerbegeleiding is meestal geskoei op die Opvoedkunde en Sielkunde en minder gerig op maatskaplike intervensie en hulpverlening. Die navorser het self die probleem geïdentifiseer na aanleiding van die kwelvrae van moeders met kleuters uit die gemeenskap. Die professionele navorsingsstappe binne die kwantitatiewe benadering van De Vos (1998:38-44) is as riglyn benut vir die navorsingsprosedure en werkswyse wat gevolg is vir die studie en word in die volgende stappe aangedui:

### **Stap 1 Keuse van navorsingstema**

Ten eerste is 'n navorsingstema gefinaliseer nadat probleme by moeders met kleuters geïdentifiseer en geformuleer is.

### **Stap 2 Probleemformulering**

Bestaande literatuur en reeds bestaande navorsing rondom ouerbegeleiding en ouerbegeleidingsprogramme is bestudeer om die probleem te formuleer en 'n navorsingsvoorstel op te stel.

**Stap 3 Formulering van navorsingsvraag**

Die navorsingsvraag is opgestel aangesien 'n hipotese nie binne ontwikkelingsnavorsing met 'n verkennende ontwerp gestel kan word nie.

**Stap 4 Keuse van navorsingsontwerp**

'n Navorsingsontwerp, naamlik die verkennende ontwerp is gekies wat die navorser die beste in staat sou stel om die bepaalde doelstellings en doelwitte te bereik.

**Stap 5 Data- insameling**

Die navorser het 'n literatuurstudie gedoen wat in hoofstuk 2 en 3 bespreek word. Vir die empiriese deel van die studie was die navorser se keuse vir 'n data-insamelingsmetode 'n vraelys. In De Vos (1998:152) word 'n vraelys beskryf as “a set of questions on a form which is completed by die respondent in respect of a research project”. 'n Selfontwerpte vraelys is opgestel nadat ander soortgelyke vraelyste vanuit die literatuur bestudeer is. Die vraelys wat deur Dicker (1990:155-163) opgestel is, is as voorbeeld benut. In die vraelys is oop, geslote, digotome, veelvoudige, keuse en opvolgvrage. 'n Voorondersoek is gedoen en word onder 1.10.1- 1.10.4 volledig bespreek. Vyf-en-veertig vraelyste is persoonlik, per hand, deur navorser aan respondente uitgedeel. Die vraelyste is weer op 'n vasgestelde datum (einde Julie 2002) op 'n sentrale punt (die kleuterskool), persoonlik in ontvangs geneem.

**Stap 6 Data- analisering en Interpretiering**

Kwantitatiewe data kan volgens De Vos (1998:203) met behulp van 'n sakrekenaar of rekenaar verwerk word. Aangesien 'n groot aantal inligting deur die 45 vraelyste bekom is, is die hulp van die Departement Inligtingstegnologie van die Universiteit van Pretoria vir die analisering van die data benut. Die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria was behulpsaam met die interpretiering van data.

Mouton (1985:20) is van mening dat die analisering van data nie, alleen, genoeg antwoorde bied om 'n navorsingsvraag te beantwoord nie.

Nadat die inligting geprosesseer, geanaliseer en geïnterpreteer is, is die navorsingsverslag geskryf. Soos tereg deur Mahlangu (1987:14) gestel, is navorsing nie afgehandel voordat die data georganiseer, geanaliseer en daar tot sinvolle gevolgtrekking gekom is nie.

Interpretasie van inligting is nodig sodat inligting ontleed, verduidelik en daar betekenis aan gegee kan word. Deur die interpretasie van inligting het die Departement Inligtingstechnologie tesame met die navorser gepoog om verbande en samehange tussen veranderlikes te konstrueer sodat daar tot insig in die oorsake en aanleidende faktore tot verskynsels en gebeure gekom kon word. Hierdie inligting sal in hoofstuk 4 weergegee word.

## **1.10 VOORONDERSOEK**

’n Voorondersoek “pilot-study” word deur Singleton Straits & McArlisier (in De Vos, 1998:179) omskryf as: “trying it out on a small number of persons having characteristics similiar to those of the target group of respondents”.

### **1.10.1 Literatuurstudie**

Die navorser het bronne rakende ouerbegeleiding, ouerbegeleidingsprogramme en kleuterontwikkeling deur middel van ’n rekenaarsoektog deur die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria geïdentifiseer wat vir die studie gebruik is. Om internasionale bronne te benut, is van die Internet gebruik gemaak. Die teoretiese en praktiese modules van die gedoseerde meestersgraad in speltherapie is met sukses as voorbereiding van hierdie navorsingstudie voltooi.

’n Literatuurstudie is volgens Dicker (1990:15) daarop gemik om begrippe en verskynsels wat rondom hierdie navorsingstema weef, te omlin en om ’n teoretiese raamwerk vir die empiriese ondersoek te voorsien. ’n Literatuurstudie is vanuit die Maatskaplike Werk, Sielkunde en Opvoedkunde onderneem.

Dit is die mening van die navorser dat alhoewel hierdie vakdissiplines onafhanklik funksioneer, dit interafhanklik van mekaar is wanneer ouerbegeleiding ter sprake kom. Ter motivering meen die navorser dat ouerbegeleiding al die dissiplines omvat veral wanneer dit kom by die ouer (moeder) wat die primêre versorger van die kind is ten einde te verseker dat die kind optimaal ontwikkel en sy volle potensiaal bereik.

### **1.10.2 Konsultasie met kundiges**

Die volgende kundiges is geraadpleeg:

Me. M.Bekker, April 2001 – Speelgroepleier: Babelbekkie te Frankfort. Die belangrikheid van 'n moeder se betrokkenheid by haar kleuter se ontwikkeling word bespreek.

Me. I. Cilliers, April 2001 – Jeugwerker: Nederduits Gereformeerde Kerk: Die behoefte vir ouerbegeleiding word bespreek.

Me. L.Etsebeth, Junie 2001 – Kleuterskoolhoof, Bambi, te Frankfort. Betrokkenheid van moeders by hul kleuters se ontwikkeling.

Me. T. Uys, April 2001 – Direktrise Thusana (To help each other). Die opleiding van ongeletterde persone om in die onontwikkelde gebiede kleuterskole te vestig.

Me. M. Van Blerk, April 2001 – Pastoor, Kancis Gemeente, Frankfort; Druk wat ouers op hul kleuters plaas benadeel die kleuters se individualiteit.

Me. E.Viljoen, Junie 2001 – Arbeidsterapeut, Alma De Wet, Arbeidsterapie kliniek te Pretoria. Ouers se gebrek aan kennis rondom kinders se ontwikkelingsfasies.

Me. A. Viljoen, Februarie 2001 – Maatskaplike Werker, Kinderleidingkliniek te Bethlehem. Die noodsaaklikheid van ouerbegeleiding.

Me. S.Wepener, Mei 2001 – Maatskaplike Werker, Oranje-Vrouevereniging. Die invloed van ouers se onkunde betreffende die hantering van hul kinders se probleme en onrealistiese verwagtinge word bespreek.

Dr. J. M.Yssel, Mei 2001 – Dosent Maatskaplike Werk. Universiteit van Pretoria. Inligting is bekom oor ouerbegeleiding.

### **1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek**

Na aanleiding van die gesprekke met kundiges en die aanmeldings van moeders met kleuters is die navorser se motivering om die probleem te formuleer en 'n behoeftebepaling te doen, versterk. 'n Selfontwerpte vraelys is as data-insamelingsmetode benut. Al die respondente wat by die voltooiing



van die vraelyste betrek is, se deelname was vrywillig en ingeligte toestemmingsbriewe is deur elke respondent onderteken. Die navorser het in Julie 2002 vraelyste aan 45 respondente uitgedeel. Die Bambi Kleuterskool is as sentrale punt geïdentifiseer waar vraelyste weer op 30 Julie 2002 terug ontvang is. Dit was vir die navorser belangrik om elke vraelys persoonlik aan respondente te gee, want daar is voorsiening gemaak dat tyd en afstand faktore kon wees wat bogenoemde kan bemoeilik. Vyf-en-veertig vraelyste is terug ontvang. Ten opsigte van finansies is daar gepoog om koste-effektief te werk en uitgawes tot 'n minimum te beperk. Die vraelyste is na die Universiteit van Pretoria geneem waar dit deur die Departement Inligtingstegnologie verwerk is. Alhoewel deeglike beplanning vereis is, het die Frankfort-landdrostdistrik hom tot so 'n behoeftebepaling geleen.

#### **1.10.4 Toetsing van vraelys**

'n Selfontwerpte vraelys is as data-insamelingsmetode benut. Met die opstel van die vraelys is daar gepoog om die maksimum hoeveelheid inligting te bekom. Die vereistes vir 'n selfontwerpte vraelys word in De Vos (1998:156) soos volg uiteengesit:

- 'n Vraelys moet so saamgestel word dat alle relevante inligting bekom kan word.
- Dit moet ruimte laat vir alle vrae sodat daar nie later inligting ontbreek nie.
- Dit moet ekonomies wees.
- Respondente moet die vraelys maklik kan voltooi sonder dat dit vooraf verduideliking vereis.

Bogenoemde het as riglyn gedien tydens die opstel en toetsing van die vraelys: "It remains fine art to gain the maximum amount of information with the minimum number self-structured questions while keeping within the objectives of the investigation" (De Vos, 1998:156).

Die Departement Inligtingstegnologie was behulpsaam met die voorbereiding van die vraelys sodat dit aan gestelde standaarde voldoen voordat insameling van data plaasgevind het.

Nadat die vraelys klaar opgestel is, is dit aan 5 nie-deelnemende moeders met kleuters oorhandig om te voltooi as deel van die voorondersoek. Die doel van die voorondersoek is dat die vraelys eers deur 'n groep nie-deelnemende moeders voltooi word sodat moontlike haakplekke geïdentifiseer en uitgeskakel kon word. Die vraelyste is deur die Departement Inligtingstegnologie van die Universiteit van Pretoria hersien om moontlike probleme uit te skakel. Nadat regstellings aan die vraelys aangebring is, is dit gefinaliseer vir benutting tydens die hoofondersoek.

### **1.11 UNIVERSUM, AFBAKENING EN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING**

Volgens Kerlinger (1986:110-111) moet die steekproef, met ander woorde die respondente, die karakter van die gemeenskap, verteenwoordig. Volgens Hofmeyer (1989:1) verwys die universum na 'n populasie, die omvattende klas waartoe die verskynsel of gebeure wat bestudeer gaan word, behoort. Die universum vir die betrokke studie het bestaan uit moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik wat onder meer die dorpe Frankfort en Tweeling insluit.

Vir die studie is ewekansige steekproeftrekking benut, met ander woorde dat alle moeders met kleuters 'n kans het om by die navorsingstudie betrek te word. Die rede hiervoor was dat die navorser nie net moeders betrek het wat kleuters in die kleuterskool het nie, maar ook die moeders van kleuters wat geen kleuterskool of dagsorg bywoon nie. Dit sluit kleuters in wat op moeders aangewese is vir stimulasie, byvoorbeeld moeders met kleuters op plase. Die navorser het dus gepoog om die 45 moeders met kleuters wat eerste haar pad gekruis het te gebruik vir die steekproef.

Die kriteria vir die selektering van die respondente was soos volg:

- moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik;
- kleuters wat wel kleuterskool of dagsorg bywoon of geen van laasgenoemde; en
- moeders van kleuters woonagtig op plase of in dorpe.

### **1.12 ETIESE ASPEKTE**

“Ethics is a set of moral principles which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, other researchers, assistants and students” (De Vos, 1998:24).

Dit is die navorser se mening dat etiese beginsels 'n integrale deel van 'n professionele persoon se karakter moet wees. Die etiese kode wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk gestel is, is as riglyn waarbinne navorsing uitgevoer is, benut.

De Vos (1998:25) se riglyne is toegepas en in gedagte gehou tydens die uitvoering van die navorsing.

- Geen respondent is fisiese of emosionele leed aangedoen nie.
- Respondente is ingelig oor die doel van die navorsing.
- Geen doelbewuste misinterpretasie van inligting het plaasgevind wat die uitslag van die resultate kon beïnvloed nie.
- Geen inbreuk op respondente se privaatheid is gemaak nie.
- Elke respondent het vrywillig met sy getekende ingeligte toestemmingsbriewe (bylae 1) aan die navorsing deelgeneem.

Die belange van die respondent is vooropgestel en gerespekteer. Dit was die hoogste prioriteit by die navorser dat geen respondent benadeel sou word tydens die uitvoering van die navorsing nie. Dit was elke respondent (moeder) se keuse of sy 'n deelnemer aan die navorsingstudie wou wees, al dan nie. Respondente het die geleentheid gehad om vraelyste anoniem te voltooi.

### **1.13 BEPERKINGS TYDENS UITVOERING VAN DIE STUDIE**

Beperkings wat tydens die uitvoering van hierdie studie na vore getree het, sluit die volgende in:

- Tydens die bestudering van literatuur was dit duidelik dat min navorsingsliteratuur vanuit 'n maatskaplike werk perspektief aangaande ouerbegeleiding beskikbaar is. Ver afstande is gereis om die navorsing te voltooi wat koste van so 'n navorsingstudie verhoog.

### **1.14 DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE**

#### **1.14.1 Ouerbegeleiding**

Volgens Dicker (1990:6) is ouerbegeleiding die oordra van kennis en insig, maar ook die aanleer en verwerking van vaardighede met die doel om die vervulling van die opvoedingstaak deur ouers te verbeter.

Ouerbegeleiding kan 'n voorkomende of herstellende karakter aanneem. Volgens Ferreira (1987:16) beteken voorkomende ouerbegeleiding dat ouers opvoedkundige inligting en kennis ontvang om

sodoende ouerlike opvoedkundige vaardighede in te oefen, sodat ontwikkelingsprobleme, wordingsprobleme en gedragsprobleme voorkom kan word. Dit stel dus ouers in staat om probleme van alledaagse aard in die normale omgang met die kleuter te hanteer. Ouerbegeleiding is volgens Ferreira (1987:12) ook 'n herstellende strategie om hulp aan ouers te voorsien wat 'n unieke problematiese situasie soos gedrags-, ontwikkelings- en leerprobleme ervaar.

Ouerbegeleiding kan gesien word as 'n geleentheid waar ouers hulself weer kan toerus om hul opvoedingstaak met selfvertroue aan te pak en hul kleuter tot optimale funksionering te begelei.

Dit is die mening van die navorser dat ouerbegeleiding as die sambreelkonsep figureer waaronder ouerleiding as onderafdeling benut kan word. Ouerbegeleiding maak dus voorsiening vir die geleentheid waar elke ouer as persoon bemagtig kan word deur die begeleiding van 'n professionele persoon. Vir die doeleindes van die studie word ouerbegeleiding beskou as 'n handeling wat gemik en afgestem is om moeders as primêre versorger van die kleuter in staat te stel om hul opvoeding en versorgingstaak na behore te volvoer.

#### 1.14.2 Kleuterfase

Die ontwikkeling van die voorskoolse kind word in drie stadia ingedeel, wat begin by geboorte tot ongeveer sesjarige ouderdom.

Tabel 1.1: **Ontwikkelingstadia van die voorskoolse kind:**

0 - 1 jaar	1 - 3 jaar	3 - 6 jaar
Suigeling	Peuter	Kleuter

Volgens Sonnekus (1984:35) word hierdie leeftyd periode beskou as 'n tydperk van voorbereiding en gereedmaking vir skooltoetreding. Die vroeë kleuterperiode word gekenmerk deur selfsugtigheid, koppigheid en eiewysheid.

Louw (1990:243) sowel as Vrey (1984:71) beskryf die kleutertydperk van ongeveer twee-tot-sesjarige ouderdom. Olds' en Papalia (1986:205) beskryf die kleutertydperk as 'n tyd waarin: "children's feelings about themselves come through, as their beginning sense of self-esteem colours the characteristic ways they relate to other people" Olds en Papalia (1986:205).

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die term kleuter verwys na `n kind vanaf twee tot sesjarige ouderdom. Die navorser beskou `n kleuter as `n ontwikkelende persoon wat met dieselfde respek as `n volwassene behandel moet word. Die respek teenoor `n kleuter sluit verskaffing van keuses, beheer en bemagtiging in, sodat ontwikkeling bevorder kan word.

### **1.14.3 Behoefte**

Volgens Plug, Meyer, Louw en Gouws(1988:37) word `n behoefte omskryf as: “`n toestand van gebrek aan iets wat vir die welstand of goeie funksionering of geluk van die organisme bevorderlik sou wees”.

In die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1985:74) word `n behoefte omskryf as: “wat nodig is”.

Dit is die mening van die navorser dat `n behoefte dit is wat `n persoon verlang om sy omstandighede of situasie te verander.

### **1.14.4 Moeder**

Volgens Napoleon ( in Olds en Papalia, 1986:152) is `n kind se handeling afhanklik van die van sy moeder. `n Moeder is volgens Fowler en Fowler (1997:888) die persoon wat geboorte gegee het aan `n kind of kinders en wat in verhouding met die kind staan. Dit is die mening van die navorser dat die persoon wat die moederrol vervul nie noodwendig die persoon is wat aan die kind geboorte gegee het nie. Hiermee word bedoel dat die primêre versorger van `n kind ook `n aanneem-moeder of pleegmoeder kan wees.

Vir die doeleindes van die studie word daar geïmpliseer dat die moeder soveel as moontlik inligting moet bekom om haar kleuter as `n holistiese eenheid groot te maak. In meningsbronne word die term ‘opvoedkundige inligting’ gemeld, die navorser aanvaar dus dat die inligting alle fasette van `n kind se ontwikkeling en versorging insluit ten einde die moeder vir die uitvoering van haar taak te bekwaam.

### **1.15 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG**

Hoofstuk een fokus op die motivering, die doel en die navorsingsmetodologie van hierdie studie ten einde verantwoordbare en geregverdigde gevolgtrekkings te kan maak aangaande die behoefte aan ouerbegeleiding by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik.

In hoofstuk twee word gefokus op die ontwikkelingstadia van die kleuter met verwysing na die ontwikkelingsteorieë asook die rol van die moeder in die lewe van die kleuter.

Hoofstuk drie fokus op ouerbegeleiding.

Hoofstuk vier fokus op die empiriese gedeelte van hierdie studie. Vraelyste wat deur moeders voltooi is, is verwerk. Bespreking van responskoers is met grafieke ondersteun.

In hoofstuk vyf is gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak nadat alle resultate geanaliseer en geïnterpreteer is.

Die verslag word met 'n bronverwysingslys afgesluit.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die literatuurstudie wat gedoen is.

## **HOOFSTUK 2**

### **DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTER**

#### **2.1 INLEIDING**

Die oorkepelende doel van ouerskap is om gesonde groei en ontwikkeling van kinders te verseker. Ouerskap is egter net een van die faktore wat die ontwikkeling van kinders beïnvloed en vorm. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan: Determinante van kinderontwikkeling, verskeie ontwikkelingsteorieë en aspekte in die ontwikkeling van 'n kleuter. In die beskrywing van die ontwikkelingsteorieë word daar gepoog om die ontwikkeling van die kleuter vanuit 'n spesifieke oogpunt sistematies te beskryf. Die rol van die moeder in die lewe van 'n kleuter asook determinante wat moeders se optrede motiveer, word bespreek. Voorts word ook gefokus op ontwikkelingstake van die kleuter se gesin.

#### **2.2 DETERMINANTE VAN KLEUTERONTWIKKELING**

Kinderontwikkeling is 'n multi-gedetermineerde fenomeen. Elke aspek van kinderontwikkeling word in een van die volgende hoofde vervat, naamlik: fisiese, sosiale, kognitiewe, emosionele en morele ontwikkeling. Dit blyk dat al die bogenoemde hoofde deur 'n reeks biologiese- en omgewings-determinante beïnvloed word. Hierdie determinante word in tabel 2.1 uiteengesit en bespreek (Alvy, 1994:23).

**TABEL 2.1: DETERMINANTE VAN KINDERONTWIKKELING****Determinants of Child Development****Internal Biological****A. Genetic-Biological**

1. Physical Attributes
  - a. Gender
  - b. Height
  - c. Weight
  - d. Appearance
2. Psychological Attributes
  - a. Temperaments Traits
  - b. Personality Traits
  - c. Developmental Stage
  - d. Development Rate

**B. Nongenetic-Biological****External Environmental****A. A Child's Past Learnings****B. Social Psychological**

1. Parents
2. Siblings
3. Other family
4. Peers
5. Teachers

**C. General Milieu**

1. Socio economic
2. Cultural

**CHILD  
DEVELOPMENT**

Alvy (1994 : 24)

**2.2.1 Interne biologiese faktore**

Daar word verwys na twee tipes interne biologiese faktore wat die ontwikkeling van die kind beïnvloed, naamlik: die genetiese samestelling en die nie-genetiese samestelling.

- **Genetiese samestelling**

Die kind se oorgeërfde, genetiese samestelling word as die kragtigste invloed op die ontwikkeling van 'n kind beskou. Hierdie geneties-biologiese faktore bepaal onder meer fisieke kenmerke soos byvoorbeeld: geslag, lengte, gewig en voorkoms. Karaktereïenskappe soos temperament, persoonlikheidsienskappe en ontwikkelingstempo in ontwikkelingsstadiums, word deur die kind se genetiese samestelling beïnvloed.



- **Nie-genetiese samestelling**

Die tweede tipe interne biologiese faktor is nie-geneties van aard. Hierna word verwys as faktore wat resulteer in die verandering van die kind se biologiese samestelling, byvoorbeeld: fetusbeskadiging, wanneer die moeder alkohol of dwelms inneem, rook tydens swangerskap of disfunksionering van 'n orgaan of klier plaasvind.

### **2.2.2 Eksterne omgewingsfaktore**

Die volgende twee eksterne omgewingsfaktore kan onderskei word:

Die eerste faktor verwys na 'n kind se vorige leerervaring, met ander woorde, blootstelling aan situasies waar kennis, gesindheid en vaardighede opgedoen en bymekaar gemaak is. Dit sluit vorige interaksie met sy omgewing in, byvoorbeeld interaksie wat die kind met onder andere sy ouers, broers, susters, ander bloedverwante, welsynswerkers, onderwysers en ander persone gehad het

Die tweede faktor is die algemene kulturele en sosiale milieu met gepaardgaande sosio-ekonomiese en kulturele invloede (Alvy, 1994:23).

Hieruit blyk dit dat ouers nie die enigste eksterne invloed is wat die lewe van 'n kind beïnvloed nie, maar dat interne faktore ook 'n rol speel. Ouers speel 'n belangrike vormingsrol in die mate waarin interne en eksterne kragte hul kinders beïnvloed. Hieruit word aanvaar dat die ouerpaar die genetiese kode oordra, en dat die moeder die uterinêre omgewing beïnvloed deur haar hantering van die swangerskapsperiode. Die ouerpaar neem verdere besluite met betrekking tot die kind se versorging, keuse van skool en omgewing waarin die kind grootword en blootgestel word. Ouers beheer kinders se toegang tot en blootstelling aan televisie en ander kulturele instellings. Verder stel ouers se ekonomiese bronne grense aan die toeganklikheid of beskikbaarheid van gebeure en verskillende tipe omgewings, sover dit die kind aangaan.

Rohner in Alvy (1994:25) fokus op kinders wat deur hul ouers verwerp is, en die vermoë ontwikkel het om hierdie verwerping te oorwin sonder om ernstig daardeur benadeel te word. Hierdie kinders het 'n sterk gevoel van die "self" of individuele persoonlikheid wat hulle beskerm teen die gevoel van verwerping. Hulle is self-gedetermineerd en glo dat hulself 'n verandering in hul lewens tot stand kan bring. Indien een van die ouers of 'n ander betekenisvolle persoon warmte en aanvaarding aan 'n kind bied, kan dit sommige kinders, wat verwerping ervaar, in staat stel om deur die middelkinderjare en

adolessensie te beweeg, sonder om ernstige letsels op te doen. Dit is belangrik om te onthou dat agtergrond nie die enigste determinant is wat die kind se eindbestemming bepaal nie, maar dat dit as die belangrikste en invloedrykste determinant beskou kan word (Alvy, 1994:25). Die navorser huldig die mening dat ouerbegeleiding die effektiwiteit van ouerbydrae tot die totale ontwikkeling van die kind, kan verhoog.

## **2.3 FISIESE ONTWIKKELING**

### **2.3.1 Kenmerke van die fisiese ontwikkeling van die kleuter**

Daar vind dramatiese veranderinge in die liggaamproposies van die kleuter gedurende die kleuterjare plaas (Salkind & Ambron, 1987:293). Die skelet, spiere en sensus stelsel word toenemend ryper en die kraakbeen verander in been. Betekenisvolle veranderinge kom in die spierontwikkeling voor, en op vyfjarige ouderdom word 75% van die kleuter se massa aan spierontwikkeling toegeskryf (Vrey, 1984:72). 'n Kleuter begin tande wissel vanaf sesjarige ouderdom en melktande word deur permanente tande vervang (Olds en Papalia,1986:177).

Die brein en sensus stelsel ontwikkel vinniger as die res van die liggaamstelsels. Op driejarige ouderdom het die kleuter se brein reeds 75% van sy totale gewig bereik, en op sesjarige ouderdom ongeveer 90%. Jong kinders is meer geneig om versien te wees omdat die oog nog nie ten volle ontwikkel is nie, en naby geleë voorwerpe word deur die lens in fokus gebring by 'n punt agter die retina (Louw & Edwards, 1993:54).

Die sintuiglike ontwikkeling van die kleuter is belangrik aangesien hy leer deur wat hy waarneem, hoor, proe, voel en ruik. 'n Aansienlike hoeveelheid informasie word deur die vel ontvang, byvoorbeeld tekstuur, temperatuur en liefde (Roos en Vlok, 1986:14). Dit is die mening van die navorser dat hierdie bewuswording die kleuter nie net in kontak met die buitewêreld bring nie, maar ook met homself.

Daar is verskeie faktore wat die liggaamlike groei van die kleuter beïnvloed. Die belangrikste hiervan is:

- Gesondheidspraktyke en kwaliteit van voeding
- Emosionele faktore

- Geleenthede vir oefening
- Sosiale invloede
- Genetiese oorerwing
- Psigiese stres en emosionele deprivasie
- Fisiek-motoriese ontwikkeling (Du Toit en Kruger, 1991 : 72).

### 2.3.2 Fisiek-motoriese ontwikkeling

Die kleuter begin spoedig sy wêreld deur middel van beweging eksploreer, is bewustelik op die wêreld daar buite gefokus, en is in die proses van 'n opwindende ontdekkingstog (Du Toit en Kruger, 1991:73). Die fisiek-motoriese ontwikkeling van die kleuter is afhanklik van twee faktore, naamlik: die fisiese rypwording van die brein en liggaamsisteme. Deur oefening verkry die kleuter beheer oor verskillende liggaamsdele, verwerf 'n akkurate liggaamsbeeld en ontwikkel bilaterale kontrole (Botha, van Ede en Piek, 1992:248). Dit is die mening van die navorser dat fisiese aktiwiteite bydra tot die kleuter se totale ontwikkeling. Twee soorte motoriese vaardighede wat by die kleuter ontwikkel, word onderskei, naamlik:

- Groot motoriese vaardighede wat onder andere die volgende insluit: kruip, hardloop, loop, spring en klim. Die meeste kleuters se spierkoördinasie is beperk tot die grootspiere (Seefeld en Barbour, 1986 : 50).
- Fyn motoriese vaardighede stel die kleuter in staat om klein voorwerpe te manipuleer asook om skryfgereedskap te hanteer (Jonker, 1988:98).

Deur voortdurende eksplorering verskuif die kleuter nie net die grense van sy leef- en betekeniswêreld nie, maar verkry ook 'n beter greep op die dinge in die wêreld. Om hierdie vaardighede te bemeester word 'n bepaalde spierbeheer van die kleuter vereis. Hierdie spierbeheer word vervolgens bespreek:

- **Sefalokoudale ontwikkeling**

Sefalokoudale ontwikkeling verwys na die kleuter se ontwikkeling wat vanaf die kop tot by sy voete plaasvind. Dit impliseer dat die kleuter eers oor sy oë, dan die kop, nek, arms, bodeel van die liggaam, laer gedeeltes van die liggaam en laastens oor die bene en voete beheer verkry. Spierontwikkeling en

spierbeheer hang ten nouste saam met die ontwikkeling van die motoriese gebiede in die brein (Du Toit en Kruger, 1991:73).

- **Proximale ontwikkeling**

Bogenoemde verwys na die ontwikkeling wat van die romp uitwaarts plaasvind, met ander woorde, vanaf die liggaam se sentrale as na die perifere. Dit beteken dat die kleuter eers beheer verkry oor sy romp en skouers voordat hy sy arm-, hand- en vingerbewegings kan beheer. Motoriese ontwikkeling maak dit vir die kleuter moontlik om geleidelik beheer oor sy spiere te verkry (Du Toit en Kruger, 1991:74).

- **Differensiasie**

Differensiasie verwys na die kleuter se neiging tot meer spesifieke aksies. Dit word vooraf gegaan deur neurologiese ontwikkeling wat afhanklik is van die ingryping, steun en begeleiding van volwassenes in die lewe van die kleuter (Du Toit en Kruger, 1991:74).

- **Handdominansie**

Volgens Du Toit en Kruger (1991:74) verwys handdominansie na die voorkeur wat 'n kind aan sy linker- of regterhand gee. Bogenoemde skrywers meen dat die meeste mense regsdominant is en hul daarom in 'n wêreld bevind wat vir regshandige persone ingerig is. Hierdie regshandige wêreld skep probleme vir die linkshandige kleuter, wat met nodige steun en begeleiding oorkom kan word.

Volgens Neethling en Slabber (1999:50) kan die volgende ten opsigte van die fisiese ontwikkeling van die kleuter onderskei word:

2-jarige: Die kleuter kan 'n deurknop oopdraai, ontwikkel 'n sin vir ritme en hou van dans. Hy spring op albei voete en stoot voorwerpe rond, begin op klouterapparaat speel, verf met 'n groot verfkwas en krabbel met dik kryte. Die kleuter begin om toenemend gekontroleerd deur 'n boek te blaai.

3-jarige: Die kleuter kry dit reg om vir 'n paar sekondes op een been te staan. Hy kan sy arms en bene kruis terwyl hy sit, begin trappe met afwisselende voete klim, galop, huppel, loop op sy tone en loop ritmies op die maat van musiek. Hy begin ryg, knip en eenvoudige vorms soos 'n sirkel en kruis nateken, kan sy hande en gesig was, en geniet dit om met kryte en kwaste te krabbel.

4-jarige: Die kleuter kan al vinnig hardloop, driewiel ry, op een been spring, teen trappe op en af hardloop, 'n bal vanaf skouerhoogte gooi. Die kleuter is gewoonlik baie aktief, teken 'n herkenbare mannetjie, verf vrylik, geniet kleispiel, bou graag met groot blokke en eksperimenteer met gereedskap soos 'n hamer en saag.

5-jarige: Die kleuter kan 'n bal goed skop en vang, kry dit reg om sy tone met sy vingers te raak terwyl hy reguit bene sit, kan homself aantrek en vorms nateken.

6-jarige: Die kleuter kan met beide voete oor 'n tou van ses sentimeter hoog spring, op 'n bus klim sonder hulp en trappe op hardloop (Botha, *et al.* 1992:255).

### **2.3.3 Die moeder se bydrae tot die fisiek-motoriese ontwikkeling van die kleuter**

Die kleuter is in 'n voortdurende proses van verandering op sy pad na volwassenheid. Hiermee saam word die hulp en steun van die moeder beklemtoon in die verhoging van die liggaamlike rypwording. Die fisiekwording en ontwikkeling hou bepaalde implikasies in wat deur die moeder in gedagte gehou moet word, en word vervolgens bespreek (Du Toit en Kruger, 1991:76):

'n Belangrike aspek van fisieke ontwikkeling by die kleuter is sy nood aan sekuriteit en geborgenheid. Die moeder moet poog om 'n veilige atmosfeer te skep waarin die kleuter geborge sal voel om te waag, te eksperimenteer en te eksplorieer. 'n Kleuter se nuuskierigheid bring hom by 'n fase van verkenning. Hierdie fase verg baie tyd, energie en geduld van die moeder. Dit is die taak van die moeder om die kleuter te begelei tot meer selfstandigheid en onafhanklikheid sonder om hom ooit aan gevare bloot te stel. Volgens De Witt (1993:206) kan alle gevaarlike situasies nie altyd vermy word nie. Dus moet die kleuter eerder ondersteun word om die vaardigheid soos byvoorbeeld om trappe te klim, te bemeester. Die moeder moet bewus wees van die kleuter se beperkte oordeelsvemoë, en dat hy in sy poging tot selfverwesenliking, sy vermoëns kan oorskat. Die ondersteunende rol wat die moeder moet inneem in die fisieke ontwikkeling van die kleuter, word beklemtoon. Die moeder moet ook toesien dat aan die emosionele behoeftes van die kleuter voldoen word, aangesien deprivasie nie net op emosionele gebied nie, maar ook op fisieke, kognitiewe en sosiale gebied 'n negatiewe uitwerking het.

Spiervermoeidheid vind gouer by kleuters plaas as by ouer kinders en moeders moet derhalwe geleenthede skep waar rustige en aktiewe spel mekaar met gereelde tussenposes afwissel.

Aangesien die basale metabolisme van die kleuter baie hoog is en hy baie energie verbrand, moet die moeder toesien dat 'n gesonde gebalanseerde dieët gevolg word met genoegsame vloeistofinname. Versnaperings kan met afwisseling tussen etes aangebied word (Du Toit en Kruger, 1991:78).

Die omgewing waarin die kleuter hom bevind, speel 'n groot rol in sy motoriese ontwikkeling. Moeders moet aan kleuters genoegsame speelgeleenthede en materiaal voorsien ten einde motoriese vaardighede te bevorder. Kleuters behoort daagliks die geleentheid te kry om byvoorbeeld 'n bal te skop, te klim en klouter en om ander apparaat in hul milieu te verken. Kleuters wat nie geleentheid kry om hul motoriese vaardighede by hul ouerhuis in te oefen nie, kan op latere ontwikkelingsstadiums, ontwikkelingsstoornisse openbaar. Volgens Du Toit en Kruger (1991:78) is fisiese aktiwiteit, beide groot- en fynspierbewegings noodsaaklik vir die inskerping van neurobane.

Volgens Odendaal (1993:40) moet 'n kleuterversorger kennis dra dat die ontwikkeling van motoriese vaardighede baie meer behels as net die kontrole en uitbreiding van die spierstelsel. Die motoriese ontwikkeling word beskou as 'n konstituent van die totale psigiese lewe van die kleuter.

Beweging en die ontwikkeling van motoriese vaardighede is 'n belangrike komponent van die preprimêre program. Die doel hiervan is om algehele selfverwerkliking (die totale persoonlikheid) van die kleuter te bevorder, om genoeg moed en ondervinding aan te leer om die wêreld daarbuite aan te durf.

## **2.4 KOGNITIEWE ONTWIKKELING**

Die woord kognitief is van die Latynse "cognosre" afgelei wat beteken "om te weet". Dit is die kleuter se aard om van meet af aan meer van sy wêreld te wil weet. Deur betrokke te raak by mense en gebeure in sy onmiddellike omgewing en te leer deur betekenisgewing, kry die kleuter dit reg om homself ten opsigte van sy wêreld te oriënteer. Soos die kleuter na die volgende ontwikkelingsstadium beweeg, verskuif sy horisonne na dit wat hy nog nie ken nie en waarin oriëntasie benodig word (Du Toit en Kruger, 1991:33).

Die kind se eerste lewensjare is belangrik vir sy kognitiewe ontwikkeling. Gordon en Browne (1989:355) meen: "The amount of learning that takes place in early childhood is staggering". Ouers het 'n verantwoordelikheid om kleuters by te staan ten einde hul kognitiewe potensiaal te ontwikkel

deur hul reeds op 'n vroeë ouderdom aan 'n stimulerende omgewing bloot te stel (Wrigley, 1989 : 73). 'n Kleuter se gesinsmilieu het 'n direkte invloed op sy kognitiewe ontwikkeling. Hierdie stelling word deur Potter ondersteun wanneer hy meld: "The home environment obviously has an impact on children's development. It is where the first communication occurs and often where the first story is shared" (Potter, 1986:629).

#### **2.4.1 Piaget se Kognitief-strukturele teorie**

Jean Piaget was 'n bekende Switserse sielkundige en opvoedkundige wat 'n belangrike bydrae gelewer het betreffende die kognitiewe ontwikkeling van die klein kind. Volgens die navorser ontwikkel die kind se intelligensie deur opeenvolgende stadia. Die wordingsgang van die kind word opgedeel in bepaalde ouderdomsgroepe waar daar aan elke stadia van kognitiewe ontwikkeling sekere kenmerke toegeken is. Stadiums volg op mekaar en elke stadium is afhanklik van ontwikkeling in die voorafgaande stadium (Du Toit en Kruger, 1991:80). Kognitiewe ontwikkeling word voltrek deur 'n komplekse interaksie tussen genetiese, psigiese en omgewingsfaktore. Piaget voer aan dat die kognitiewe ontwikkeling nie slegs afhang van die ryping van liggaamlike strukture nie, maar ook beïnvloed word deur oefening en ondervinding. Hy beklemtoon die rol van opvoeding en die noodsaaklikheid van steun en begeleiding deur volwassenes in die kognitiewe ontwikkeling van die kleuter (Vergelyk Botha, *et al.* 1992 : 75 en Du Toit en Kruger, 1991:80). Roos en Vlok (1986:25) is van mening dat die grootste deel van breinontwikkeling tot en met vyfjarige ouderdom plaasvind. Hoe meer inligting die neurone ontvang hoe meer word die brein geaktiveer; derhalwe word stimulering ten opsigte van die kleuter onderstreep, sodat sy brein optimaal kan ontwikkel.

Die beskrywing van die volgende begrippe is van belang omdat dit in 'n bepaalde verband in die teorie benut word (Rathus, 1988:67-71).

- **Skemas**

Die konsepte wat kleuters van hul wêreld vorm word skemas genoem. Kleuters poog om nuwe idees en gebeure deur assimilasië by bestaande skemas te inkorporeer. As 'n nuwe idee nie by bestaande skemas inpas nie, akkomodeer die kleuter die nuwe idees deur sy bestaande skemas aan te pas (Du Toit en Kruger, 1991:80).

- **Intelligensie**

Dit verwys na die vermoë om die reeds bekende te gebruik asook die vermoë om by die omgewing aan te pas.

- **Kognitiewe strukture**

Die ontwikkeling van hierdie strukture is 'n langsame, geleidelike en voorspelbare proses wat begin by persepsie, respons op 'n refleks, en wat uiteindelik uitloop op logiese denke.

- **Assimilasie en akkomodasie**

Die kind kan slegs met die wêreld kontak maak met verwysing na sy bestaande skemas, en wel op bogenoemde twee wyses. Assimilasie verwys na die begryping van nuwe ervarings aan die hand van reeds bestaande skemas. Akkomodasie verwys na die verandering of wysiging van aksies om by nuwe of soortgelyke stimuli aan te pas (Rathus, 1988:67 - 71).

- **Ekwilibrum**

Verwys na die kind se pogings om tot kennis te kom en oplossings vir probleme te vind (Du Toit en Kruger, 1991:80).

Dit is belangrik om die uniekheid van elke kind in ag te neem en kennis te neem van die feit dat kinders nie almal ewe vinnig of stadig deur die verskillende stadia beweeg nie. Alhoewel die spoed van kinders verskil, bly die volgorde van die verskillende stadia vir alle kinders ongeveer dieselfde. Piaget se navorsing dien as bruikbare grondslag vir die benutting vir die bestudering van die kognitiewe ontwikkeling van die kind. Piaget onderskei vier fases naamlik:

- Sensories-motoriese fase (plus minus 2 jaar)
- Pre-operasionele fase (plus minus 2-7 jaar)
- Konkreet-operasionele fase (plus minus 7-11 jaar)
- Formeel-operasionele (plus minus 11 jaar en ouer).

(Vergelyk Louw, 1993:540, Vrey, 1984:74 en Clark Stewart, Friedman en Koch, 1988:308.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die tweede fase, naamlik die pre-operasionele fase bespreek word, aangesien die kleuterjare binne hierdie gestelde fase val.



- **Stadium van pre-konseptuele denke ( $\pm 2 - 4$  jaar)**

'n Kleuter begin vanaf tweejarige ouderdom sy kognitiewe vermoëns gebruik om kennis te verwerf en oplossings te verkry. Met die opvoedingshulp van sy ouers verbeter die taalvermoëns, en kry hy dit reg om homself beter te distansieër, eenvoudige besluite te neem en oordele te vel.

Tussen twee- en vierjarige ouderdom is die kindervraag kenmerkend. Dit is 'n vraag na beter begrip, asook 'n denkvraag wat verwys na die kleuter se soeke na samehang en betekenis. Dit dui op die kleuter wat self wil weet en wil dink.

In hierdie fase sluit die kleuter se denkproses die gebruik van taal en gebeure in. Sy kognitiewe ontwikkeling is van so 'n aard dat hy nog nie verstaan wat konsepte beteken nie, byvoorbeeld dat vrugte saam gegroepeer kan word, maar dat dit in ander opsigte tog verskillend is (bv. kleur, vorm en smaak). 'n Kleuter se verbeterde taalvermoëns maak dit vir hom moontlik om sy gedagtes te verbaliseer, gebeurtenisse te bevraagteken, te sosialiseer en sy wêreld te verken (Du Toit en Kruger, 1991:82 - 83).

Hierdie fase word beskou as 'n tydperk van konsolidering waar horisontale uitbreiding plaasvind. Piaget verwys na die fase as die fase van 'decalage' (Du Toit en Kruger, 1991:83).

- **Stadium van intuïtiewe denke ( $\pm 4 - 7$  jaar)**

Intuïtiewe denke verwys na die kleuter se denke wat nie op logika gebaseer is nie, maar juis na gevolgtrekkings wat gemaak word op grond van wat die kleuter waarneem (Botha, *et al.*1992:256). 'n Kleuter wat elke middag slaap kan glo dat dit nie middag was as hy nie geslaap het nie. Die kleuter baseer dus sy denke op intuïsie. Volgens Piaget verstaan 'n kleuter nog nie konservasie nie, met ander woorde, dat sekere eienskappe (lengte, hoeveelheid, massa) onveranderd bly ten spyte van die veranderinge wat dit ondergaan. So kan hy byvoorbeeld nie verstaan dat die hoeveelheid water konstant gebly het as dit van 'n kort, wyer houer na 'n langer en smaller houer oorgegooi word nie (Lefrancois, 1993:239).

'n Verdere kenmerk van die pre-operasionele fase is die ontwikkeling van die vermoë tot voorstelling. Du Toit en Kruger (1991:83) meen dat hierdie simboliese denke, taal en spel, die kleuter in staat stel om tot nuwe kennis te kom, maar ook om sy omgewing so te omvorm dat dit aan sy behoeftes voldoen. Sy simboliese vermoëns kan verdeel word in:

- Nie-verbale simbolisme: 'n Voorwerp word op 'n nuwe en ander wyse gebruik as waarvoor dit bedoel is, byvoorbeeld: 'n besemstok wat as perd gebruik word.
- Verbale simbolisme: Sy taalgebruik weerspieël nou sy simboliese denke en stem ooreen met sy nie-verbale simbolisme.

Egosentrisme is 'n belangrike kenmerk van die pre-operasionele fase. Dit impliseer dat 'n kleuter homself nie verstandelik in die posisie van 'n ander persoon kan indink nie, en dat hy die wêreld vanuit sy eie perspektief sien. (Vergelyk, Lefrancois, 1993:239 en Botha, *et al.* 1992:259.) Piaget meen dat die kleuter se taalgebruik egosentriek kan wees wanneer hy met homself praat, oor homself, sonder om sy doelwitte te kommunikeer (private spraak). In sommige gevalle sal die kleuter met 'n maatjie speel sonder om werklik met die maatjie te kommunikeer (kollektiewe monoloog). Kleuters se taal word ook gekenmerk deur herhaling en nabootsing (Du Toit en Kruger, 1991:84).

Volgens Neethling en Slabber (1999:50) kan die kleuter se kognitiewe ontwikkeling as volg ingedeel word:

2-jarige: Gretig om te leer.

3-jarige: Tel tot by tien, verwys na verlede, 'n goeie geheue, ken eie geslag en begin met fantasie speel.

4-jarige: Luister aandagtig na storie, kan langer konsentreer en speel graag fantasiespeletjies.

5-jarige: Vra aanhoudend vrae en geniet stories oor helde.

6-jarige: Begin leer en skryf en geniet stories.

Volgens Ames en Ames (1981:105) kan 'n moeder 'n belangrike bydrae lewer tot 'n kleuter se ontwikkeling: "The best and most important thing you can do for a child as far as his intellectual development is concerned, is something that many parents have done quite normally and with great pleasure ever since books were invented. Read to him."

#### **2.4.2 Inligtingverwerking**

Die effektiwiteit waarmee 'n kleuter inligting sal kan verwerk word deur verskillende faktore bepaal, soos byvoorbeeld sy oorgeërfde potensiaal, die kennis wat hy deur sy omgewing verkry het, en die invloed wat sy toenemende ouderdom op sy inligtingsverwerkingskapasiteit het. Die inligtingverwerkingskapasiteit kan na die strukturele of funksionele kapasiteit verwys. Die verbetering van funksionele kapasiteit sal verduidelik word deur spesifiek na die geheue te verwys.

- Sensoriese geheue

Die registrering van inkomende visuele inligting word net so effektief deur vyfjariges as deur volwassenes uitgevoer. Prosessering van visuele inligting vind stadiger as die van ouer kinders plaas aangesien meer tyd benodig word om geïdentifiseerde materiaal verder te prosesseer sodat 'n besluit daarvoor geneem kan word.

- Korttermyngeheue

Die kapasiteit van 'n kleuter se korttermyngeheue kan vasgestel word deur toetse wat geheuespan bepaal. Geheuespan verwys na die grootste aantal items wat die kleuter foutloos en in die korrekte volgorde kan herhaal na 'n enkele aanbieding (Plug, *et al.* 1992:115). Die geheuespan van tweejariges is ongeveer twee items, die van vierjariges drie items, vyfjariges vier items en sesjariges vyf items. Dit is belangrik wanneer opdragte aan 'n kleuter gegee word dat hy binne sy verstand-ouderdom kan reageer.

- Langtermyngeheue

Die langtermyngeheue van kleuters kan met behulp van geheuetake ondersoek word. Geheuetake word in twee kategorieë verdeel, naamlik: herkennings- en herroepgeheuetake. Herkenningsgeheuetake impliseer dat 'n kleuter moet beoordeel of iets soortgelyk of identies is aan wat hy by 'n vorige geleentheid waargeneem het. Herroepgeheuetake verwys na inligting wat uit die geheue opgeroep word. Hierdie inligting is gewoonlik by 'n vorige geleentheid geberg en nie meer teenwoordig nie (Vergelyk Schoeman, 1999:21 en Botha, *et al.* 1992:275).

### 2.4.3 Kreatiewe denke

Kreatiewe denke verwys na buigsame, divergente, verbeeldingryke en produktiewe denke. Kreatiewe kleuters skep hul eie teorieë, kyk met ander oë na sake en is skeppend van aard. Kleuters se kreatiwiteit word in 'n mate beperk deur sy kognitiewe ontwikkelingsvlak en gebrek aan blootstelling. (Vergelyk Botha, *et al.* 1992:277 en Schoeman, 1999:24.)

Dit is die mening van die navorser dat kleuters in hul kleuterjare deur die moeder aangemoedig moet word om hul kreatiwiteit te verhoog. Kreatiwiteit verhoog 'n kind se selfbeeld en eiewaarde. Moeders kan 'n belangrike bydrae lewer deur byvoorbeeld:

- Kinders se vrae en idees te respekteer.
- Kinders se reg om eie leerpogings te inisieër, te respekteer.
- Kinders bloot te stel aan probleme, teenstrydighede, vaardighede en onsekerhede.
- Aan kinders die geleentheid te bied om iets te skep en dit te gebruik.
- Om dit wat kinders geleer het, oor te dra aan ander.
- Vrae aan kinders te vra wat hulle laat nadink (Botha, et al. 1992:277).

#### **2.4.3 Die moeder se bydrae tot die kognitiewe ontwikkeling van die kleuter**

Die moeder moet aan die kleuter genoegsame geleenthede bied om sy omgewing aktief te verken. Deur 'n stimulerende omgewing te skep, kan die kleuter aangemoedig word om waar te neem, te eksploreer en te verken.

'n Moeder moet in gedagte hou dat 'n kleuter leer deur wat hy sien, hoor, ruik en voel. Dus moet daar voorsiening gemaak word vir 'n verskeidenheid sensoriese ervarings in die leerproses.

Kognitiewe ontwikkeling moet spelenderwys geskied. Nuwe kennis moet bou op bestaande kennis. Moeders moet waak teen formele onderrigssituasies.

Moeders moet in ag neem dat daar vir kleuters ruimte geskep moet word vir fantasie en voorstelling. Fantasiëklere, boublokke en tekenmateriaal moet geredelik beskikbaar wees, asook spelmateriaal wat sensopatiëse genotservaring bied, soos water, vingerverf, deeg, sand en modelleerlei.

Kleuters moet aangemoedig word om te bevraagteken, te redeneer, te beoordeel en te kritiseer.

Moeders kan kleuters bystaan om hul taalvaardighede te verbeter deur na die kind te luister en korrek met hom te kommunikeer.

Kleuters moet gelei word tot selfstandige en onafhanklike optrede; derhalwe moet hy geleenthede kry vir verkenning en eksperimentering.

Roetine en herhaling van aktiwiteite bied aan die kleuter sekuriteit en geborgenheid. Sodoende vind vaslegging in 'n kind se kognitiewe struktuur plaas.

Leerervarings kan verbreed word sonder om die kleuter aan oormatige intellektuele druk bloot te stel (Du Toit en Kruger, 1991:86).

## **2.5 SINTUIGLIKE WAARNEMING**

Die ouerderdom vanaf drie tot sewe jaar word deur verskeie outeurs as 'n besondere fase vir perseptuele ontwikkeling beskryf (Dercksen, Aronstam, Kamstra-Cronjé en Van Wyk, 1989:126). Gedurende hierdie periode is die brein ook besonder ontvanklik vir impulse en die verwerking daarvan.

Afgesien van die feit dat die kleuter nou beter in staat is om inligting te organiseer, het hy reeds die basiese motoriese en die meeste van die basiese taalstrukture bemeester. Terwyl hy dus in die eerste paar jaar eers aandag aan dié vaardighede moet gee, kan die kleuter dit nou ook inspan om hom te help om betekenis aan sy waarnemings te gee.

Die kleuter gee deur sy waarneming betekenis aan sy omgewing (De Witt, 1993:209). Aanvanklik neem die jong kind globaal waar, maar met verloop van tyd neem geheelwaarneming af en word die kind meer analities ingestel. Hierdie kind se waarneming is ook nie objektief en gedistansieërd nie, maar subjektief gekleur deur sy gevoelmatige belewing van dit wat waargeneem word. Daar kan dus van gestaltwaarneming gepraat word.

### **2.5.1 Taswaarneming**

Wanneer gekyk word na kleuterontwikkeling, kan gesien word watter omvangryke rol taswaarneming speel. Die kleuter bring sy ervaring vanuit sy babajare ten opsigte van sy taswaarneming saam en het deur taswaarneming reeds baie oor homself en sy omgewing geleer. Hy begin ook die area van aanraking of pyn lokaliseer. Die waarneming van hitte, koue en pyn speel 'n belangrike rol in die belewing van fisiese veiligheid vir die kind.

Die kind leer meer oor tekstuur en die vorm en grootte van 'n groter verskeidenheid voorwerpe deur die hantering daarvan. Hy sien hoe dit lyk en hoor wat dit genoem word. So assosieer hy wat hy voel, met wat hy sien en hoor oor 'n bepaalde voorwerp, en bou 'n vollediger beeld daarvan op. Omdat die voorskoolse kind voortdurend hierdie inligting in die geheue berg, kan hy later 'n voorwerp beskryf sonder om daarna te kyk.

### 2.5.2 Reuk- en smaakwaarneming

Die kleuter se reuk- en smaakwaarneming word primêr op assosiasies gerig. Die kind leer byvoorbeeld mettertyd dat reuke soos brand en gas gevaar mag inhou. Sensoriese opskerping bring dus die kind in kontak met sy emosie (Dercksen, *et al.* 1989:127).

### 2.5.3 Ouditiewe waarneming

Ouditiewe waarneming en taal is so nou verweef, dat dit moeilik is om die twee van mekaar te onderskei. Hoe ouditief-perseptuele vermoëns presies ontwikkel, is steeds onduidelik. Die vermoede word deur Dercksen, *et al.* (1989:127) gehuldig dat ouditiewe waarneming reeds voor geboorte ontwikkel.

- **Ouditiewe voorgrond-agtergrondonderskeiding**

Dit kan omskryf word as die vermoë om onbelangrike stimuli op die agtergrond te skuif en die aandag tot dit wat op die oomblik as belangrikste behoefte figureer, te vestig. Hierdie vermoëns om voorgrond van agtergrond te onderskei, begin reeds in die babajare ontwikkel.

- **Ouditiewe diskriminasie**

Die vermoë om ooreenkomste en verskille in klanke te hoor, is belangrik vir die aanleer van taalvaardighede. Namate gehoorwaarneming verbeter, kan die voorskoolse kind fyner verskille tussen woorde waarneem. Hy sal byvoorbeeld nie "kar" vir "kat" aanhoor nie, maar in onbekende situasies kan hy steeds foute maak.

#### 2.5.4 Visuele waarneming

- **Visuele voorgrond-agtergrondonderskeiding**

Omdat alle inligting wat gelyktydig na die kind geakaats word nie gelyktydig op 'n gegewe oomblik waargeneem kan word nie, moet die kind leer om sy aandag op 'n spesifieke voorwerp (wat op daardie oomblik die voorgrond is) te bepaal en sodoende die ander voorwerpe op die agtergrond te skuif.

- **Ruimtelike bewustheid**

Binne die voorskoolse jare gaan die kind voort met die ontdekking van ruimtelike verhoudings. Die kind ontdek ook deur spelaktiwiteite dat daar 'n bepaalde ruimtelike opeenvolging van voorwerpe kan wees. Aktiwiteite op twee dimensionele vlak leer die kleuter om die kennis oor posisies en verhoudings op hierdie vlak toe te pas. Omdat sy taalvermoëns soveel gevorderd het, is hy nou toenemend in staat om posisies, verhoudings en rigtings, wat hy hoofsaaklik eers beleef en visueel waargeneem het, verbaal te begryp en te benoem.

Die voorskoolse kind leer ook dat sy twee liggaamsheltes elk 'n naam het. Hoewel hy reeds van sy eerste lewensjaar af die horisontale dimensie geëksploreer het, leer hy nou dat dit "regs" en "links" genoem word. Weereens pas hy die nuwe kennis eers op sy eie liggaam toe en benoem sy eie liggaamsdele in terme van links en regs. Hy projekteer ook hierdie terme na voorwerpe buite homself.

## 2.6 AFFEKTIEWE ONTWIKKELING

Navorsers beweer dat daar 'n verband bestaan tussen die emosionele- en kognitiewe ontwikkeling sowel as die sosiale ervaring van 'n kleuter. Emosie vorm 'n belangrike deel van 'n kleuter se emosionele ontwikkeling en word deur Rathus (1988:423) as volg beskryf: "A state of feeling that has physiological, situational and cognitive components". In Louw en Edwards (1993:487), word emosie omskryf as 'n reaksie op 'n ontlokkende stimulus en dat dit die volgende behels:

- 'n fisiologiese komponent;
- gedrags- of uitdrukkingskomponent; en
- 'n kognitiewe komponent.

Die kleuter is nog sterk emosioneel verbind aan sy omgewing; daarom beleef hy intense emosie soos byvoorbeeld liefde, woede, genot, frustrasie en angs. Soos die kleuter ouer word neem die kognitiewe toenemend oor om sy emosie beter te kontroleer. Sy gemoedslewe is egter nog baie onstabiel (Du Toit en Kruger, 1991:86).

### **2.6.1 Erikson se teorie van emosionele ontwikkeling**

Erikson verdeel die lewensloop van die mens in agt stadia, waarvan elkeen gekenmerk word deur 'n krisis, dit wil sê, 'n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Elke krisis word ontlok deur die wyse van interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing. Die oplossing van die krisis lê in sintese tussen die twee pole waardeur 'n nuwe lewensituasie tot stand kom.

Wanneer 'n krisis in 'n spesifieke stadium suksesvol opgelos word, vergemaklik dit die hantering van die daaropvolgende krisis. Al die krisisse in elke stadium moet vanuit 'n ander perspektief opgelos word (Louw, 1992:62). Vir die doel van hierdie studie word die tweede fase (outonomie teenoor skaamte en twyfel) sowel as die derde fase (inisiatief teenoor skuld) bespreek:

- Outonomie teenoor skaamte en twyfel (sintese : wilskrag). Gedurende die tweede lewensjaar is die taak van die kleuter om 'n gevoel van outonomie te verkry en terselfdertyd sy gevoel van skaamte en twyfel te bekamp. Die kleuter se liggaamlike rypwordingsproses stel hom in staat om meer outonomie te verkry en sy eie wil te volg, byvoorbeeld, beheer oor sy uitskeidingsfunksie. 'n Groter mate van outonomie bring die kleuter in aanraking met reëls en standaarde vir gedrag, wat die moontlikheid vir mislukking, gevolglike skaamte en twyfel oor eie vermoëns verhoog.
- Inisiatief teenoor skuld (sintese : doelgerigtheid). Tussen die ouderdom van drie- en ses jaar moet die kleuter leer om inisiatief te toon en terselfdertyd 'n gevoel van skuld te bekamp. Die kleuter se groter bewegingsvryheid en outonomie stel hom in staat om selfstandiger as in die vorige stadium op te tree en verskeie situasies te manipuleer. Die geslagsrol word aangeleer deur identifisering met ouers van dieselfde geslag.

Die verskil tussen seuns en dogters betreffende sosiale modaliteite tree na vore. Die kleuter beweeg met tye teen die reëls van die samelewing en op die terrein van ander mense. Hier moet die kleuter



dikwels skuldgevoelens hanteer. Hierdie stadium is belangrik vir die ontwikkeling van die superego (Louw, 1992:63).

Die emosies wat algemeen by die kleuter voorkom, sal vervolgens bespreek word:

- **Vrees**

Vrees kom in verskillende vorme en intensiteite by kleuters voor en elke kleuter ontwikkel 'n unieke wyse om vrees te hanteer, ten einde homself te beskerm (Louw en Edwards 1993:545). Hendrick (1986:161) meen dat 'n kleuter soms aanvaar wat nie kan verander nie; gevolglik sal hy konformeer, onttrek of regresseer. Vrees is volgens die navorser 'n instinkiewe reaksie by die kleuter om homself te beskerm teen fisiese of emosionele pyn. Nagmerries, vrese, hikkel, grootpraterij en luidrugtigheid dien as aanduidings van onderdrukte vrees.

Die vrees wat 'n kleuter beleef of ervaar moet sensitief hanteer word deur die ouer. Die kleuter moet bygestaan word om die vrees te oorkom, deur byvoorbeeld sistematiese desensitisasie (geleidelike blootstelling) (Louw, *et al.* 1993:545). 'n Vreesobjek of -situasie kan geneutraliseer word deur dit wat die kleuter vrees in verband te bring met iets aangenaams of positief. Situasies wat vrees ontlok, moet vermy word en vaardighede moet aangeleer word om vrese beter te hanteer. Deur 'n vreesituasie aan 'n kleuter te verduidelik, verkry hy beter beheer oor sy vrees (Du Toit en Kruger, 1991:89-90). Wanneer 'n ouer begrip toon vir 'n kleuter se vrese, sal 'n kleuter vrymoedigheid toon om vrese aan ouers te openbaar.

- **Angs**

Volgens Naude (1987:13) moet onderskei word tussen angs en vrees : "Vrees is 'n gevoel wat in 'n oomblik opvlam en dan verdwyn tot iets gebeur om dit weer te laat uitkom. Angstigheid of angs is 'n gevoel van beklemming wat ontstaan en bly, omdat 'n kleuter onseker, onveilig en bedreig voel".

**Soorte angs:**

**Chroniese angs**

Chroniese angs word veroorsaak wanneer die kleuter vrees ervaar oor 'n lang periode. 'n Langdurige spanningsreaksie en uitputting, waarvan die oorsaak aan die kleuter onbekend is, word

veroorzaak. Schoeman (1999:54) beskryf angs as 'n emosie van disorganisasie en hulpeloosheid wat gekenmerk word deur akute spanning en benoudheid met gepaardgaande fisiologiese reaksies. Angstigheid kom gereeld voor tussen die ouderdom van 2-5 jaar en dit blyk dat dit meer algemeen voorkom by seuns as by dogters.

Die manifestasie van 'n kleuter se angs word in drie fases verdeel:

-Protesfase (huil, soeke na ouers)

-Wanhoopfase (huil minder, onttrek, apaties, aktiwiteitsvlak verlaag, moedeloos)

-Losmakingsfase (verwerp ouer, hernieuwe belangstelling in omgewing).

### **Akute angsaanvalle**

Akute angsaanvalle word gekenmerk deur ernstige episode van spanning wat voorkom by 'n kleuter met chroniese angs.

### **Paniekreaksie**

Paniekreaksie is 'n ernstige vorm van angs en mag 'n paar uur duur (Schoeman, 1999:58).

### **Skeidingsang**

Volgens Naude (1987:13) beleef 'n kleuter oormatige angs en vrees dat diegene aan wie hy geheg is, hom gaan verlaat. Reaksies van kleuters verskil. Ouers moet hul kleuter onvoorwaardelik aanvaar; hierdeur sal die kleuter sekuriteit beleef wat hom sal help om die angs makliker te oorkom (Read en Patterson, 1980:200).

- **Toon woede en koppigheid**

Dit is gevoelsuitinge wat reeds van jongs af by die kleuter teenwoordig is, en word veroorsaak deur die dwarsboming van sy wil, beperking van sy fisiese bewegings, onderbreking van sy spel, onvermoë of onbekwaamheid om 'n taak te verrig. Kleuters is toenemend besig om hul eie wil te ontwikkel, wat hulle dikwels in opstand bring teen gesag. Woede-uitbarstings van 'n kleuter tussen twee- en vierjaar word gekenmerk deur heftige reaksies soos om te byt, te skop, te krap, op en af te spring en selfs op die vloer neer te slaan. Namate die kleuter ouer word neem die woedeuitbarstings af en begin hy toenemend uiting aan sy gevoelens te gee deur byvoorbeeld lelik te praat of te koggel.

- **Jaloesie**

Jaloesie kan op 'n direkte of indirekte wyse manifesteer. Direkte manifestasie van jaloesie is aggressiewe aksies soos byt, skop, klap, stamp, en so meer. Dit kan gesien word as 'n bewustelike poging van die kleuter om die aandag op homself te vestig. Indirekte manifestasie van jaloesie sluit onder andere enuresis, duimsoig, algemene stoutigheid en vernielsugtigheid in. Dit is moeilik om die oorsaak vir die bepaalde gedrag te bepaal.

- **Vreugde, blydschap en opgewektheid**

Bogenoemde is positiewe en aangename emosie wat in wisselende intensiteit ervaar word. Vreugde ontstaan gewoonlik deur 'n kleuter se sosiale interaksie met ander en veral sy maats. 'n Belangrike kenmerk van 'n gelukkige kleuter is sy ontspanne toestand van sy liggaam en die tevrede uitdrukking op sy gesig. Die volgende faktore kan tot die geluk van 'n kleuter bydra aldus Hurlock in Du Toit en Kruger (1991:92):

- Goeie gesondheid
- Stimulerende omgewing
- Konsekwente dissipline
- Aangename situasies en sosiale verhoudinge
- Die trots wat hy beleef wanneer pogings slaag
- Vreugdevolle atmosfeer
- Prestasies wat vir hom en maats belangrik is
- Aanvaarding deur sy portuurgroep.

- **Liefde**

Die kleuter se liefdevolle uitinge word uitgeken aan vasdruk, streel, soen en 'n algemene toestand van tevredenheid en ontspannenheid. In hierdie stadium is die kleuter in staat om sy gevoelens te verbaliseer. Affeksie vir ouers, ander mense en speelgoed is bekend. Namate die kleuter groter word, verminder kontakuiting aangesien dit hom in 'n verleentheid bring.

Dit is natuurlik vir 'n gesonde kleuter om uitbundig en gelukkig te wees. Hy sal dikwels lag, skree, rol, spring en hande klap. Sukses maak 'n kleuter gelukkig en opgeruimd. 'n Oorwig van aangename

emosie is belangrik vir gesondwording. Hierdie gevoelens verhoog die kleuter se belewing van veiligheid en geborgenheid (Vrey, 1984:76 - 78).

Die kleuter se belewing van emosie in die verskillende ouderdomme word volgens Neethling en Slabber (1999:51) soos volg beskryf:

2-jarige: Meer komplekse emosie. Jaloesie- en woede-uitbarstings kom voor, onwillig om te luister na rede, is baie egosentriek en hardkoppig. Tweejariges huil maklik wanneer hulle moeg en honger is.

3-jarige: Begin tekens van selfbeheersing toon. Hulle is vriendeliker en gee makliker hul samewerking. Uiting aan emosie word op 'n meer aanvaarbare wyse weergegee. Begin onafhanklik funksioneer van moeder, is trots op eie werk en is ingestel op die emosie van die ouers.

4-jarige: Meer selfversorgend en sal dit waag om beskermende omgewing te verlaat, verstaan en respekteer beperkings. Die kleuter bemeester probleemhantering op 'n redelike wyse indien hy regverdig behandel word.

5-jarige: Emosioneel meer stabiel en beheers, het selfvertroue en spog met suksesse. Kan na homself begin omsien en in 'n beperkte mate besluite neem.

6-jarige: Sukkel om frustrasie en mislukking te verwerk, is buierig, selfgesentreerd en soms rebels. Kan ook liefdevol, vriendelik, entoesiasties en inskiklik wees.

### **2.6.2 Die moeder se bydrae tot die affektiewe ontwikkeling van die kleuter**

Konsekvente dissipline is noodsaaklik, hoewel moeders moet waak om nie die kleuter se verkenningstog te dwarsboom nie. Die kleuter moet leer om van jongs af reëls te gehoorsaam en hom aan gesag te onderwerp.

Moeders moet poog om stres en angsvolle situasies by die kleuter te beperk en hom leer om angst te hanteer.

Dit is belangrik dat moeders van vroeg af die gevoelens van aanvaarding, liefde en geborgenheid by hul kleuters vestig. Hierdeur kan jaloesie teëgewerk word en leer kleuters van vroeg af om mededeelsaam en onselfsugtig te wees.

Moeders moet poog om 'n ontspanne en gelukkige opvoedingsituasie te skep. Wanneer 'n kleuter vreugde, gelukkigheid en blydschap ervaar, dra dit by tot 'n ontspanne moeder-en-kind verhouding.

Moeders moet hul kleuters onvoorwaardelik liefhê, aanvaar en waak teen ongekwalfiseerde lofprijsing.

## 2.7 SOSIALE ONTWIKKELING

Volgens Plug, *et al.* (1988 : 339) word sosiale ontwikkeling omskryf as die kind se behoefte aan menslike kontak en ontwikkeling van sy sosiale vaardighede. Dit sluit die ontwikkeling van spel en spraak in. Sosialisering word as 'n deel van sosiale ontwikkeling beskou.

Tydens die kleuterjare is die doelwitte ten opsigte van sosialisering as volg:

- Beheer en hantering van biologiese behoeftes soos : toiletgewoontes.
- Ontwikkeling van taalvermoë.
- Ontwikkeling van gewete.
- Ontwikkeling van begrip van sosiale wêreld.
- Ontwikkeling van outonomie en inisiatief.
- Aanleer van toepaslike gedrag (Louw, 1990 : 299).

Verhoudinge met ander persone, maar veral familie speel 'n belangrike rol in die kleuter se selfbeeld. Die gesin, met ander woorde sy broers en susters, is die eerste persone met wie die kleuter assosieer. Deur waar te neem en te ervaar op welke wyse teenoor hom opgetree word, bemeester die kleuter vaardighede om in verskeie situasies teenoor andere op te tree.

Volgens Erickson (in Burns 1986:161) speel 'n moeder se liefdevolle versorging 'n belangrike rol ten einde 'n basis van sekuriteit en vertroue by die kleuter te ontwikkel, veral in die eerste lewensjaar. Tussen twee en vyf jaar word 'n bevredigende verhouding gevestig tussen vertroue, afhanklikheid en onafhanklikheid.

Soos bo vermeld, dra spel by tot die sosiale ontwikkeling van die kleuter. Kleuters bestee die grootste deel van hul dag aan die een of ander vorm van spel. Spel is 'n aktiwiteit wat weinig verpligtinge of dissipline inhou, en is eie aan elke kleuter (Louw en Edwards, 1993:547). Volgens West (1986:56) is daar voortdurende spanning tussen die ouer en die kleuter teenwoordig wanneer daar besluit moet word of 'n aktiwiteit veilig of onveilig is.

### **2.7.1 Kinderspel**

Die volgende tipes spel word onderskei:

#### **Onbetrokke spel**

Die kleuter sal iets dophou wat vir hom interessant voorkom sonder om konstruktief besig te wees. Wanneer niks interessant gebeur nie, speel hy met sy liggaam deur byvoorbeeld op en af op stoele te klouter.

#### **Alleen spel**

Die kleuter sal alleen met speelgoed speel en geen poging aanwend om met maats te speel nie. Hy gaan dus op sy eie aan ongeag van wat andere doen.

#### **Toeskouer spel**

Die kleuter sal kyk hoe ander maats speel. Hy sal soms vrae vra en voorstelle maak aan kinders wie se bedrywighede hy dophou, maar sal self nie deelneem nie.

#### **Paralelle spel**

Kleuters speel onafhanklik langs maats, maar nie met hulle nie. Geen interaksie vind plaas nie.

#### **Assosiatiewe spel**

Kleuters speel en gesels met andere.

#### **Koöperatiewe spel**

Die kleuter sal deelneem aan 'n georganiseerde groep ten einde 'n doelwit te bereik, deur byvoorbeeld vroteier te speel. (Vergelyk Louw en Edwards, 1993 : 548, Papalia en Olds, 1986 : 234 en Schoeman, 1999 : 26 – 27.) Kleuters aanvaar mede-verantwoordelikheid vir die groepsituasie.

Spel het 'n invloed op 'n kleuter se ontwikkeling en sal vervolgens bespreek word:

- Liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling: Spel bied die geleentheid aan kleuters om hul omgewing te ontdek en probleemoplossend te wees.
- Sosiale ontwikkeling: Kleuters leer sosiaal-aanvaarbare gedrag aan wanneer hulle saam met ander kinders speel. Dit bring mee dat hulle in hul gedrag minder egosentries funksioneer.
- Emosionele ontwikkeling: Spel bevorder 'n kleuter se emosionele welsyn en ontwikkeling aangesien dit genot verskaf en 'n gevoel van bemeestering bevorder. Fantasiespel bied aan die kleuter die geleentheid om gevoelens uit te speel wat nie maklik verbaliseer kan word nie. Spel is 'n kragtige medium wat deur spelterapeute benut word.
- Ontwikkeling van selfkonsep: Die kleuter kry die geleentheid om homself te ontdek deur spel. Terugvoer van hul omgewing en gesin dra by tot die ontwikkeling van sy selfbeeld. (Vergelyk Louw en Edwards, 1993:548 en Du Toit en Kruger, 1991:97 – 98.)

### **2.7.2 Die moeder se bydrae tot die kleuter se sosiale ontwikkeling**

Dit is vir die moeder nodig om leiding en steun aan die kleuter te verskaf tydens die vorming van relasies, aangesien die basisvorming reeds in die voorskoolse jare plaasvind.

'n Kleuter het 'n behoefte aan spel en vind dit aangenaam om met maats te sosialiseer. Moeders moet kleuters aanmoedig om 'n geborge huislike atmosfeer te verlaat en om in sosiale kontak met ander te tree. Daar moet teen die oorbeskerming van die kleuter gewaak word.

Aangesien 'n kleuter egosentries funksioneer, lei dit soms tot konflik met maats. Moeders het die taak om soms in te gryp en die kleuter te leer om sy woede op 'n rasonale wyse te hanteer. Moeders moet kleuters aanmoedig om met maats van sy portuurgroep te meng en deel van sosiale kontakte te wees.

Geleentheid moet aan 'n kleuter gebied word om deur fantasie aan die werklikheid te ontkom. Deur beskikbaarstelling van fantasieklere kan die geleentheid vir die kleuter geskep word om homself in 'n fantasiewêreld te begeef.

Die moeder kan die kleuter se fantasie-ontploffing stimuleer deur byvoorbeeld prenteboeke, liedjies, gediggies en voorlees van stories. Moeders behoort kleuters se televisie-blootstelling te kontroleer aangesien heelwat speelyd verlore gaan.

Moeders moet waak om nie die kleuter se spel onnodig te onderbreek of te veel te struktureer nie. Dit kan tot ontevredenheid en woede-uitbarstings lei (Du Toit en Kruger, 1991 : 19).

Volgens Neethling en Slabber (1999:51) is die volgende kenmerke van 'n kleuter se taalontwikkeling:

2-jarige: Kan bekende voorwerpe benoem en beskryf, geniet dit om deur boeke te blaai en oor prente te kommunikeer. Ken rympies en liedjies en kan redelik kommunikeer.

3-jarige: Kan homself goed uitdruk, beskik oor redelike woordeskat en kan met gemak kommunikeer.

4-jarige: Luister graag na stories en maak eie stories op, maar ook eie woorde en fantaseer graag.

5-jarige: Vra graag vrae en beskik oor 'n uitgebreide woordeskat.

6-jarige: Gesels met vrymoedigheid, toon die nodige selfvertroue, en is gereed om te lees en te skryf.

## **2.8      PERSONLIKHEIDSONTWIKKELING**

### **2.8.1    Ontwikkeling van die selfkonsep**

'n Kleuter se selfkonsep verwys na die siening of beeld wat hy oor homself het. Dit gaan egter oor voortdurende subjektiewe evaluering wat die kleuter se funksionering positief of negatief beïnvloed. Die kleuterjare word beskou as 'n besondere tydperk in die ontwikkeling van die selfkonsep. Die kleuter kan voortbou op die basis wat in sy babajare gevestig is. Hy ontwikkel kennis van sy persoonlike eienskappe (ouderdom en geslag) en begin hierdie eienskappe asook homself te evalueer.

Gevolgtik bring dit mee dat die kleuter gevoelens soos trots en skaamte beleef (Botha, *et al.* 1992:297). Daar is verskeie faktore wat die ontwikkelende selfkonsep van die kleuter beïnvloed. Hierdie faktore sal vervolgens bespreek word :



- **Vaardighede**

Die selfkonsep se ontwikkeling hou volgens Botha, *et al.* (1992 : 297) direk verband met die kind se kognitiewe prosesse en motoriese vaardighede. Bemeestering van take bring 'n toename in die kleutervertroue mee en hy sien meer geredelik kans om 'n volgende taak aan te pak. Die kleuter se selfagting word negatief geraak deur mislukking en bring mee dat sy gevoel van onafhanklikheid beperk word.

- **Ouers**

Ouers se positiewe houding sowel as hul interaksie met die kleuter dra by tot die ontwikkeling van die selfkonsep. Die toepassing van konsekwente reëls en dissiplinerings met toepaslike straf en beloning is noodsaaklik vir selfkonsepontwikkeling. Dit is die mening van die navorser dat ouers tussen die verkeerde daad en die kleuter as persoon moet kan onderskei. Sodoende sal die kleuter ervaar dat, hoewel ouers die daad veroordeel, hul hom nog aanvaar en liefhet. Vele ouers ag dit belangrik dat hul kleuters 'n reg op 'n eie mening mag vorm.

'n Moeder kan help om die kleuter se selfkonsep te ontwikkel deur basiese optrede : "provide him with accurate but positively oriented feedback from the most important people in the world - his parents, and see that the experience he has with the rest of the world are geared to provide as much realistic feedback as possible" (Ames en Ames, 1981:93).

Volgens Oaklander (1988:282) kan die moeder die volgende riglyne toepas om die kleuter te help om homself te aanvaar en sy selfkonsep te ontwikkel:

- Die moeder moet na gevoelens luister wat die kleuter deel, dit erken en aanvaar.
- Die kleuter moet met die nodige respek behandel word.
- 'n Moeder moet haar kleuter onvoorwaardelik aanvaar.
- 'n Kleuter moet geprys word vir suksesse wat hy behaal.
- Moeders moet eerlik en opreg met kleuters wees.
- Moeders moet eerder van die "ek"-boodskap gebruik maak en die "jy"-boodskap vermy.
- 'n Moeder moet aan haar kleuter verantwoordelikhede, onafhanklikheid en vryheid om keuses uit te oefen, gee.

- Kleuters moet betrek word by probleemoplossings, hul gevoelens, behoeftes en voorstelle moet gerespekteer word.
- Die uniekheid van elke kind moet waardeer en gerespekteer word desnieteenstaande dat dit van die moeder s'n verskil.
- Moeders moet 'n rolmodel vir hul kinders wees na wie hulle kan opkyk en navolg.
- 'n Moeder moet waak om voorskriftelik te wees.
- Moenie 'n kleuter se negatiewe gevoelens ontken nie; skep geleenthede waar hy dit kan verbaliseer. (Oaklander 1988:282.)

Dit is die mening van die navorser dat ouers as basis dien vir selfaanvaarding. 'n Kleuter wat homself aanvaar, is 'n gelukkige kind in sy wêreld.

- **Sosiale kontak**

Die kleuter se ouderdomsgroep, onderwyser en ander volwassenes speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van sy selfkonsep. Dit blyk dat faktore soos liggaamlike voorkoms, die groep aan wie die kleuter behoort en prestasie, bepalend is vir aanvaarding en hantering deur ander persone.

- **Selfmotivering**

Dit blyk dat selfmotivering ook die ontwikkeling van die kleuter se selfkonsep beïnvloed. Kleuters wat positiewe gedagtes oor hulself huldig, lewer vanselfsprekend 'n bydrae tot die ontwikkeling van hul selfkonsep (Louw en Edwards, 1991 : 546).

## **2.8.2 Bewuswording van geslagsverskille**

Kleuters begin bewus word van hul eie geslag en tree daarvolgens op. Volgens Louw (*et al.* 1993:543) word die einde van 'n kleuter se tweede jaar beskou as 'n kritieke periode vir die ontwikkeling van geslagsrol-identiteit.

Volgens Erikson (in Lefrancois, 1993:277) word drie fases beskryf wat die kind se bewustheid van geslagverskille reflekteer.

Fase 1: Die kleuter identifiseer homself akkuraat as 'n dogter of seun en beseft steeds nie dat 'n persoon permanent aan een geslag behoort nie.

Fase 2: Die fase verwys na geslagstabiliteit waar die kleuter beseft dat geslag permanent en onveranderbaar is.

Fase 3: Die kleuter beseft dat sekere oppervlakkige veranderinge meer relevant of irrelevant is vir 'n sekere geslag (byvoorbeeld, mans dra nie 'n rok nie).

## **2.9       NORMATIEWE EN SEDELIK-RELIGIEUSE ONTWIKKELING**

Daar bestaan 'n noue band tussen die kleuter se normatiewe ontwikkeling en die ontwikkeling van sy sedelikheid en godsdiensdigtheid.

Kleuters word deur opvoeding gelei tot aanvaarbare gedragspatrone en sedelike norme. Hulle is afhanklik van die ondersteuning en hulp van verantwoordelike volwassenes om minder afhanklik en meer selfstandig te wees. 'n Kind se normatiewe ontwikkeling word gerig en bepaal gedurende kleuterjare. 'n Redelike sin vir verantwoordelikheid ontwikkel net voor skooltoetreding. Die kleuter raak meer selfstandig en hofflikheidsgewoontes word aangeleer. Pligsbeseft, waardering en respek vir mens en dier ontwikkel geleidelik. Sinvolle kommunikasie met die kleuter en regverdigse dissipline, dra by tot normatiewe ontwikkeling.

### **2.9.1      Kohlberg se teorie**

Die navorser voer aan dat alle mense bepaalde vlakke in hul normatiewe ontwikkeling deurloop. Daar is drie vlakke, naamlik : pre-konvensionele, die konvensionele en post-konvensionele vlakke (Clark Stewart, Friedman en Koch, 1985:549). Hierdie vlakke word weer vervolgens in ses fases verdeel:

- Tydens die eerste fase dikteer gesagsfigure die kleuter se aksies en gehoorsaam die kleuter reëls om straf te vermy.
- In die tweede fase raak die kleuter bewus van 'n besondere wisselwerking tussen homself en die samelewing en gehoorsaam dan die reëls om beloning te ontvang.

- Die kleuter poog in die derde fase om aan die verwagtinge van ander te voldoen in die hoop om 'n "goeie" kind te wees. Hy poog om aanvaarding te verkry en om verwerping te vermy.
- In die vierde fase bepaal die invloed van die gemeenskap en reëls van die sosiale stelsel waarin hy leef sy normatiewe ontwikkeling.
- Tydens die vyfde fase speel die kleuter se gevoel 'n bepalende rol.
- Ten laaste geskied sy oriëntasie volgens universeel-etiese beginsels.

Volgens Du Toit en Kruger (1991 : 100) val die klem hoofsaaklik op eksterne kontrole, konkrete en direkte gevolge in die eerste twee fases. Gevolglik bevind die kleuter homself in die eerste fase van ontwikkeling.

### **2.9.2 Sedelik-religieuse ontwikkeling van die kleuter**

'n Kleuter beleef godsdienste egosentrië en reageer nie op die Christelike-boodskap nie; hy reageer wel op die liefde wat daaruit straal, aldus Malan (Du Toit en Kruger, 1991:101). Die kleuter word vanaf geboorte tot driejarige ouderdom as pre-moreel en voorgodsdienstig beskryf. Sy totale vertroue is op sy ouers gestel en hy leef deur en in hulle.

Vanaf driejarige ouderdom begin die kleuter aan God dink in menslike terme en skryf menslike eienskappe aan Hom toe. Bybelverhale word in dieselfde lig as sprokies- en feeëverhale gesien. Deur die ouers se voorbeeld kan die kleuter tussen reg en verkeerd onderskei; sy sienswyse berus sterk op dié van sy ouers.

### **2.9.3 Die moeder se bydrae tot die normatiewe en sedelike-religieuse ontwikkeling van die kleuter**

'n Moeder se voorbeeld dra by tot die normatiewe en sedelik-religieuse ontwikkeling van die kleuter. Sy waardestruktuur en godsdienstige kontekste ontwikkel aan die hand van die voorbeeld van sy ouers.

Moeders moet poog om kleuters van jongs af by godsdiensoefening te betrek. Die idee van afhanklikheid en aanbidding begin vorm. Die keuse van Bybelverhale moet versigtig gemaak word aangesien 'n kleuter nie begrippe soos sonde en verderf verstaan nie, maar eers op 'n latere ontwikkeling aan hom verduidelik kan word. Die liefde en genade van God moet voorop gestel word (Du Toit en Kruger, 1991:102).

## **2.10 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE KLEUTER**

Volgens Havinghurst (1972:2) kan ontwikkelingstake beskryf word as : "Those things that constitute healthy and satisfactory growth in our society. They are the things a person must learn if he is to be judged and to judge himself to be a reasonably happy and successful person" (Havinghurst, 1972:2).

Burns (1988:33) gee 'n meer omvattende beskrywing van ontwikkelingstake, naamlik : "What individuals need and society demands constitute the developmental tasks. They are the skills, knowledge, functions and attitudes that individuals have to acquire at certain points in their lives through physical maturation, social expectations and personal effort. Mastery of the tasks at each stage of development results in adjustment and preparation for the harder tasks ahead" (Burns, 1988:33).

Volgens Havinghurst (1972:4) moet 'n ontwikkelingstaak binne 'n bepaalde tyd bereik word. Wanneer 'n taak nie betyds bereik word nie, is die moontlikheid goed dat, opeenvolgende take nie suksesvol bereik kan word nie en totaal misluk. Hierby sluit hy aan, dat 'n bepaalde tyd die geleentheid meebring om sekere ontwikkelingstake te bemeester. Havinghurst (1972:7) meen "When the body is ripe, the society requires, and the self is ready to achieve certain tasks, the teachable moment has come. Efforts at teaching, which would have been largely wasted if they had come earlier, give gratifying results when they come at a teachable moment, when the task should be learned" (Havinghurst, 1972:7). Sekere take soos byvoorbeeld om te leer loop en te praat is afhanklik van kritieke opvoedingsgeleenthede, terwyl ander eers na langer tydperke kan volg (Havinghurst, 1972:41).

Die kleuter se ontwikkeling word deur sy onmiddellike huishouding, sosiale invloede en die kultuur waarvan hy deel is, beïnvloed. Die sukses waarmee die kleutertydperk deurloop is, is bepalend vir die kleuter se vermoë om ontwikkelingstake van later stadia te bemeester. Die gesinstruktuur met spesifieke verwysing na die moeder en omgewing, het 'n bepaalde invloed op die groei en

ontwikkeling van die kleuter. Dit is belangrik om sy ontwikkeling as 'n geïntegreerde eenheid met sy omgewing te beskou.

Die ontwikkelingstake wat die kleuter moet kan bemeester sal vervolgens bespreek word.

- **Leer om geslagsverskille te ken en te eerbiedig**

Die kind word reeds vroeg bewus van geslagsverskille, wat meebring dat hy hom dienoooreenkomstig gedra. Geslagsrolle word aangeleer deur identifikasie met die moeder of vader. (Vergelyk Bender, 1999:19 en Lefrancois, 1993:274 – 276.) Op vyfjarige ouderdom sal seuns en dogters speletjies begin speel waarin hul hul geslagsrol uitspeel, byvoorbeeld 'n dogtertjie wat 'n pop versorg en voed (Newman en Newman, 1999:227 - 228).

- **Taalontwikkeling en leesgereedheid**

Gedurende die kleuterjare brei die kleuter se taalvermoë en kommunikasievaardighede uit. Taalgebruik word steeds ingewikkelder en word meer in sosiale interaksie gebruik (Botha, *et al.* 1992:244). Taal is 'n belangrike vorm van sosiale kommunikasie en vorm die basis van alle leer, met ander woorde, vir innerlike gesprekvoering van logiese konsepte, die uitdrukking van kreatiwiteit en vir die kind om sy wêreld te ontdek (Lefrancois, 1993:175). Deur taalontwikkeling is egosentriese spraak moontlik, wat beteken dat die kleuter in staat is om sy eie mening te lug. Hierdie spraak kan veral tydens spel waargeneem word (Mwanwenda, 1995:163 - 164).

Ten einde leesgereedheid te bereik, moet die kleuter se brein 'n voorraad woorde en betekenis kan stoor. Die oë moet biologies gereed wees om op leesmateriaal te fokus (Havinghurst, 1972:15). Ten einde te kan lees, moet die kleuter eers kan praat, aangesien 'n woordeskat benodig word om woorde uit leesstof te verkry (Englert en Palincsar, 1988:163).

- **Aanleer en verbetering van vaardighede**

Op die ouderdom van 6 maande begin 'n baba sy eerste tande kry. Teen die ouderdom van 6 jaar het 'n kleuter al sy tande en tandwisseling begin plaasvind om vir permanente tande plek te maak. Die vermoë om vaste voedsel te eet asook die vermoë van die verteringstelsel om vaste voedsel te kan verteer, word deur bogenoemde bepaal. Verskillende kulture het verskillende wyses waarop kinders gevoed word wat

nie net fisiese, maar ook 'n psigologiese implikasies het. (Vergelyk Havinghurst, 1972:15 en Mwamwenda, 1995 : 45.) In hierdie fase leer die kleuter om verskillende voorwerpe te hanteer en die werking daarvan te ken soos om self te eet en aan te trek (Botha, *et al.* 1992 : 24).

- **Bemeestering van toiletgeriewe**

Bemeestering van toiletgeriewe word gesien as een van die eerste sosiale vaardighede wat 'n kind bemeester in sy kleuterjare en is deel van morele opleiding (Mwanweda, 1995:49). Die taak is afhanklik van die gereedheid van die blaas om blaasbeheer te kontroleer. 'n Te vroeë poging om 'n kleuter te "potty train", kan fisiese en psigologiese stres veroorsaak. Hierdie taak behoort op die ouderdom van twee en 'n half jaar tot vyf jaar bemeester te word (Havinghurst, 1972:13).

- **Sosialisering**

Binne 'n gesinsopset leer kleuters wat van hulle verwag word. So leer hulle ook om sosiale situasies en verhoudings op 'n sosiaal-aanvaarbare manier te hanteer (Botha, *et al.* 1992:244).

- **Emosionele ontwikkeling**

Die kleuter se vermoë brei uit om emosionele reaksies van ouers, broers, susters en ander persone te herken en te interpreteer (Botha, *et al.* 1992:244). Die sesjarige kleuter is al beter in staat as byvoorbeeld 'n driejarige om beheer oor intense emosie en dryfvere uit te oefen.

- **Leer om te loop**

Hierdie fisiese vaardigheid is afhanklik van die kleuter se spierontwikkeling. Gedurende die eerste twee jaar vind dramatiese fisiese ontwikkeling by die peuter plaas, onder andere die ontwikkeling van die grootmotoriese spierbewegings en versterking van spiere, wat aanleer van loop vergemaklik (Du Toit en Kruger, 1991:69). Volgens Mwamwenda (1995:49) sal hierdie take nie noodwendig kan ontwikkel sonder die nodige geleentheid en aanmoediging nie.

- **Morele ontwikkeling**

In hierdie fase begin die kleuter onderskei tussen reg en verkeerd en om 'n gewete te ontwikkel. Die norm reg en verkeerd word ontwikkel deur prying en straf. 'n Kleuter het geen eie morele beoordeling nie (Du Toit en Kruger, 1991 : 97 - 98).

- **Selfkonsepontwikkeling**

Die kleuter se selfkonsep verander voortdurend. Selfbewussyn en begrip neem in 'n groot mate toe vanaf kleuterjare tot en met adolessensie (Botha, *et al.* 1992:244). Dit is die mening van die navorser dat die kleuter se gesin en omgewing 'n invloedryke rol in sy selfkonsepontwikkeling speel. 'n Kleuter se vermoë om sekere take af te handel en vaardighede te bemeester dra by tot die positiewe beeld wat hy van homself vorm. Ouers se aanvaarding en erkenning van die kind as unieke persoon met sy potensiaal, voorkeure en afkeure, dra by tot positiewe selfkonsepontwikkeling en selfaanvaarding.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Dit is nodig dat 'n kleuter begin konsepte vorm rakende konkrete en abstrakte aspekte ten einde met situasies in sy wêreld te kan deel (Vrey in Du Toit en Kruger, 1991:69). Voor 'n peuter tweejarige ouderdom bereik, ken hy konsepte meer uit sensasie en aksies. Wanneer hy egter 2-jarige ouderdom bereik, kan die kleuter begin om eenvoudige klassifikasies te vorm, met ander woorde, die konkrete na die abstrakte (Du Toit en Kruger, 1991 : 46-47). Volgens Havinghurst (1972 : 14) speel ouers 'n belangrike rol in die lewe van 'n kleuter ten einde nuwe konsepte te vorm en aan te leer.

Soos 'n kleuter in sy kleuterstadium sekere ontwikkelingstake behoort te bemeester, is dit vir die gesin noodsaaklik om sekere gesinsontwikkelingstake ten opsigte van die kleuter te kan bemeester wanneer kinders binne 'n spesifieke ontwikkelingstadium is. Dit is die mening van die navorser dat ouers die primêre rolspelers in die vervulling van gesinsontwikkelingstake is, terwyl die kleuter as die rigtinggewer met spesifieke behoeftes funksioneer. Die versorging, opvoeding, begeleiding en blootstelling van die kleuter aan die omgewing, word in die proses deurgaans in ag geneem. Ouers se finansiële posisie dra by tot die vergemakliking of stremming van die proses.

Die gesinstake vir die gesin met kleuters sal vervolgens bespreek word.



## 2.11 GESINSTAKE

### 2.11.1 Die voorsiening van 'n woonplek met ruimte, fasiliteite, hulpmiddels en apparaat vir die kleuter se behoeftes:

Die opleiding, beroep en inkomste van ouers sal grootliks bepaal in watter mate in bogenoemde voorsien kan word. Wanneer 'n ouer daarin slaag om in bogenoemde te voorsien, word die moontlikheid groter dat ander take en funksies bemeester kan word.

Ouers se prioriteite verskil, byvoorbeeld : sekere ouers sal dit belangrik ag om in 'n gesiene woonbuurt te woon, terwyl ander dit belangrik ag om eerder geld te spaar vir hul kind se nagraadse opleiding en dan in 'n minder gesiene woonbuurt te woon.

Ouers wat nie by die huis in al die bogenoemde behoeftes kan voorsien nie, kan van parke, naskoolse sentrums en gemeenskapsbronne gebruik maak om in die kleuter se behoeftes te voorsien. Toeganklike speelplek waar die kleuter kan hardloop, kan klim en klouter op apparaat, bied die geleentheid om van energie ontslae te raak, grootspierontwikkeling te verbeter en nuwe vaardighede aan te leer. Volgens Alvy (1994:4) sal ouers makliker in die kleuterfase verhuis na 'n meer geskikte woning wat aan die nuutverlangde behoeftes voldoen en meer bekostigbaar is.

Middelstedelike families voel dikwels ingesoom deur die fisiese en sosiale hindernisse wat die ontwikkeling van hul kinders beperk en verskeie gesinsprobleme meebring. Volgens Duvall en Miller (1985:199) kan verhuising vir die gesin van belang wees.

### 2.11.2 Voorsiening van verskeie materiële behoeftes wat varieër

Dit is die mening van die navorser dat die kleuter se behoeftes deurlopende aandag van die ouer vereis. Die behoeftes word deur die navorser beskryf as bestaans- en ontwikkelingsbehoeftes. Alvy (1994:4) beskryf die volgende behoeftes :

- Materiële hulpmiddels: behuising, klere, meubels en speelgoed
- Voeding: kos en drank
- Gebruikersbronne: elektrisiteit / gas en water

- Verskillende dienste: gesondheidsdienste soos bv. mediese en tandheelkundige dienste asook opvoedkundige dienste
- Kulturele en rekreasie dienste: films, musiek en kuns
- Kommunikasie dienste: televisie, telefoon en radio.

### **2.11.3 Om finansiële voorsiening te maak**

Die meeste moeders meen dat hulle eerder self hul kleuter sal wil versorg as om hulle in iemand anders se sorg te laat. Tog is dit nie altyd moontlik nie, en het moeders dikwels 'n verantwoordelikheid om ook finansiël by te dra tot die huishouding en die kinders se versorging. In baie gevalle meen moeders, dat die ideaal sou wees om 'n halfdag pos te beklee of om fleksie-ure te werk, sodat óf sy óf die vader na die kinders kan omsien.

'n Toenemende getal moeders beklee 'n voldag betrekking ten einde 'n bydrae tot die gesin se finansiële posisie te lewer. Stygende lewenskoste, min werkseleenthede en swak vergoedingspakette verhoog die druk op moeders om te werk. 'n Toenemende aantal kleuters word in kleuterskole, nasorgsentrusms en deur dagmoeders versorg. Die tyd wat werkende moeders aan hul kleuters kan bestee, is beperk; moeders is genoodsaak om hul tyd met ander verpligtinge en aktiwiteite te deel. Moeders moet dus in die kleuterfase deeglik beplan sodat kwaliteittyd met hul kleuters bestee kan word (Duvall en Miller, 1985:200).

### **2.11.4 Gedeelde verantwoordelikheid vir die versorging van die kleuter en die huishouding**

Die meeste huishoudelike take soos byvoorbeeld was, stryk, huisskoonmaak en kook, word deur moeders behartig. Daar is vaders wat meen dat, aangesien hulle as broodwinners funksioneer, dit genoegsaam is en dat dit hulle dus van verdere verantwoordelikheid binne die huishouding onthef. Die teendeel word egter toenemend bewys deur vaders wat wel behulpsaam is met versorging en behartiging van die huishouding.

Ouers het die verantwoordelikheid om kleuters te betrek by huishoudelike take. Kleuters geniet dit om deelnemende lede van die huishouding te wees. Toekomstige huishoudings kan vergemaklik word indien ouers geduld aan die dag sou lê en 'n kleuter sou bystaan om sekere take te bemeester, soos byvoorbeeld : tafeldekk, speelgoed wegpak, klere opvou en skottelgoed was.

Navorsing in Nebraska het getoon dat kleuters wat deur hul ouers betrek is by werkverrigting in die huis, wedersydse verantwoordelikheid en ander vaardighede aangeleer het. Volgens White en Brinkerhof ( in Duvall en Miller, 1985:201) is die meeste ouers dit eens dat karaktervorming plaasvind wanneer kinders betrokke is by die huishouding.

### **2.11.5 Instandhouding van wedersydse kommunikasie**

In die kleuterfase is die kleuter gretig om meer omtrent homself en sy geslag te leer en te weet. Ouers word aangemoedig om eerlik met hul kleuters te wees en vrae reguit te beantwoord.

Wanneer ouers hul kleuters die korrekte benaming van liggaamsdele leer en vrae rondom seks beantwoord, vind seksvoorligting plaas (Duvall en Miller, 1985:203).

Volgens Le Roux (1996:28-29) is daar positiewe waarde in toereikende kommunikasie en dit bring die volgende mee:

- 'n Ouer kan 'n veilige vertrouensverhouding tussen homself en die kind skep.
- Die ouer demonstreer dat sy kind besonder, spesiaal en welkom is.
- Die ouer kan na die behoorlike, gewenste en waardevolle in die lewe verwys.
- Die ouer kan aan die kind oordra hoe hy voel oor die kind se optrede en gedrag.
- Die ouer kan die kind help, leer en regverdig straf.
- Die ouer kan die kind waarsku teen die ongewenste en die gevare van die lewe.
- Die ouer kan vir die kind sê dat hy hom liefhet en dit demonstreer.
- Die ouer kan aan die kind leiding gee oor hoe hy behoort te dink en op te tree.

### **2.11.6 Versorging en opvoeding van kleuters asook verdere gesinsbeplanning**

In hierdie fase is die kleuter besig om houding en persepsies rondom homself, ouers en die wêreld te vorm. Hierdie persepsies is belangrik vir selfbeeldvorming en dien as 'n fondament vir latere ontwikkeling.

Die sosiale kring waarin ouers beweeg, beïnvloed tog die wyse waarop ouers hul kinders grootmaak. Sommige ouers sal lyfstraf toepas en konformeer, ander sal hul kind begelei tot selfgerigtheid,

onafhanklikheid en self-dissiplinerings. Kleuters wat oorbeskermend grootgemaak word, kan eindig in veeleisende tieners en volwassenes. Hierdie kinders vind dit moeilik om probleme op te los en ervaar frustrasie wanneer omstandighede nie na wense verloop nie (Duvall en Miller, 1985:204).

Kleuters openbaar somtyds regressie wanneer 'n nuweling in die gesin sy verskyning maak. Die behoefte om weer 'n bottel te drink, in 'n bedjie te lê en te huil soos 'n baba, is gedrag wat manifesteer. Sensitiewe ouers sal bewus wees van hul kleuter se behoefte en moeite doen om die nodige liefde en koestering te bewys sodat die kleuter genoegsame sekuriteit ervaar. Ouers het die verantwoordelikheid om vir die grootte van hul gesin te beplan. Gesinsbeplanningsbronne is vrylik in gemeenskappe beskikbaar, soos byvoorbeeld in klinieke en hospitale.

Ouers het die verantwoordelikheid om die kleuter te begelei in alle aspekte van ontwikkeling, dit wil sê, fisies, motories, sensories, persepsueel, kognitief, sosiaal, emosioneel-, seksueel, moreel, geestelik, kultureel en opvoedkundig.

### **2.11.7 Blootstelling aan familie en gemeenskapslede**

Grootouers se betrokkenheid by hul kleinkinders se lewe kan die druk vir baie ouers verlig. Wanneer grootouers se gesondheid dit toelaat, kan hulle besonder behulpsaam wees met die versorging van die kleuter, deur byvoorbeeld die kleuter op te laai na kleuterskool of om na die kleuter om te sien wanneer die ouers addisionele besigheidsverpligtinge het. Die teendeel is ook waar, naamlik dat konflik maklik tussen ouers en grootouers ontstaan wanneer daar nie ooreengestem kan word oor die wyse waarop die kleuter gedissiplineer en opgevoed behoort te word nie.

Kleuters verbreed ouers se horisonne deurdat ouers nuwe sosiale vriendskappe smee deur blootstelling aan kleuterskole en dagsorgsentrums. Uitstappies na byvoorbeeld winkelsentrusse, die diertuin en ander familie word vir ouers toenemend makliker (Duvall en Miller, 1985:205-206).

### **2.11.8 Handhawing van morele waardes**

Die meeste ouers erken dat die kleuterfase 'n genotvolle stadium is. Volgens Kirkpatrick in Duvall en Miller (1985:206) is die dilemmas van die gesin met 'n voorskoolse kind as volg:

- Vryheid versus rangorde en effektiwiteit.

- Vrye ontwikkeling van eie potensiaal versus gestelde doelwitte van die gesin.
- Persoonlike ontwikkeling versus die grootmaak van die kleuter.
- Werksverrigting versus liefde en reproduksie funksie.
- Buigbare kinderopvoeding versus rigiede opvoeding.
- Hoë verwagtinge van kleuter versus die realistiese verwagting.
- Lojaliteit teenoor die gesin versus lojaliteit teenoor die gemeenskap.

Ouers strew na perfeksonisme, vryheid en ambisie in hul persoonlike lewe wat verskeie probleme in die gesin kan meebring, soos konflik, frustrasie, onredelike reëls en roetine. Die mees morele optrede sou wees om realistiese verwagtinge vir die gesinslede daar te stel. Duvall en Miller (1985:207) meen dat die strew om gesinsontwikkelingstake te bemeester nie altyd 'n maklike taak is nie, maar wanneer dit inderdaad bereik word, kan ouers hul kinders sowel as hul huwelik geniet.

Die aanspraak of vervulling van gesinsontwikkelingstake dra direk daartoe by dat ouers die basiese behoeftes van hul kleuter aanspreek of vervul. Volgens Pretorius (1990:30-31) is die behoefte hiërargie van Abraham Maslow ook geldig in die gesinsituasie en sal vervolgens kortliks bespreek word:

- Fisiese behoefte: behoefte aan suurstof, water, voedsel en rus moet eers bevredig word voordat die kind gemotiveer word om enige iets anders te doen.
- Veiligheidsbehoefte: om veilig te voel en vry te wees van vrees.
- Sosiale behoeftes: behoefte om aanvaar te word, behorensgevoel om liefgehe en versorg te word.
- Ek-behoefte: behoefte aan agting vir eie kindwaardigheid, om gerespekteer en erken te word.
- Selfaktualisering: die strew om moontlikhede en kognitiewe behoeftes optimaal te verwerklik.

Ouers het dikwels nie toegang tot kennis rakende die opvoeding en versorging van hul kinders nie. Opvoeding en versorging van die kleuter is 'n persoonlike saak en dus bestaan daar nie 'n "regte" wyse van opvoeding nie. Ouers se opvatting rakende ouerskap verskil. Ouers is belangrike identifikasiefigure vir die kleuter, en die model wat die ouer aan die kleuter voorhou, het 'n vormende invloed (Pistorius, 1982 : 3). Dit is insiggewend om 'n geheelbeeld te verkry oor faktore wat moeders motiveer om op 'n spesifieke manier op te tree of te reageer teenoor die kleuter. Sodoende kan 'n realistiese beeld verkry word wat in der waarheid met ouerbegeleiding bereik wil word.

## 2.12 DETERMINANTE WAT MOEDERLIKE GEDRAG MOTIVEER

Soos kinderontwikkeling beskik oor vele determinante wat dit beïnvloed en motiveer, is dit ook die geval met moederskap. Hierdie determinante sal vervolgens bespreek word :

- **Kennis, houdings en vaardighede**

'n Moeder se kennis, houding en vaardighede wat sy bemeester of nie bemeester, beïnvloed die wyse waarop sy haar kleuter grootmaak. Kennis betreffende kinderontwikkeling is noodsaaklik sodat moeders realistiese verwagtinge kan koester rakende die ouderdom waarop kinders verskillende ontwikkelingsstake kan bemeester. Effektiewe verbale kommunikasievaardighede stel moeders in staat om meer effektief met hul kleuters te kommunikeer en meer oor hulle te wete te kom. Deur aanmoediging en waardering vir positiewe gedrag te toon, help moeders hul kleuters leer watter gedrag sosiaal aanvaarbaar is. Besluitneming- en probleemoplossende vaardighede help moeders om konflik te hanteer sodat alle partye in harmonie kan saamleef. Verskeie vaardighede wat ouer-en-kind verhoudings bevorder, geld ook vir een-tot-een verhouding met ander persone (Alvy, 1994:27).

Dit is die mening van die navorser dat dit juis die kennis, houding en vaardighede van moeders jeens hul kleuter is, wat in 'n ouerbegeleidingsprogram opgeskerp en verbeter moet word. Beter moeder-kind verhouding word daargestel en die moeder word bemaagtig vir haar taak as primêre versorger. Deur 'n positiewe houding ten opsigte van kleuteropvoeding en -versorging te openbaar, kan 'n aangename atmosfeer vir beide die moeder en kind geskep word, waarin albei tot selfverwesenliking kan kom.

- **Karaktereienskappe van die moeder**

'n Moeder se unieke karaktereienskappe motiveer haar optrede as moeder. Sulke eienskappe sluit byvoorbeeld in : volwassenheid en intelligensie wat kan bydra tot 'n bevordering of inhibering van verhoudinge met die kleuter. Wanneer probleme binne die ouer-kind verhouding ontstaan, sal die meer emosioneel volwasse moeder veel beter toegerus wees om die probleem op te los voordat dit ernstige afmetings aanneem. Moeders verskil wat hul temperamente en persoonlikhede betref. Sommige moeders is impulsief, sommige introverte, ander ekstroverte, sommige beskik oor die vermoë om innerlike beheer toe te pas terwyl ander deur eksterne faktore beheer word. 'n Spesifieke temperament van 'n moeder kan inenskakel met die temperament of persoonlikheid van 'n kind of dit kan totaal botsend wees (Alvy, 1994:27).

Dit is die mening van die navorser dat deelname aan 'n ouerbegeleidingsprogram 'n bewuswording van die moeder se positiewe en negatiewe karaktereenskappe teweeg kan bring. Op dié wyse kan 'n moeder dit haar ten doel stel om haar negatiewe karaktereenskappe te verander sodat dit haarself bevoordeel, asook die moeder-kind verhouding bevorder.

- **Gesondheidstatus**

'n Moeder se gezondheidstatus kan 'n invloed hê op haar vermoë om positief as moeder op te tree of "te presteer". 'n Moeder met 'n slegte gezondheidstatus of wat aan uitputting ly, kan negatief, onbelangstellend en ongeërg voorkom. Wroeging oor identiteit, seksualiteit, spiritualiteit of 'n loopbaan, kan 'n konflikterende uitwerking op die moeder se verwagtinge en gedrag hê.

Emosioneel onstabiele moeders vind dit moeilik om gesonde verhoudings met hul kleuters te handhaaf. Moeders wat aan dwelm- of alkoholverslawing lei, het 'n negatiewe uitwerking op hul kleuter se ontwikkeling. Hulle faal in die daarstelling van stabiele verhoudings en stel 'n voorbeeld van destruktiewe gedrag. Hierdie moeders vind dit problematies om 'n konstruktiewe bydrae tot hul kleuter se ontwikkeling te maak.

'n Moeder se karaktereenskappe word in 'n groot mate gevorm en beïnvloed deur die manier waarop sy opgevoed is, asook deur die "rolmodelle" wat haar ouers vir haar was. Die voorbeeld wat aan die moeder gestel is, sal dus 'n baie belangrike invloed op haar ouerskapstyl hê.

Die navorser meen dat 'n moeder wat 'n spesifieke probleem beleef, kan inskakel by 'n ouerbegeleidingsprogram vir moeders met spesifieke behoeftes. Hier kan sy beleef dat mede-groeplede begrip toon en dat sy nie geïsoleerd is betreffende haar probleem nie. Die uitspraak van probleme en emosies kan gevolglik woede-uitbarstings tuis voorkom.

- **Karaktereenskappe van kleuters**

Kleuters se unieke biologiese en psigologiese karaktereenskappe lewer ook 'n bydrae tot die wyse waarop hul moeders teenoor hul optree. Kleuter beskik reeds by geboorte oor hul eie unieke persoonlikhede wat egter vinnig gevorm word soos hulle deur verskillende ontwikkelingsfases beweeg. Die bemeestering van ouerskapsvaardighede in die ontwikkelingsfases, is 'n voortdurende uitdaging.

Sommige moeders slaag beter as ander en hanteer ook sekere akspekte van ontwikkeling meer effektief. Die wyse waarop moeders reageer en funksioneer, word beïnvloed deur hul kleuters se temperamente en bereidwilligheid tot oerleiding. Die geslag van die kleuter speel ook 'n rol in die mate of wyse waarop hul oerleiding toelaat (Alvy, 1994:28).

'n Moeder moet bewus wees van haar kleuter se uniekheid en hom onvoorwaardelik aanvaar. Verder meen die navorser dat oerbegeleidingsprogramme moeders tot 'n besef kan bring dat hul onrealistiese verwagtinge wat hulle vir hul kleuter koester, skade berokken ten opsigte van die kleuter self, asook die moeder-kind verhouding.

- **Spanning en ondersteuning**

Spanning, wat kan voortvloei vanuit 'n magdom faktore, affekteer moeders se gedrag en funksionering. Armoede, diskriminasie, finansiële probleme, sosiale isolasie, verlies aan inkomste, werksverandering, dood, siekte, onvoldoende voorsiening aan kinders of egskeiding, is van die faktore wat die vermoë van die moeder om op die kind te fokus, asook die kleuter na behore op te voed en te versorg, kan beïnvloed. Volgens Wolfe in Alvy (1994:28) is simptome van langtermyn chroniese stres of oormatige stresvolle periodes, soos geassosieer met depressie en gesondheidsprobleme, dikwels die oorsaak van kindermishandeling.

'n Moeder met genoegsame ondersteuning van vriende, 'n sosiale netwerk, verhoudings (gesonde) met ander binne werksverband, is meer geneig om psigologies en fisiek gesond te wees. Laasgenoemde moeders sal ook meer positief wees in hulle benadering tot die opvoeding van hulle kinders (Alvy, 1994:28).

Die navorser is van mening dat 'n moeder nie net kan baatvind nie, maar dat haar spanningsvlakke ook verlig kan word deur aansluiting by 'n ondersteuningsgroep, wat deur 'n maatskaplike werker, spelterapeut, predikant of sielkundige behartig word.

- **Karakteristieke van 'n beroep**

Werksbevrediging kan moederskap op vele maniere beïnvloed. 'n Stimulerende beroep kan aan 'n moeder 'n gevoel van bekwaamheid gee wat kalmte, rustigheid en genotvolle interaksie met kleuters tot gevolg kan hê. Diegene wat voortdurend deur hul beroep geabsorbeer word, kan prikkelbaar en



onbeskikbaar wees. Moeders wat oorgekwalifiseer is vir aanstellings waarin hulle hul bevind, of werkloos is, lei dikwels tot familie-konflik. Die werksituasie of korporatiewe kultuur waarin 'n moeder haarself bevind, kan die moeder se effektiwiteit ten opsigte van haar gesin bevorder of inhibeer. Diskriminasie in die werkplek veroorsaak dikwels psigologiese en fisieke probleme wat die gees en energie van die moeder verteer (Alvy, 1994:28-29).

- **Huishoudelike karakteristieke**

Die grootte van die gesin beïnvloed individuele ouer-kind-verhoudings. Groot gesinne met enkel ouers het 'n ander dinamika as gesinne waar albei ouers steeds deel is van die gesin. Stiefgesinne het hulle eie spesifieke behoeftes en probleme. Selfs die grootte van die woonhuis kan ouerfunksionering beïnvloed (Alvy, 1994 : 29).

- **Huweliks-karakteristieke**

Die kwaliteit van die verhouding tussen ouers in 'n huis het betekenisvolle gevolge. Twee ouers of volwassenes wat binne 'n huishouding 'n warm en vervullende verhouding het, is meer geneig om gesonde en produktiewe kinders op te voed. Die afwesigheid van óf ondersteuning van 'n lewensmaat óf 'n ander betekenisvolle persoon, kan moederskap grootliks beïnvloed.

- **Gemeenskaps-, kulturele, religieuse wette, norme, waardes en tradisies**

Gemeenskapsreëls en norme vir moederlike gedrag en optrede, stel die basiese konteks vir moederskap. Wette oor ouerrege en verantwoordelikhede bestaan in elke land en verklaar wat regtelik toelaatbaar is in 'n ouer-kind verhouding. Sosiale norme beïnvloed die wyse waarop moeders hul kleuter opvoed en versorg.

Kulturele en religieuse waardes en tradisies beïnvloed 'n moeder se funksionering in die gesin. Waardes en rolle van gesinne verskil en het 'n invloed op die moeder-kind verhouding. Sommige groepe het besliste idees oor die rolle van 'n moeder en 'n vader met duidelike afbakenings. Kulturele waardes stel dikwels die "verhoog" vir die tipe praktyke wat geoorloof is in die dissiplinerings van kleuters. Dit beïnvloed verwagtinge heens kleuters.

Dit is die mening van Alvy (1994:25) dat die inhoud van 'n ouerbegeleidingsprogram vir moeders sensitief moet wees teenoor alle determinante, byvoorbeeld waar historiese en kulturele inligting ingesluit moet word. Moeders moet gehelp word om nuwe perspektiewe oor kulturele waardes te ontwikkel.

### **2.13 SAMEVATTING**

Verskeie ontwikkelingsteorieë en aspekte van kleuterontwikkeling is bespreek. Ontwikkeling in die kleutertydperk dien as grondslag vir die ontwikkelingsmylpale in sy latere lewe.

Die kleuter se unieke kenmerke asook die ontwikkelingstake wat hy moet kan uitvoer, is bespreek. Hierby sluit die verweefde en belangrike rol wat die moeder deurgaans in die optimale ontwikkeling van die kleuter speel, aan.

Soos die kleuter sekere ontwikkelingstake moet kan verrig, is daar ook gesinsontwikkelingstake wat deur kleuters bemeester moet word. Suksesvolle afhandeling van een taak vergemaklik dit vir die gesin om na 'n volgende taak te beweeg.

Die moeder se gedrag wat haar optrede teenoor haar kleuter bepaal, word deur verskeie determinante beïnvloed naamlik: Kennis, houdings en vaardighede, karaktereenskappe van die moeder, gesondheidstatus, spanning en ondersteuning, karakteristieke van beroep, huishoudelike-en huweilkskarakteristieke, wette, norme, waardes en tradisies

Wanneer daar gereken word dat moeders 'n behoefte aan ouerbegeleiding het om hul kleuter se fisiese, kognitiewe, emosionele, morele en sosiale ontwikkeling beter te kan verstaan en 'n bydrae te kan lewer tot verbeterde ontwikkeling, moet 'n geheelbeeld van die kleuter se totale ontwikkeling verkry word.

Die literatuurstudie is as agtergrond gebruik vir die opstel van die vraelys wat in die empiriese studie gebruik is. Vervolgens sal ouerbegeleiding in hoofstuk drie bespreek word ten einde 'n geheelbeeld te verkry aangaande die geskiedenis van ouerbegeleiding, verskillende vorme van ouerbegeleiding, asook die voor- en nadele van elk.

## **HOOFSTUK 3**

### **OUERBEGELEIDING**

#### **3.1 Inleiding**

In hoofstuk 2 word die ontwikkeling van die kleuter asook die rol van die moeder in die lewe van die kleuter bespreek. In aansluiting daarby gaan in hoofstuk 3 gefokus word op die tipes ouerbegeleiding wat moeders met kleuters kan benut of reeds benut ten einde van waarde te wees om hul taak as moeders teenoor hul kleuters te volvoer.

Om enige misverstand uit te skakel, wil die navorser Engelbrecht (1993:5) se standpunt omlin wanneer hy die volgende meld: “dat ouers hulp en raad van verskillende persone en instansies met talle verskillende oriëntasies kan kry aangaande effektiewe opvoeding van hul kinders”. Die predikant, psigoloog, sosioloog, maatskaplike werker en mediese dokter kan almal `n bydrae lewer. Die navorser wil beklemtoon dat wanneer die term “opvoeding” gebruik word, dit vir die navorsingstudie alle opvoedingsaangeleenthede soos dissiplinerings, versorging, sosiale, fisieke, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van die kleuter insluit.

#### **3.2 Agtergrondgeskiedenis**

Ouerbegeleiding is hoofsaaklik deur opvoedkundiges ontwikkel vanweë die breë kontak op internasionale vlak. Ouerbegeleidingsbewegings het in talle lande ontwikkel en heelwat Noord-Amerikaanse programme is met entoesiasme in onder andere Brittanje, Swede, Noorweë, Israel, Nieu-Seeland en Australië benut (Engelbrecht, 1993:17).

Vervolgens sal daar na die ouerbegeleiding geskiedenis gekyk word in die volgende lande: die Verenigde State van Amerika, Japan, Pole en Suid-Afrika:

##### **3.2.1 Die Verenigde State van Amerika**

Die ontstaan van georganiseerde ouerbegeleiding en die huidige ouerbegeleidingsbeweging kan teruggevoer word na die stigting van die eerste vereniging van moeders in 1815 (Engelbrecht, 1993:12). Hierdie beweging is die “Maternal Association” genoem en het dwarsoor die land tot stand gekom.

Groepe moeders, hoofsaaklik uit die middelklas, het gereeld bymekaargekom om verskillende fasette rakende die opvoeding van hul kinders te bespreek. Hier het die moeders ook van die geleentheid gebruik gemaak om kennis en inligting wat hulle uit ervaring opgedoen het met mekaar te deel en ondersteuning te bied in die opvoedingstaak waarmee hulle gemoeid was. Die ouerbegeleidingsbeweging het van krag tot krag gegroei met die steun van die federale regering. Finansiële bystand is aan ouerbegeleiding gebied en later is kanale vir die verspreiding van inligting oor kinderontwikkeling, versorging en opvoeding geskep. In 1913 het “Children’s Bureau” tot stand gekom wat opvoedingsinligting landwyd aan middelklasesinne, milieu gestremde gesinne, immigrante-gesinne ensovoorts, versprei het. In die twintiger en dertigerjare het fondse uit die privaatsektor navorsing aan universiteite en verskeie privaatorganisasies moontlik gemaak waar inligting oor kinderontwikkeling en ouerbegeleiding bekom is (Ferreira,1991:5).

Gedurende 1930-1940 beleef ouerbegeleidingsbewegings ’n bloeitydperk en ongeveer 700 000 ouers was aktief by ouerbegeleidingsgroepe betrokke. Die massamedia is ingespan en voorligting is aan ouers verskaf aangaande opvoedingsaangeleenthede (Berger, 1983:14). Die ideale van die ouerbegeleidingsbeweging is bevorder toe daar agt miljoen kopieë van die inligtingstuk “Infant Care” versprei is.

In 1950 verskyn die boek “Childhood and society” wat deur die bekende sielkundige Erikson geskryf is. Hierdie boek het invloedryke gevolge vir ouerbegeleidingsaktiwiteite, veral op grond van Erikson se beklemtoning van die sosialisering en effektiewe ontwikkeling van die kind gehad. Nog ’n boek “The commonsense book of baby and child care” deur Benjamin Spock sien die lig en hy tree na vore as ’n voorstaander vir ’n meer “demokratiese” opvoeding en spreek hom uit oor die te wye verskeidenheid opvoedingstemas wat strek vanaf die fisiese versorging, gesaghandhawing en dissipline binne die gesin (Berger, 1983:14). Veranderde lewensomstandighede het ’n situasie geskep waar ouers op hulself aangewese was om kinders op te voed sonder die tradisionele voorskrifte en riglyne wat die vraag na ouerbegeleiding verhoog het. Danksy navorsing en vooruitgang in sosiale wetenskappe is daar meer kennis en insig met betrekking tot die groei en ontwikkeling van kinders ingewin. Wetenskaplike insigte en inskakeling daarvan by normatiewe patrone vir kinderopvoeding het meegebring dat ouerbegeleiding ’n belangrike medium geword het waardeur wetenskaplike kennis aan ouers oorgedra kon word (Ferreira, 1987:20-27).

Tydens die sewentigerjare tree verskeie faktore wat die gesinslewe nie onaangeraak laat nie na vore. Hierdie faktore sluit in: welvaart, vinnige lewenstempo, toetrede van albei ouers tot die arbeidsmark en

werkloosheid. Sake is verder bemoelijk deur norme en waardes wat verander het, tienerswangerskappe het begin toeneem en die jeug wat opvallend gouer ryp word. Hierdie kommer het aanleiding gegee tot die ontwikkeling en ontstaan van twee programme vir ouers en kinders. Die programme by name "Exploring Childhood" en "Education for Parenthood" was daarop afgestem om voorkomend van aard te wees (Ferreira, 1991:8). In die jare sewentig vind betekenisvolle ontwikkeling in die veld van ouerbegeleiding plaas wanneer 'n groot aantal gestruktureerde ouerbegeleidingsprogramme die lig sien. Hiermee neem die ouerbegeleidingsprogramme 'n voorkomende karakter aan en word die leuse gehuldig dat "voorkoming beter as genesing is". Die bekendste hiervan is:

- Die Adleriaanse georiënteerde STEP- program (Systematic Training for Effective Parenting) van Dinkmeyer en McKay in 1976.
- Die Rogeriaanse-georiënteerde PET –program (Parent Effectiveness Training) van Thomas Gordon in 1970.
- Die behavioristiese gedragsmodifikasie benadering van Becker "Parents are Teachers" in 1971.
- Die P I P –program (Parent Involvement Program) wat op William Glasser se realiteitsterapeutiese teorie gefundeer is in 1965.

Die jare tagtigs en daarna tot in die een-en-twintigste eeu was 'n verlengstuk van die sewentigs en daar is voortgegaan om die gestruktureerde programme soos die PET, STEP en ander te benut (Ferreira, 1991:9).

### **3.2.2 Japan**

Ouerbegeleiding in Japan is formeel gestruktureer binne ouerbegeleidings- en ouerleidingsessies of -klasse wat gerig is op 'n teikengroep van 14 miljoen ouers. Volgens Pugh (1984:265) maak 'n Japanse ouerbegeleidingsdeskundige die volgende stelling: "The government has recognized the importance of educating the parents to become more qualified teachers at home, and has come to include parent education as a part of adult education in the overall administration of social education"(Pugh, 1984:265). 'n Nasionale gesinsraadgewingsdiens was behulpsaam om by wyse van brosjures, televisieprogramme en 'n persoonlike raadgewingsdiens, probleme te identifiseer en voorkomend werksaam te wees (Ferreira, 1991:9).

### 3.2.3 Pole

Volgens Robinson in Ferreira (1991:9) vind die verspreiding van inligting aan ouers rakende opvoeding van hul kinders op 'n breë nasionale grondslag plaas. Pogings is gerig op die verbetering van ouers se opvoedkundige en psigologiese kennis van hul kinders. Verskeie organisasies was hierby betrokke en is reeds sedert 1955 besig om ouerbegeleiding te doen. Massa kommunikasiemedia soos die televisie, radio, koerante en boeke word benut om ouers te help om hul opvoedingstaak te volvoer.

### 3.2.4 Suid-Afrika

Die ontwikkelingsgeskiedenis van ouerbegeleiding in Suid-Afrika is onbekend aangesien ouerbegeleidingsaksies nie op 'n nasionale en gekoördineerde grondslag plaasgevind het nie. Die ouerbegeleidingsaktiwiteit in Suid-Afrika het sover bekend, in die twintigerjare sy beslag gekry (van Heerden in Ferreira, 1991:10).

'n Kinderleidingsaksie en kinderleidingskliniek is in 1928 deur die Universiteit van Pretoria, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) gestig wat as 'n diensinstituut gefunksioneer het en gerig was op ouerbegeleiding op mikro-opvoedkundige vlak. Hierdie instituut fokus primêr op die regstelling van opvoedingsprobleme eerder as op die voorkoming daarvan (Ferreira, 1991:1).

In 1965 het daar onder die bekwame leiding van professor B.F.Nel en in samewerking met die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) 'n Sentrale Kinderleidingkomitee in die ou Transvaal tot stand gekom. Hierdie komitee het hom beywer om kinderleidingsgroepe te stig wat hoofsaaklik bestaan het uit moeders wat 'n behoefte gehad het aan leiding ten opsigte van opvoedingsprobleme wat hulle ondervind. Die term "kinderleidingsgroepe" het verander tot "ouerbegeleiding".

Die groepe is aanvanklik deur 'n maatskaplike werker georganiseer en besoek. In 1972 het dit 'n voltydse pos geword met die doel om hulp en leiding aan ouers op 'n voorkomende basis te bied. Teen 1976 was daar in Transvaal 82 groepe ouers wat op 'n maandelikse basis vergader het en die dimensies rondom die grootwording en opvoeding van kinders bespreek het (van Heerden in Ferreira, 1991:11). Soortgelyke ouerbegeleidingsaksies het ook in die Kaapprovinsie onder die vaandel van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACV), in Natal onder leiding van die Vrouevereniging

(NCV) en in die Vrystaat onder leiding van die Oranje-Vrouevereniging (OVV) ontstaan. Kerkorganisasies soos die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) het ook waardevolle bydraes in die verband gelewer (Ferreira, 1991:1).

Huidig is die SAVF in Gauteng besig met 'n ouerbegeleidingsaksie wat uit 60 groepe moeders bestaan en sowat 800 moeders en gesinne jaarliks bereik. Die Botswadi-kursus word aangebied vir vroue in agtergeblewe gemeenskappe. Die kursus duur 7 weke en fokus ook op ouerbegeleiding. In die Vrystaat funksioneer die Oranje-Vrouevereniging met 18 ouerbegeleidingsgroepe wat jaarliks 260 moeders en gesinne bereik. 'n Lywige inligtingstuk "Ek en my kind" word kwartaalliks uitgegee in die Vrystaat en Gauteng wat 300 moeders in die Vrystaat en Gauteng bereik. In Natal het formele ouerbegeleiding by die NCV doodgeloop weens 'n tekort aan finansies en personeel. Tog word homogene groepe uit gevalleladings deur maatskaplike werkers op die been gebring wat baat vind by die ouerbegeleiding en vir 8 – 10 sessies funksioneer. Die "Wof 10" is 'n program met 'n ouerbegeleiding-verlengstuk wat veral onder swart vroue in Natal met sukses benut word.

Die STEP-program (Systematic Training for Effective Parenting Programme) word sedert die vroeë tagtigerjare in Suid-Afrika benut. In Pretoria het die Kinder-en-Gesinsorg Vereniging die program in Afrikaans vertaal om dit effektief binne die organisasie se dienslewering te benut. Gedurende die sanksiejare in Suid-Afrika het die Kinder-en-Gesinsorg Vereniging in Kaapstad se Ouerleidingsentrum inisiatief geneem en hul eie ouerbegeleidingsprogram geskryf (Parent Enrichment Course). Dit is op die beginsels van die STEP – program gebaseer. Die voor-en-natoetsing van die nuwe program is deur die skepper van die STEP – program, Thomas Gordon, onder oë geneem en goedgekeur.

'n Verdere herskrywing van die program het aan die Randse Afrikaanse Universiteit onder leiding van Dr. A.S. De Vos (1998:4) plaasgevind. Die navorser het self, vir etlike jare die STEP-program in haar eie werk geïmplementeer en later bevind dat ouers 'n behoefte aan 'n ouerbegeleidingsprogram het wat op Bybelse beginsels geskoei is. Uit hierdie behoefte het "B O R G" (Bybelse Ouer Rigting Gids) ontstaan.

Speedie (2000:11) is van mening dat die nuut aangepaste STEP –program geskik is vir benutting in die nuwe demokratiese Suid-Afrika en dat herskrywing nie nodig geag word nie.

In 'n verdere studie deur Speedie (2000:48-60) is die moontlike verband tussen swak ouerskapvaardighede en 'n swak selfbeeld ondersoek. Die selfbeeld van 'n groep ouers en hul kinders is voor en na die bywoning van die STEP –program gemeet. Die natoetsuitslag het 'n verbeterde selfbeeld van beide ouers en kinders getoon.

In Suid-Afrika is heelwat gekommersialiseerde programme beskikbaar waarheen die moeders hulle kan wend vir ouerbegeleiding op 'n informele of formele wyse. Hiervan is “Toddlers` Work Shop, die “Peuterplek ,” Play for parenting en “Baby centre”, voorbeelde.

In Suid-Afrika was daar in die sewentiger en tagtigerjare weinig sprake van ouerbegeleiding op nasionale vlak en op 'n gekoördineerde grondslag. Ferreira (1987:28) meld dat pogings geïsoleerd was en deur onafhanklike organisasies bedryf word.. Ouerbegeleiding was hoofsaaklik op die blanke bevolking gerig wat 'n braak veld gelaat het vir dienslewering aan ander bevolkingsgroepe (SAVF Ouerleidingsaksie, 1993:1). Die feit dat die swart moeders vir lang periodes van hul kinders af weg was, het groot druk op hulle geplaas ten opsigte van die versorging en opvoeding van hul kinders. Opvoeding is hoofsaaklik aan ongeletterde grootouers in die destydse “tuislande” en op plase oorgelaat.

Alhoewel daar op makro-vlak waardevolle pogings aangewend word om ouerbegeleiding bekend te stel en te implementeer is dit die mening van Ferreira, (1987:29) dat hierdie kennis en inligting omgeskakel moet word in opvoedingsvaardighede wat die ouer in staat stel om te handel en korrek op te tree in die opvoedingsituasie.

Die STEP-program word deur die Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en Departement Onderwys en Opleiding benut (Van Vollenhoven, 1992:26).

Dit blyk dat navorsing aangaande ouerbegeleiding al meer in Suid-Afrika gedoen word. Aangesien dit op 'n groep persone en nie op die individu alleen afgestem is nie, is dit koste-effektief en tydbesparend. Die navorser wil die stelling ondersteun wanneer daar gekyk word na die individuele navorsing aangaande ouerbegeleiding wat deur studente aan die Universiteit van Pretoria gedoen is. Die behoefte is steeds dat meer navorsing vanuit 'n maatskaplike werkperspektief die lig sal sien.



### 3.3 Ouerbegeleiding as strategie.

Dit blyk uit navorsing dat die oorgrote meerderheid ouers wat by ouerbegeleidingsaktiwiteite betrokke is, moeders is ( Harman en Brim, 1980:105). Alhoewel inligting en programme op hierdie terrein dikwels gemik is op beide die ouers as opvoeders, is die moeder as primêre versorger se betrokkenheid veel hoër. Harman en Brim (1980:105) meen dat die volgende hiervoor as rede aangevoer kan word: “The notion, deeply embedded in Western culture, that mothers bear the primary responsibility for children rearing is clearly manifest in participation patterns of educational programs aimed at assisting parents in the performance of their roles. The available evidence upholds the conclusion that proportionately more mothers are reached, although fathers are not untouched” (Harman en Brim, 1980:105).

Die opleiding van ouers word volgens Collings in Hicks (1988:1) beskryf as: “the process of bringing a person to an agreed standard of proficiency by practice and instruction, or as the systematic transfer of knowledge and the development of skills insight and attitudes in an individual, in order to perform adequately a given task, or job”. Behoorlike opleiding van ouers kan as voorkomende aksie gesien word wat regstellende optrede verminder en uitskakel. Gordon (1974:267) stel dit dat opleiding van ouers `n opvoedkundige ondervinding is en nie `n terapeutiese behandeling nie.

Ouerbegeleiding kan tweeledig van aard wees, met ander woorde, ouerbegeleiding as `n voorkomende strategie, of ouerbegeleiding as `n herstellende strategie.

#### 3.3.1 Ouerbegeleiding as herstellende strategie.

Ouerbegeleiding op mikro-vlak het `n herstellende of regstellende karakter. Dit behels dat die behandeling deur professionele persone geskied wat leiding gee aan ouers wat hul vasgeloop het in die opvoeding of hantering van hul kind. Die ouers ervaar probleme in van die volgende: gedrags-, ontwikkeling-, wordings- of leerprobleme wat hul kind openbaar. Die intervensie deur `n professionele persoon behels die opstel van `n gefundeerde behandelingsplan of terapeutiese strategie wat gerig is om die besondere probleem wat `n gesin of kind beleef, aan te spreek. Inligting en kennis word aan ouers deurgegee sodat ouers weer opvoedingswaardig kan handel. Die ouerbegeleiding geskied gewoonlik op `n een-tot-een basis en daar heers `n vertrouensverhouding tussen die terapeut en gesin. Die ouerbegeleidingsprogram is nie aan `n bepaalde tydsverloop gekoppel nie en is onderhewig aan die gesin se eie vordering. (Vergelyk Engelbrecht, 1993, 10-11 en Ferreira, 1987:12.)

### 3.3.2 Ouerbegeleiding as voorkomende strategie.

Ouerbegeleiding as 'n voorkomende strategie betrek alle belangstellendes, met ander woorde, ouers sowel as voornemende ouers. Dit is 'n handelingsplan waardeur inligting, kennis en insigte aan ouers verskaf word deur middel van opvoedkundig georiënteerde radio- en televisieprogramme, artikels in tydskrifte sowel as in koerante. Ouerbegeleiding word ook bekend gestel aan groepe ouers om opvoedkundig verantwoorde opvoedingsvaardighede met behulp van ouerbegeleidingsprogramme onder deskundige toesig in te skerp (in te oefen) (Ferreira, 1987:11).

Die keuse vir die benutting van 'n spesifieke ouerbegeleidingsprogram word deur 'n spesifieke groep self na gelang van hulle behoeftes, bepaal. Die ouerbegeleidingsprogram verloop volgens 'n bepaalde kurrikulum en is gekoppel aan bepaalde tydsverloop, byvoorbeeld 'n program wat strek oor 2 – 10 sessies. Die doel van die strategie is dus om deur verspreiding van inligting, kennis en inoefening van vaardighede, te voorkom dat opvoedingsprobleme, gedragsprobleme en ontwikkelingsprobleme ontstaan vanweë die gebrek aan opvoedingsparaatheid by ouers. Die intensiteit van probleme kan verminder word sodat die inroep van deskundiges (terapeute) nie benodig word nie.

Volgens Pugh en De `Ath (1984:12) bring navorsing voortdurende nuwe inligting rondom die kind se ontwikkeling, gedrag en emosie na vore. Hierdie inligting bring mee dat ouers voortdurend hul eie persepsies, kennis en insigte moet verander om aan hul kinders se behoeftes te voorsien. Die vele kennis-leemtes by ouers asook die verkeerde interpretasies van inligting, bring talle opvoedingsprobleme mee.

Ouers het egter die verantwoordelikheid om op hoogte van nuwe navorsing te bly en kan nie net op die ou geyskte weë steun waarlangs hulle grootgeword en opgevoed is nie. Ouerbegeleiding as voorkomende strategie bied die geleentheid aan ouers om voorkomend op te tree in hul opvoedingstaak. Hier geld die gesegde: "Prevention is better than cure".

### 3.4 Beginsels vir aanbieding van ouerbegeleiding

Volgens Pugh en De `Ath (1984:44-46) is daar sekere beginsels wat in gedagte gehou moet word tydens aanbieding van ouerbegeleiding en ondersteuning aan ouers. Die beginsels word kortliks weergegee:

- Daar moet in gedagte gehou word dat daar nie `n bloudruk is vir perfekte ouerskap of `n perfekte gesin nie. Die diverse gesinspatrone moet dus erken en gerespekteer word.
- Ouerskap is `n deurlopende proses wat begin by die geboorte van `n kind, deur die vroeë kinderjare, voorskoolse jare, middelkinderjare, adolessensie tot en met die sluiting van permanente teenoorgestelde verhoudings, huweliksluiting en kleinkinders. In al hierdie stadiums is verskillende behoeftes wat op verskillende wyse hanteer en bevredig word.
- Ouerskap is `n voortdurende proses, `n voortdurende interaksie wat tussen ouers en kinders plaasvind terwyl albei partye blootgestel is aan voortdurende ontwikkeling.
- Dienste en voorstelle wat op ouers se spesifieke behoeftes gerig is, word meer aanvaar en benut.
- Ouerbegeleiding moet aan ouers die geleentheid bied om hul ouerlike vaardighede te verbeter en te ontwikkel om sodoende `n onafhanklikheidsgevoel van die groep te kweek.
- Ouerbegeleiding is bedoel vir moeders sowel as vaders en het betrekking op seuns sowel as dogters.
- Ouerbegeleiding het ten doel :die verbeterde funksionering van die ouer en kind as `n geheel.
- Groepleiers moet oor deeglike kennis en agtergrondinligting beskik aangaande die verskillende kulture wat in `n ouerbegeleidingsgroep teenwoordig is.

### 3.5 Vorme van ouerbegeleiding.

#### 3.5.1 Massamodus

Die massamodus fokus op 'n anonieme massa, dit beteken dat daar weinig direkte kontak tussen die begeleier en die ouers is (Pugh en De 'Ath, 1984:53). Inligting en kennis word deurgegee maar die vestiging van opvoedingsvaardighede word aan toeval oorgelaat.

Vanweë die variasie van aktiwiteite wat ouerbegeleiding as 'n bepaalde aksie kenmerk, is dit vanselfsprekend dat ouerbegeleiding as 'n sambreelkonsep figureer. Die verskillende aanbiedingsvorme word op makro-vlak onder hierdie oorkoepelende konsep gesien. Ferreira (1987:107) beklemtoon dat ouerbegeleiding gaan oor die verspreiding en aanbieding van inligting deur radio, televisie, boeke, tydskrifartikels en so meer. In die geval van ouerbegeleidingsgroepe val die klem benewens die verwerwing van kennis ook op die bemeestering van ouerskapsvaardighede.

Ouers het deur die jare hulle kennis oor die opvoeding van kinders uit verskillende bronne verkry. Hicks (1988:28) het gevind dat die mees algemene tradisionele bronne vir ouerbegeleiding is:

- Familie en vriende.
- Boeke, tydskrifte, video's en advertensies.
- Kundiges soos verpleegsters, mediese dokters, kliniese sielkundiges, maatskaplike werkers (doen die meeste van begeleiding) wat dikwels optree by geleenthede wat gereël word deur kerke en klinieke.
- Ander (sprekers) leke, wat genader word deur ouer-onderwyserverenigings om by skole met ouers te praat. Hierdie sprekers is nie altyd geregistreerde lede van die helpende professies nie.

Vervolgens sal die massamodus as afsonderlike modi bespreek word.

##### 3.5.1.1 Boeke

Boeke is vrylik beskikbaar en verkrygbaar by biblioteke en boekhandelaars. Dit dien as bron om inligting oor opvoeding en opvoedingsaangeleenthede te versprei. Die afgelope dekade is 90 000 boeke oor kinderopvoeding in die Verenigde State van Amerika verkoop (Ferreira, 1987:108).

Boeke as medium vir ouerbegeleiding het beperkinge, onder meer dat dit 'n sekere geletterdheidspeil vereis en dat die werklike effek en invloed wat die inhoud op die leser het nie bepaal kan word nie. 'n Groot aantal Suid-Afrikaanse ouers is nie geletterd nie en/of kan nie hierdie boeke bekom nie. Die aankoop van deskundige werk rakende kinderopvoeding is nie 'n waarborg dat die boek noodwendig gelees of as naslaanwerk gebruik word nie. Vrae wat by die leser oor die inhoud van 'n boek of 'n bepaalde bron ontstaan, bly dus onbeantwoord. Sou die leser 'n boek benut, is die interpretasie van die inhoud oorgelaat in die hand van die leser. (Vergelyk Ferreira, 1987:109 en Harman en Brim, 1980:163-164.) Ouers word met artikels en boeke rondom ouerbegeleiding, waarin adviesgewers en deskundiges raad gee oor hoe om 'n kind op te voed en te versorg, gebombardeer.

Boeke bly steeds 'n belangrike vorm van ouerbegeleiding en kan as algemene handleiding benut word in groepsbesprekings. Dit bied geleentheid aan ouers wat graag lees om hul kennis oor hul kinders se ontwikkeling en opvoeding uit te brei. Boeke is veral van waarde vir ouers wat nie ander vorme van ouerbegeleiding kan benut nie.

### **3.5.1.2 Pamflette en boekies van kleiner formaat**

Pamflette en boekies is 'n belangrike vorm van ouerbegeleiding en is uiters bruikbaar en nuttig om leiding aan opvoeders te verskaf. Dit is heelwat korter van formaat en fokus gewoonlik op 'n bepaalde aspek eerder as op 'n verskeidenheid van aspekte (Ferreira, 1987:109).

Pugh en De `Ath (1984:54) meld verder dat pamflette en boekies deur organisasies wat welsyns-en gesondheidsdienste lewer, verskaf word, soos byvoorbeeld aan swanger vroue.

In Suid-Afrika word boekies en pamflette dikwels deur organisasies uitgegee wat help om jou kind se selfbeeld te verbeter en om lewensvaardighede te ontwikkel. Hulle raak onderwerpe aan soos seksvoorligting aan kinders en kommunikasie met jou kind.

Voordele van pamflette en boekies van kleiner formaat:

- Dit kos relatief min.
- Dit neem min tyd in beslag.
- Dit fokus op 'n afgebakende onderwerp.
- Volwassenes verkies om opvoedingsinligting op die wyse te bekom en te lees.

Nadele van pamflette en boekies van kleiner formaat:

- Dieselfde beperkings geld as in die geval van boeke (Ferreira 1987:110).

### 3.5.1.3 Tydskrifte en koerante

Massas mense word op 'n daaglikse, weeklikse en maandelikse basis deur koerante en tydskrifte bereik en die trefkrag hiervan mag nie onderskat word nie. Pugh en De`Ath, (1984:54) meen dat vrouetydskrifte en joernale die meeste artikels en inligting rondom ouerbegeleiding bevat. Ruimte word in tydskrifte gelaat waar artikels spesifiek deur kundiges (terapeute) geskryf word. In die laaste jare het tydskrifte te voorskyn gekom wat net fokus op ouerskap en kinderopvoeding. In die Verenigde State van Amerika is 'n leserstal van 2 miljoen mense wat maandeliks spesialiteitstydskrifte koop om sodoende meer kennis en inligting rondom bepaalde aspekte te bekom.

In Suid-Afrika self is die sogenaamde spesialiteitstydskrifte (gespesialiseerde tydskrifte wat fokus op ouerskap en kinderopvoeding) besig om goeie en insiggewende artikels ten opsigte van kinderopvoeding en ouerskap te plaas. Voorbeelde hiervan is: Kleutertydperk, Ek en my kind, My Baby en Living and Loving .

Voordele van tydskrifte en koerante:

- Tydskrifte en koerante word op 'n gereelde basis deur mense aangekoop.
- 'n Ononderbroke stroom van opvoedingskemas en inligting word aan die opvoedingsgemeenskap voorsien.
- Artikels word in 'n maklike en verstaanbare "leketaal" aangebied.
- Artikels kan in opvolgreekse verskyn.
- Dit is bekostigbaar en maklik verkrygbaar.

Nadele van tydskrifte en koerante:

- As gevolg van die beperkte omvang kan artikels soms oppervlakkig wees en 'n gebrek aan diepte openbaar.
- Bogenoemde artikels kan eerder verwarring as verheldering bring.
- Die moontlikheid dat artikels deur joernaliste geskryf word en nie deur deskundiges nie kan nadelige gevolge vir die leser inhou (Ferreira, 1987:110).

Volgens Moss in Pugh en De`Ath (1984:56) verhoog sekere leesmateriaal bekommernisse en angstigheid by ouers eerder as om dit te verminder en hulle gerus te stel.

#### 3.5.1.4 Radio en Televisie.

Radio en televisie en nou ook video's bied plaasvervangende leergeleenthede aan ouers oor die gesinslewe deur drama, advertensies en programme soos "Coronation Street" en "The Archers". Dokumentêre programme word aangewend om lig te werp op aspekte soos kindermishandeling, enkelouerskap en tienerswangerskappe. Gewilde voorskoolse programme bied dikwels die geleentheid aan ouers om dit saam met hul kleuters te geniet. Talle opvoedkundige programme vir kinders op skool en vowassenes is ook besig om `n waardevolle bydrae tot ouerbegeleiding en kinderopvoeding te lewer (Pugh en De `Ath, 1984:55). Volgens Ferreira, (1987:113) is hierdie media van besondere belang vir die implementering van ouerbegeleidingsaktiwiteite veral vanweë die plooibaarheid daarvan.

Harman en Brim (1980:68) onderskei tussen twee tipes televisieprogramme:

- Programme wat as `n reeks op `n spesifieke tyd gebeeldsaai word met `n omvattende onderwerp met `n direkte doel om ouers te onderrig, te vorm, te sensiteer en te motiveer.
- Programme wat op vermaak gerig is maar wat onderliggende opvoedingsboodskappe dra.

Voordele van radio en televisieprogramme:

- `n Groot deel van die opvoedingsgemeenskap kan maklik bereik word veral deur die radio.
- Daar is relatief lae koste verbonde aan deelname.
- Programontwerpe kan aangepas word om verskillende bevolkingsgroepe, taal en kulturele verskille asook leerbehoefte te akkomodeer.
- Radio en televisie is in `n meerdere mate toeganklik aangesien dit nie `n formele geletterdheidspeil vereis nie.
- Aangesien radio en televisie in kombinasie met ander leesstrategieë gebruik kan word, is dit uiters bruikbaar vir ouerbegeleiding.

Nadele van Radio- en Televisieprogramme:

- Beskikbare uitsaaityd is beperk aangesien ouerbegeleidingsprogramme met vermaaklikheidsprogramme moet meeding.

- Radio word deur die breë publiek met vermaaklikheid eerder as met opvoedkunde geassosieer.
- Beide radio en televisie is hoofsaaklik gerig op eenrigtingverkeer (Harman en Brim, 1980:168-172).
- Televisie bied 'n oordrewe romantiese en geïdealiseerde beeld van die gesin uit (Pugh en De 'Ath, 1984:56).

### 3.5.1.5 Films, strokiefilms, skyfies en videobande

Die waarde van die medium is daarin geleë dat beeldmateriaal sowel as klank voorsien word. Volgens Ferreira (1987:113) vorm bogenoemde nuttige onderrig en leermateriaal tydens domonstrasies, besprekings en analise.

### 3.5.1.6 Lesings

Tydens lesings het die deskundige direkte kontak met die gehoor. Indien enige onduidelikhede ontstaan, kan dit tydens die vraetyd opgeklar word. Groot groepe ouers kan dus bereik word en om lesings meer ideaal te maak, kan gekombineerde besprekingsgroepe met 'n groepleier waarin ouers uitgenooi word om spontaan deel te neem, benut word. Op hierdie wyse word individuele leerbehoefte bevredig, probleme opgeklar en opvoedingservaring gedeel (Ferreira, 1987:113).

Lesings kan op videoband of klankkasset opgeneem en weer verder versprei word aan persone wat nie 'n lesing bygewoon het nie. Hierdie opnames bied die geleentheid aan ouers om weer na inligting te luister en dit by hulself in te skerp. Lesings is 'n benutbare bron vir ouerbegeleidingsdoelindes en kan gekombineerd met werkboeke, studiehandleidings en plakkate aangebied word.

Dit is die mening van die navorser dat die massa-modus dit vir moeders in geografiese afgeleë gebiede moontlik maak om meer kennis en inligting aangaande kleuteropvoeding en versorging te bekom. Hier speel veral die radio, televisie, tydskrifte, koerante en pamflette 'n belangrike rol. Tog kan die beskikbare inligting as voorkomende en verrykende inligting beskryf word eerder as herstellende inligting, aangesien dit nie altyd op 'n gegewe tyd, 'n gegewe probleem of behoefte aanspreek nie, tensy deur toeval.

Gespesialiseerde handleidings (boeke) oor opvoeding en versorging van die kleuter is redelik bekombaar vir moeders wat boekwinkels en biblioteke in stede besoek en dienste soos byvoorbeeld, "Leserskring", benut. Boeke is duur maar lewer tog as massa-modus 'n doeltreffende bydrae in 'n



poging om moeders se kennis en insig te verbeter. Vir die behoeftige moeder is boeke onbekostigbaar en dienste soos 'n biblioteek onbereikbaar.

Indien moeders inligting lees, is dit moeilik om te bepaal in watter 'n mate sy die kennis en inligting toepas in haar optrede en versorging van die kleuter.

### 3.5.2 Die Groepmodus

Groepleiding is 'n gewilde wyse waarop ouerbegeleiding aangebied en voltrek word. Dit is veral van waarde waar ouers die geleentheid kry om hul eie ervarings met die res van die groeplede te deel en opvoedkundige inligting direk met eie ervarings te verbind. 'n Sensitiwiteit moet vir die ouers se behoeftes en unieke ervarings gebied word (Pugh en De 'Ath, 1984:56). Hier word nie net inligting ontvang nie, maar geleentheid word gebied om dit om te skakel in handelings-bevoegdheid (Ferreira, 1987:114). Die groepmodus bied geleentheid vir ouerbegeleiding teen 'n laer koste as wat die geval met individuele opleiding is.

Die begrip groepmodus of groeptegniek in ouerbegeleiding omsluit 'n wye verskeidenheid van moontlikhede waarvan die volgende volgens Harman en Brim (1980: 176-181), die belangrikste is:

- Die grootte van die groep wissel van vier tot honderd lede.
- Groeplede word beloon met 'n sertifikaat van bywoning.
- Die strategie wat benut word, is groepbesprekings, rollespel, videobande en lesings.
- Byeenkomste kan duur tussen een en 'n halfuur tot twee uur sessies een keer per week of maand.
- Dit kan oor 'n periode van ses tot tien weke of ses tot tien maande geskied.
- Ander moontlikhede is werksinkels van 'n dag of langer, konferensies en/of seminare.
- Die kurrikulum kan deur die groep se behoeftes of deur ouerbegeleier bepaal word.
- Groepering wissel en kan van homogene tot heterogene groepe strek.
- Dit kan deur 'n verskeidenheid instansies of organisasies soos skole, kerke, kinderleidinginstitute, gesondheids- en welsynsdienste, verwerklik word.

Volgens Harman en Brim (1980:179) is daar drie verskillende wyses waarop ouerbegeleiding in groepe aangebied kan word:

- **Frontale aanbiedingswyse (frontal presentation)**

Die aanbieding word primêr in lesingsvorm aangebied. Dit kan ook deur middel van 'n film of videoband voorgehou word vir vroeë en groepsbesprekings onder leiding van 'n deskundige oerbegeleier.

- **Groepsbesprekings**

Groepe word deur 'n groepleier gelei waar die verloop van die inhoudsbespreking deur deelnemers (groeplede en leier) bepaal word. Die groepleier kan dieselfde persoon bly of elke moeder kan 'n beurt kry om as groepleier op te tree en die besprekings te lei. 'n Professionele persoon soos 'n maatskaplike werker kan byvoorbeeld as supervisor of waarnemer optree. 'n Moeder kan self 'n onderwerp instudeer om te bespreek, of 'n spreker kry wat die onderwerp kan hanteer.

- **Situasie-oudisie**

In hierdie situasie word rollespel gebruik waar fiktiewe opvoedingshandelinge of praktyke uitgebeeld, bespreek en gemodelleer word. Die doel hiervan is die toerusting van ouers in die alledaagse opvoedingspraktyk. Gewoonlik kry die ouers tuisopdragte om te voltooi sodat kennis en vaardigheid ingeoefen kan word.

### **3.5.2.1 Ouerbegeleidingsprogramme**

Ouerbegeleidingsprogramme het ten doel om ouers te help om 'n positiewe houding rakende ouerskap te ontwikkel. Dit bring mee, die vermeerdering van warmte en liefde teenoor die kind asook die ouer se onvoorwaardelike aanvaarding van die kind. Vir die ouer self impliseer dit die verbetering van sy selfbeeld, selfvertroue en geestesgesondheid en die vermindering van die alleengevoel in die kind-grootmaakproses (Alvy, 1994:318-319). Dit is die mening van die navorser dat ouerbegeleidingsprogramme aan ouers die geleentheid bied om hul kennis te vermeerder met betrekking tot hul kleuter en hulself te bemagtig betreffende hul versorging, opvoedingstaak en die gesinstaat.

Volgens Lefrancois (1993:283) neem bykans elke ouerbegeleidingsprogram die menseregte van elke kind in ag wanneer op die behoefte en begeertes gefokus word en gepoog word om outoritêre

strafmetodes te ontmoedig of te verminder. Die meeste ouerbegeleidingsprogramme het 'n gemeenskaplike doelwit, naamlik om 'n warm, liefdevolle, ouer-kindverhouding daar te stel, kommunikasie tussen ouer en kind te bevorder en beginsels soos respek, eerbied, agting, en so meer. te versterk.

Ouerbegeleiding bied nie in alle gevalle oplossings vir die komplekse probleme wat ouers beleef nie, hiermee word ook bedoel dat ouerbegeleidingsprogramme nie almal voorsiening maak vir die individualiteit, ouderdom en geslag van elke kind nie. Ouers kan mislei word deur die gedagte dat oplossings net in een metode vasgevang is aldus Brooks ( in Lefrancois 1993:283.) Gordon (1975:1) meen: “Parents are blamed, but not trained”. Opvoedingsfoute kan voorkom word deur ouers doelbewus te voorsien van kennis en vaardighede waardeur hulle hul opvoedingstaak meer effektief kan volvoer.

Die volgende twee programme word deur die navorser as benutbaar vir die begeleiding van die moeder met 'n kleuter of kleuters in groepsverband beskou. Die hele gesin kan baat vind deur die beginsels van die STEP of PET binne die gesinsopset te benut.

- **PET (Parent Effectiveness Training)**

Thomas Gordon se “Parent Effectiveness Training” is 'n uitvloeisel van Carl Rodgers se non-direktiewe kliënt-gesentreerde terapie (Fine, 1980:9). Levant & Shlien (1987:9) beskryf die program as redelik geslaagd: “PET appears to result in positive changes in parent attitudes (self-report) and behaviour (child-rated)”.

In die ouerbegeleidingsprogram word van drie basiese strategieë gebruik gemaak om met die ouers te werk:

- Kognitiewe benadering waar lesings en demonstrasies benut word.
- 'n Groepsbenadering deur die aanbieding van groepsbesprekinge.
- 'n Behaviouristiese benadering deur taakanalise en die inoefening van nuwe vaardighede (Gianotti & Doyle, 1982:132).

PET is in wese 'n interpersoonlike kommunikasiemodel wat impliseer dat kommunikasie tussen die ouer en kind gelykwaardig en nie-dwangmatig moet wees. Kongruensie verwys na die aanvaarding van 'n mens se gevoelens en die direkte kommunikasie daarvan aan ander. Ouers word onderrig in die

bemeestering van `n verskeidenheid van kommunikasievaardighede waardeur aanvaarding oorgedra word. Voorbeelde hiervan is om as gespreksknopers op te tree, aktiewe of passiewe luisteraars te wees of om gevoelens te reflekteer (Gordon, 1975:30-35). Volgens Engelbrecht (1993:50-51) word raadgewende- konfronterende en probleemoplossende vaardighede aan ouers in PET-program geleer. Ouers word geleer om konflik in die opvoedingsituasie so te hanteer dat die mees verantwoorde, gewenste en aanvaarbare oplossings gevind kan word (Ferreira, 1987:92).

Die oorkoepelende doelstelling van die PET-program kan beskryf word as die daarstelling van toereikende opvoedingsverhoudinge wat gekenmerk word deur gelykwaardigheid en wedersydse agting vir mekaar se uniekheid en erkenning van unieke individuele behoeftes (Ferreira, 1987:91).

Volgens die PET-benadering is die ouers alleen verantwoordelik vir die toereikende volwassewording van hul kind. Die oorsprong van onaanvaarbare gedrag word dus voor die deur van die ouers gelê wat nie leiding ontvang het in toereikende ouerskap nie. As kritiek teen die PET word die eie aandeel van die kind in die opvoedingsgebeure misgekyk (Van Vollenhoven, 1992:26). Croake in Louw (1990:113) is van mening dat die PET – benadering minder voorkomend van aard is.

- **STEP (Systematic Training for Effective Parenting)**

Systematic Training for Effective Parenting (STEP) is `n oerleidingsprogram wat ontwerp is deur Dinkmeyer en McKay en sy oorsprong vind uit die Adleriaanse benadering (Engelbrecht, 1993:46).

Die grondbeginsels waarop STEP berus is die volgende:

- Die gesin is die primêre sosialiseringseenheid wat die persoonlikheidsontplooiing van die kind dra.
- STEP se benadering is opvoedkundig van aard. Gebrek aan inligting, kennis en vaardighede wat by ouers ontstaan, is grondliggend aan probleme in die alledaagse opvoeding.
- Erkenning van wedersydse gelykwaardigheid kan die beste bydra tot positiewe kommunikasie tussen bogenoemde partye. Gelykwaardigheid impliseer nie gelykheid nie, en
- STEP is ontwerp om ouers te begelei, te onderrig en vaardig te maak in opvoedingstrategieë wat ook verder impliseer dat ouer en kind gelykwaardig is in hulle betrokkenheid by opvoedingsgebeure (Van Vollenhoven, 1992:30).

Volgens Hicks (1988:13) poog STEP om ouers op 'n sistematiese wyse te lei na 'n meer demokratiese opvoedingstyl, met ander woorde die ouer is ingestel op die welsyn, selfaktualisering en positiewe selfkonsep van die kind. Die mees basiese behoefte van 'n kind is volgens Dinkmeyer en McKay (in Van Vollenhoven, 1992:31), geborgenheid, met ander woorde, om te "behoort". Wanneer 'n kind onseker is van sy geborgenheid maak hy hom skuldig aan een van vier afwykende gedragswyses naamlik:

- Aandagsoekery
- Magsvertoon
- Vergelding
- Demonstrasie van ontoereikendheid.

STEP stel voor dat die kind gelei word om die logiese gevolge van sy gedrag te begryp. Sodoende word 'n bepaalde lewensvaardigheid aangeleer wat hom in staat stel om toereikende verhoudings met gesinslede maar ook met mense buite gesinsverband te stig. 'n Verdere doel is om alle lede van 'n gesin bewus te maak van elkeen se rol en funksie binne die gesin. Die inisiatief moet deur die ouer geneem word. Fasette wat hanteer word sluit in :

- Wedersydse agting vir mekaar se behoeftes
- Ordelikheid in gesinskonteks
- Samewerking in gesinskonteks
- Konsekwente gesag
- Verantwoordelikeaansvaarding in die gesin.
- Kinders moet nie op ouers aangewese wees vir vermaak nie (Van Vollenhoven, 1992:29).

Deelname aan hierdie program vereis aktiewe tuiswerk in groepverband veral om die opvoedingsbeginsels en vaardighede te bemeester. Tuiswerk sluit in: gespreksvoering, ontleding van opvoedingsbeginsels en bemeestering van kommunikasietegnieke deur rollespel (Ferreira, 1987:85).

Bogenoemde ouerbegeleidingsprogramme kan dus met sukses deur ouers met kleuters in groepsverband gebruik word. Daar is verskeie faktore wat nie in die aanbieding van die programme en aktiwiteite geïgnoreer kan word nie, naamlik:

- Afwesige vader in opvoeding van 'n kind.
- Toename in aantal moeders wat tot die arbeidsmark toetree.
- Veelvuldigheid van waardes en norme in samelewings wat tot botsings lei in gesinne.

- Die invloed van die portuurgroep en ander betekenisvolle volwassenes in die lewe van die kind en so meer (Ferreira, 1987:85).

Dit is die mening van die navorser dat die gebruik van die groepmodus in die geval van moeders met kleuters, waardevol kan wees. Die feit dat moeders 'n homogene groep vorm, laat die moeder beseef dat daar ander moeders is met dieselfde vrae, behoeftes, bekommernisse en gebrek aan kennis. Moeders se wedersydse ondersteuning in groepsverband asook die nuwe kennis en inligting wat uitgeruil en aangebied word, is van waardevolle belang. Deur die inoefening van vaardighede en rolspel word moeders bemaagtig om hul opvoeding- en versorgingstaak te volvoer. Verder meen die navorser dat die groepmodus nog meer effektief kan wees wanneer 'n ouerbegeleidingsprogram geskryf kan word deur 'n maatskaplike werker of spelterapeut wat spesifiek op die besondere behoeftes van moeders geskoei is. Daar moet egter gewaak word teen die "voor-die-voet" benutting van reeds bestaande ouerbegeleidingsprogramme. Daar moet seker gemaak word dat die moeders se behoeftes deur programme aangespreek word. Dit kan dalk nodig wees om programme aan te pas of te herskryf.

Die groepmodus is meer tyd-en koste-effektief en 'n beter moontlikheid vir moeders met kleuters op die platteland.

### **3.5.2.2 Inhoud van ouerbegeleidingsprogram**

Dit is die mening van die navorser dat die inhoud van 'n ouerbegeleidingsprogram tweeledig van aard kan wees. Ten eerste kan dit algemeen van aard of tweedens op 'n spesifieke probleem gerig wees. Die doel in die breë is dat dit 'n positiewe invloed op beide die kleuter en die moeder sal hê.

Dit is die mening van die navorser dat die moeder van nodige kennis en inligting voorsien moet word aangaande die ontwikkeling van die kleuter. Hiermee word bedoel dat die fisiese, kognitiewe, emosionele, sosiale en normatiewe asook die kleuter se ontwikkelingstake breedvoerig bespreek moet word. Hierdeur kan onrealistiese verwagtinge wat moeders aan kleuters stel, geminimaliseer word en plek maak vir meer realistiese verwagtinge wat in ooreenstemming met die kleuterfase is.

Die moeder kan deurlopend bewus gemaak word van haar rol en invloed op die lewe van die kleuter. Die bydrae wat sy ten opsigte van elke ontwikkelingsaspek kan lewer, moet uitgelig word. Alvy (1994:326) beklemtoon dat ouers die belangrikste invloed op die lewe van hul kinders het.

Kommunikasievaardighede kan bespreek en inge oefen word ten einde `n beter moeder-kind verhouding te bewerkstellig. Moeders moet aangemoedig word om eerder die “ek-boodskap” as die “jy- boodskap” te benut. Deur die toepassing van die gestaltbeginsels kan die kleuter gehelp word om keuses te maak en beheer te kry. Inoefening van vaardighede kan moeders bemagtig, wat hulle opvoedingsvaardigheid verhoog.

Aandag kan geskenk word aan alternatiewe wyses van straf Die konsekwente toepassing van reëls en dissipline kan `n veilige struktuur vir kleuters daarstel waarbinne hulle kan ontwikkel en funksioneer.

Moeders moet besef dat hulle hul kleuters onvoorwaardelik moet aanvaar en liefhê.

Verder is dit die mening van die navorser dat elke moeder bewus moet wees van haar skeppingsdoel, Christelike beginsels moet benut en geïntegreer word ten einde moederskap te verstaan en te waardeer.

Die aanbieder van `n ouerbegeleidingsprogram moet die volgende in ag neem wanneer `n ouerbegeleidingsprogram vir moeders met kleuters aangebied word:

- Elke persoon is `n unieke individu.
- Elke persoon beleef unieke behoeftes.
- Elke persoon moet onvoorwaardelik aanvaar word.
- Elke persoon moet gerespekteer word.
- Insette moet gerespekteer word.
- Ondersteuning moet onvoorwaardelik aan alle lede wees.

Die invloed van `n algemene ouerbegeleidingsprogram op die moeder en kind (kleuter) word vervolgens aangedui:

**Invloed op die moeder:**

- Voorsien moeders van `n positiewe filosofie rondom moederskap
- Vermeerder warmte, liefde en aanvaarding vir kleuter
- Verminder gevoel van verwerping jeens kleuter
- Verhoog selfvertroue

- Verbeter selfkonsep
- Verbeter geestelike gesondheid
- Verlaag die geïsoleerde gevoel wat moeders in die kind grootmaakproses mag beleef.

#### **Invloed op die kind:**

- Verbeter selfvertroue en selfbeeld
- Bring mee dat kind sosiaal aanvaarbaar is
- Verbeter samewerking met ander
- Neem ander persone in ag
- Verbeter vaardighede wat in ontwikkelingstadium belangrik is
- Verbeter positiewe emosionele sensitiwiteit
- Verbeter algemene gedrag
- Verminder afhanklikheid
- Vermeerder onafhanklikheid
- Vermeerder onafhanklikheid en outonomie
- Verbeter kommunikasie (Alvy, 1994:239).

Die invloed van ouerbegeleidingsprogramme wat op 'n spesifieke behoefte afgestem is, se invloed op beide die moeder en kleuter word bespreek:

#### **Invloed op die moeder:**

- Vermeerder kennis en begrip vir die kleuter en kinderontwikkeling
- Vermeerder kennis en begrip vir dwelmmisbruik
- Benut direkte aanmoediging en prysing
- Bevorder probleemoplossings en gesinsbesluitnemingsvaardighede en strategieë
- Gebruik van nie-gewelddadige dissiplinerings soos verbale konfrontering
- Verminder agressie en kritiek jeens kind.
- Verbeter selfbeheersing.

#### **Invloed op die kind:**



- Kleuter kan makliker gevoel van liefde wys
- Verminder negatiewe aandagsoekery
- Verhoog positiewe aandagsoekery
- Verminder ongehoorsaamheid, agressie, rebellie, terugpraterij, bakleiery en leuenvertellery;
- Verminder rusteloosheid en hiperaktiwiteit
- Verminder impulsiwiteit en geïrriteerdheid
- Verminder “tantrums” en huilery oor onbenullighede
- Verminder vrese en fobies
- Verminder bednatmaak en swak slaap (Alvy, 1994:326).

### 3.5.3 Die individuele modus

Individuele ouerbegeleiding geskied gewoonlik op mikro-vlak en varieër in die intensiteit van kontak. Inligting word aan ouers verskaf of `n proses van berading of terapeutiese handeling word deurloop.

Die individuele modus is vir die navorser `n veilige vorm van ouerbegeleiding, veral vir die moeder wat makliker blootgestel voel en nie gemaklik is om in groepverband te deel nie. Die proses is vertroulik, persoonlik en op die unieke situasie of probleem afgestem wat die moeder ervaar. Die koste hieraan is hoër en die proses is meer tydrowend.

### 3.6 Hulpmiddels vir ouerbegeleiding

Die telefoon is `n waardevolle kommunikasiemedium wat geleentheid aan ouers bied om deel te neem aan radio- of televisie inbelprogramme waar probleme rondom kinderopvoeding bespreek word. Ouers bly dus anoniem maar die nodige inligting word kosteloos bekom. Krisishulplyn is ook tot die beskikking van ouers wat nie die moed het om self hulp te gaan soek nie en anoniem wil bly. Vir moeders wat toegang tot die internet het, is dit moontlik om webtuistes te besoek wat inligting voorsien rakende probleme wat hulle ondervind.

Die internet bied `n ouerbegeleidingsprogram, “Play for parenting” wat deur moeders in Suid-Afrika benut word.

### 3.7 Besikbaarheid van ouerbegeleiding modus

Daar word 'n wye verskeidenheid ouerbegeleidingsprogramme in stede aangebied, wat die keuse van 'n ouerbegeleidingsprogram vir moeders vergemaklik

Op die platteland is moeders se keuse van ouerbegeleiding beperk. Sommige massa-modi kan plaaslik aangekoop word. Biblioteke bied 'n beperkte keuse van bronne waarvan sommige verouderd is. Die platteland verteenwoordig 'n verskeidenheid van tale en kulture wat meebring dat ouerbegeleidingsmodi nie vir alle moeders toeganklik is nie.

### 3.8 Samevatting

Moeders ontvang nie altyd opleiding ten opsigte van hul selfopgelegde taak nie en daarom ontstaan daar talle vrae rondom die opvoeding en versorging van hul kleuters. Ouerbegeleiding kan antwoorde op hierdie vrae verskaf aan die hand van 'n wye verskeidenheid modi. Moeders kan egter na gelang van hul unieke behoeftes en voorkeure 'n vorm van ouerbegeleiding kies wat oplossings vir hul opvoedingsprobleme bied.

Die begeleiding van moeders ten opsigte van hul kleuters moet verskuif na eerder 'n voorkomende as regstellende strategie. Hierdie klemverskuiwing sal meebring dat opvoedingsprobleme betyds onderskep, geïdentifiseer, geminimaliseer en selfs voorkom kan word sodat regstellende of gespesialiseerde hulp op mikro-vlak nie ingeroep moet word nie. Dit is belangrik om seker te maak dat inligting en kennis wat deur ouers ontvang word, omgesit word in opvoedingsvaardighede. Alhoewel 'n onbekende massa persone bereik word deur die massamodus is dit nie seker hoeveel van hierdie gegewe inligting deur ouers ingeskerp word nie. Massamodus sluit die volgende in: Boeke, pamflette, boekies van kleiner formaat, tydskrifte, koerante, radio, televisie, films, strokiesfilms, skyfies en lesings. Die groepsmodus en individuele modus bied groter geleentheid aan moeders om inligting en kennis in ouerskapvaardighede om te sit asook om onduidelikhede uit die weg te ruim en ouerskapvaardighede deur rolspel in te oefen. Die moeder word beter toegerus om aan te gaan met die opvoeding van haar kleuter.

Ouerbegeleidingsprogramme soos die PET en STEP is reeds jare lank beproef. Hierdie programme is doelgerig en fokus op reeds geïdentifiseerde behoeftes. Moeders het dus 'n keuse om die tipe ouerbegeleiding te benut wat vir haar gemaklik en probleemoplossend van aard sal wees.

In hoofstuk 4 sal aandag geskenk word aan: die uiteensetting van empiriese gegewens, verwerking en interpretasie van data.

## **HOOFSTUK 4**

### **EMPIRIESE ONDERSOEK EN INTERPRETASIE VAN DATA**

#### **4.1 INLEIDING**

In hoofstuk 2 is die ontwikkeling van die kleuter bespreek asook die rol wat die primêre versorger, die moeder in die lewe van die kleuter speel. In hoofstuk 3 is ouerbegeleiding bespreek. Al bogenoemde inligting is benut om 'n teoretiese raamwerk vir die empiriese studie daar te stel. Vervolgens sal die uitvoering van die empiriese ondersoek, die insameling, verwerking en interpretasie van data uiteengesit word.

#### **4.2 DOELSTELLING**

Die doelstelling van hierdie studie is om 'n behoeftebepaling by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrostdistrik op die Vrystaatse platteland te doen ten einde vas te stel of daar 'n behoefte aan ouerbegeleiding bestaan.

#### **4.3 DOELWITTE**

Die volgende doelwitte is geïdentifiseer ten einde die doelstelling te kon bereik.

Om vanuit 'n literatuurstudie en gesprekke met kundiges, 'n teoretiese raamwerk daar te stel aangaande ouerbegeleiding, die algemene ontwikkeling en funksionering van 'n kleuter, sowel as die moeder se taak as primêre versorger in die lewe van 'n kleuter.

Om deur 'n empiriese studie die nodige inligting te bekom om te bepaal of moeders met kleuters in die Frankfort-landdrostdistrik 'n behoefte aan ouerbegeleiding ervaar.

Om aanbevelings na aanleiding van die behoeftebepaling te maak en moontlike hipoteses vir verdere navorsing daar te stel

#### **4.4 NAVORSINGSVRAAG**

Vir die doel van die navorsing is 'n navorsingsvraag gestel, aangesien daar op een veranderlike gefokus word en nie op die verband tussen twee veranderlikes soos in die geval van 'n hipotese nie. Die navorsingsvraag kan nie beantwoord word alvorens alle inligting nie ingesamel en verwerk is nie.

Die navorsingsvraag is soos volg: Bestaan daar 'n behoefte na ouerbegeleiding by moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik?

#### **4.5 KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING**

Vir die doeleindes van die navorsingstudie is 45 moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik deur ewekansige steekproeftrekking geïdentifiseer. Op 1 Junie 2001 het navorser 45 vraelyste aan 45 respondente, per hand oorhandig om te voltooi. Al 45 vraeslyste (100%) is deur respondente voltooi en op 'n sentrale punt (Bambi Kleuterskool) terugbesorg en deur navorser in ontvangs geneem.

#### **4.6 DIE ONTWIKKELING VAN DIE VRAELYS**

In die onderhawige ondersoek is van 'n selfontwerpte vraelys gebruik gemaak (Kyk Bylae 2). Vir die doeleindes van die ondersoek was dit prakties en doeltreffend. Die inligting wat met behulp van hierdie vraelys ingesamel is, is deur die Departement Statistiek, van die Universiteit van Pretoria geanaliseer en sal vervolgens bespreek word :


#### **4.7 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK**

Die vraelys het bestaan uit twee-en-twintig vrae wat in elf afdelings verdeel is. Die elf afdelings het die volgende inligting gedek: biografiese gegewens, massamedia, groepmodus, individuele modus, algemene inligting, begeleidingsbehoefte, fisiese ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, affektiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, probleemgebiede en die moeder.

#### 4.7.1 Biografiese gegewens


Om die anonimiteit van respondente te verseker was dit vir geen respondent tydens die voltooiing van die vraelys nodig om identifiserende besonderhede te verskaf nie.

Die doel van vraag 1.1 was om vas te stel waar die respondente woonagtig is. Die inligting word in figuur 4.1 weergegee:



Die aanduiding is dat (26) 58% respondente op plase woonagtig is en (19) 42% respondente op die dorp woon.

Ter aansluiting by die biografiese gegewens dui die respondente in vraag 1.2 (figuur 4.2) aan of hulle Afrikaans- of Engelssprekend is. Hierdie inligting word deur middel van figuur 4.2 weergegee.




In figuur 4.2 dui al die respondente aan dat hulle Afrikaanssprekend is. Daar kan dus die afleiding gemaak word dat die meeste moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik Afrikaanssprekend is aangesien die steekproef verteenwoordigend van die populasie moeders met kleuters is. Hierdie inligting sou dus daarop dui dat ouerbegeleidingsfasiliteite in Afrikaans aangebied behoort te word.

In die daaropvolgende vraag (1.3) wou die navorser vasstel hoeveel tyd per dag die respondent aan haar beroep bestee. Die keuses is as volg:

- 1.Voldag
- 2.Halfdag
- 3.Skofte
- 4.Fleksie-ure
- 5.Twee dae per week
- 6.Drie dae per week

Inligting word in tabel 4.1 weergegee:



Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat uit die totale aantal respondente, naamlik 45 (100%), wat aan die navorsingsstudie deelgeneem het, 21 (46,6%) respondente tyd aan een of ander beroep bestee. Die meeste respondente 9 (42,86%) werk voldag, terwyl 5 (23,81%) fleksie-ure werk. Die navorser maak die afleiding dat moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik wat nie voldag werk nie, tog vrye tyd tot hul beskikking het. Hierdie stelling word deur vraag 6.2 (tabel 4.3) ondersteun wanneer respondente aandui dat "tyd" die faktor is wat hulle die minste van ouerbegeleiding weerhou.


In vraag 1.4 is vasgestel wat die aard van die respondent se beroep is.

Die keuses is as volg:

1. Algemene handelaar
2. Administratiewe assistente
3. Regsberoep
4. Verpleegkundige
5. Opvoedkundige

Hierdie gegewens word in tabel 4.2 weergegee.





Uit bogenoemde tabel 4.2 is dit duidelik dat van die 21 buitenshuis werkende moeders die hoogste persentasie 9 (42,86%) respondente wat 'n beroep beoefen, administratiewe beamptes is. 'n Verdere 5 (23,81%) funksioneer as opvoedkundiges. Die 24 (53,3%) respondente wat geen buitenshuise beroepsarbeid verrig nie, funksioneer as huisvroue (tuisteskeppers). Dit blyk dus dat meer as die helfte van die moeders bedags tuis is.

In vraag 5.1 (tabel 4.3) dui respondente aan hoeveel voorskoolse kinders deel is van die gesin.

**TABEL 4.3 HOEVEELHEID VOORSKOOLSE KINDERS**

Aantal Respondente	Aantal Kinders Per Gesin	Totaal Van Aantal Kinders
21	2	42
16	1	16
8	3	24
Totaal		82
n = 45		

Respondente dui in tabel 4.3 aan dat 21 respondente elk 2 voorskoolse kinders het, 16 respondente het elk slegs 1 voorskoolse kind en 8 respondente het elk 3 voorskoolse kinders. In totaal is 45 respondente met 82 voorskoolse kinders (kleuters) by die ondersoek betrek.

#### 4.7.2 Massamedia

Daar bestaan 'n verskeidenheid van ouerbegeleiding aan die hand waarvan ouers hulp en leiding kan ontvang. In die lig hiervan is die volgende afdelings naamlik massamedia, groepsmodus en individuele modus asook vrae wat daarop betrekking het in die vraelys opgeneem.

Deur die daarstelling van vraag 2.2 (tabel 4.4) het die respondent die geleentheid gekry om aan te dui watter tipe massamedia sy as ouerbegeleiding benut en in watter mate. Hierdie gegewens word in tabel 4.4 weergegee:

**TABEL 4.4: MASSAMEDIA**

Frekwensie	Nooit	Soms	Gereeld
Boeke oor kinderopvoeding	0	22 (48.88%)	23 (51.12%)
Pamflette en inligtingstukkies	9 (20.93%)	25 (58.14%)	9 (20.93%)
Tydskrifte (bv. Sarie)	4 (8.89%)	23 (51.11%)	18 (40.00%)
Gespesialiseerde tydskrifte (bv. Baba & Kleuter)	7 (16.28%)	16 (37.21%)	20 (46.51%)
Koerante	29 (65.91%)	13 (29.55%)	2 (4.55%)
Radioprogramme	14 (31.82%)	27 (61.36%)	3 (6.82%)
Televisie	17 (37.78%)	22 (48.89%)	6 (13.33%)
Films	30 (68.18%)	11 (25.00%)	3 (6.82%)
Videobande	23 (52.27%)	19 (43.18%)	2 (4.55%)
Lesings	20 (45.45%)	19 (43.18%)	5 (11.36%)
Gemiddeld	34.75%	44.65%	20.59%
n = 45			

Uit tabel 4.4 blyk dit dat respondente die meeste boeke oor kinderopvoeding, naamlik 23 (51,12%) en gespesialiseerde tydskrifte 20 (46,51%) benut om doelbewus nuwe kennis en inligting oor kinderopvoeding in te win. Die grootste persentasies word in die "soms" tabel aangeteken waar dit blyk dat die benutting van pamflette 25 (58,14%), tydskrifte 23 (51,12%) en die radio 27 (61.36%) die suksesvolste is. In totaal is die gereelde benutting naamlik 20,59% van die massamedia heelwat

minder as nooit (34,75%) en soms (44,65). Die afleiding kan gemaak word dat die nie-beskikbaarheid van sommige van die massamedia bydrae tot die onderbenutting van die medium op die platteland byvoorbeeld: films 30 (68,18%), videobande 23 (52,27%) en lesings 20 (45,45%). Die onderbenutting van die koerant 29 (65,91%) kan moontlik toegeskryf word aan respondente wat op plase woonagtig is en nie die medium op 'n daaglikse basis bekom soos in die stede nie.

#### 4.7.3 Groepmodus

Die respondent kan in vraag 3.1 (tabel 4.5) aandui watter groepsmodus sy benut en tot watter mate. Hierdie gegewens word nou in tabel 4.5 weergegee.

**TABEL 4.5: GROEPSMODUS**

Frekwensie	Nooit	Soms	Gereeld
Gestruktureerde ouerbegeleidingsgroep	41 (91.11%)	4 (8.89%)	0
Gestruktureerde terapeutiese groep	38 (84.44%)	3 (6.67%)	4 (8.89%)
Ouerleidingsprogram (bv Step)	42 (93.33%)	2 (4.44%)	1 (2.22%)
n = 45			

Die benutting van die groepsmodus deur respondente dui op 'n totale onderbenutting. Die aanduiding is dat 41 (91,11%) respondente nooit van gestruktureerde ouerbegeleiding gebruik maak nie. 38 respondente (84,44%) behoort aan geen gestruktureerde terapeutiese groep nie en 42 (93,33%) van die respondente is glad nie deel van 'n ouerbegeleidingsprogram nie. Slegs 4 (8,89%) respondente is soms deel van 'n gestruktureerde terapeutiese groep en 1 (2,22%) soms deel van 'n ouerbegeleidingsprogram.

Uit hierdie inligting kan dus afgelei word dat hier 'n behoefte by die moeders aan groepsbyeenkomste mag bestaan waar onderwerpe oor die opvoeding en versorging van hul kleuters bespreek word en groepsonderskraging plaasvind. Aangesien geen sulke dienste in die Frankfort-landdrostrik bestaan nie, dui dit dus op 'n leemte waarin die maatskaplike werker kan voorsien.

#### 4.7.4 Individuele modus

In vraag 4.1 (tabel 4.6) wil die navorsers vasstel watter individuele modi die respondent benut en in watter mate.

**TABEL 4.6: INDIVIDUELE MODUS**

Frekwensie	Nooit	Soms	Gereeld
Berading	32 (71.11%)	9 (20.00%)	4 (8.89%)
Gesinsterapie	40 (88.89%)	4 (8.89%)	1 (2.22%)
24-uur Krisishulplyn	45 (100.00%)	-	-
Onderwyser	19 (42.22%)	19 (42.22%)	7 (15.56%)
Arbeidsterapeut	21 (46.67%)	15 (33.33%)	9 (20.00%)
Sielkundige	37 (82.22%)	7 (15.56%)	1 (2.22%)
Maatskaplike Werker (Speltherapeut)	40 (88.89%)	4 (8.89%)	1 (2.22%)
Predikant	34 (75.56%)	7 (15.56%)	4 (8.89%)
n = 45			

In tabel 4.6 is dit duidelik dat die meeste respondente naamlik 9 (20,00%) gereeld 'n arbeidsterapeut en 7 (15,56%) 'n onderwyser benut vir ouerbegeleiding. Die aanduiding is dat 37 (82,22%) van respondente nooit 'n sielkundige, 40 (88,89%) 'n maatskaplike werker en 34 (75,56%) die predikant benut vir ouerbegeleiding nie. Die dienste van die maatskaplike werker word slegs deur 1 (2,22%) respondent benut en dit dui op die onderbenutting van maatskaplike werkers se dienste en kennis ten opsigte van kleuterontwikkeling en -opvoeding. Dit mag ook wees dat die bestaande maatskaplike werkdienste vanweë groot gevalleladings, nie oor die nodige tyd beskik om aandag te kan gee aan ouerbegeleiding nie. Respondente moet ver afstande reis om kundiges te besoek.

#### 4.7.5 Algemeen

Drie afsonderlike vrae is in vraag 5.1 (tabel 4.7) geïntegreer wat volgens die literatuurstudie in hoofstuk 3 verkry is. Die respondent kon ten eerste aandui in watter mate sy van haar moederlike instink gebruik maak in die opvoeding van haar kleuter en in watter mate sy van die ou weë gebruik maak waarlangs haar moeder haar grootgemaak het om haar eie kleuter op te voed. Die daaropvolgende vraag toets die respondente se mening tot watter mate hulle meen dit noodsaaklik is

om op hoogte te wees van nuwe inligting rondom kleuterontwikkeling. Hierdie inligting word nou in tabel 4.7 weergegee en bespreek:

**TABEL 4.7: ALGEMEEN**

<b>Frekwensie</b>	<b>Nooit</b>	<b>Soms</b>	<b>Gereeld</b>
V.28 In watter mate maak u van instink gebruik in die opvoeding van u kleuter		4 (8.89%)	41(91.11%)
V.29 Maak u gebruik van die weë waarlangs u moeder u grootgemaak het om u eie kleuter op te voed	1 (2.22%)	27 (60.0%)	17 (37.78%)
V.30 Sou u sê dat dit noodsaaklik is om op die hoogte te wees van nuwe inligting rondom kleuterontwikkeling	-	9 (20.0%)	36 (80.0%)
n = 45			

Uit tabel 4.7 dui 41 (91,11%) van respondente aan dat hulle gereeld van hul instink gebruik maak in die opvoeding van hul kleuter. 27 (60,00%) respondente dui aan dat hulle soms gebruik maak van die weë waarlangs hul moeder hulle grootgemaak het, om hul kleuters op te voed, terwyl 17 (37,78%) gemeen het dat hulle hierdie weë gereeld benut. Die oorgrote meerderheid van respondente naamlik 36 (80,1%) het gemeen dat dit noodsaaklik is om op die hoogte te wees van nuwe inligting rondom kleuterontwikkeling. Die afleiding kan gemaak word dat respondente 'n behoefte toon aan meer kennis rondom kleuterontwikkeling.

#### **4.7.6 Begeleidingsbehoefte**

In hierdie afdeling word die vraag (6.1) aan die respondent gestel of sy al ooit die behoefte gehad het om raad te ontvang in verband met die probleme wat sy ervaar in die opvoeding en stimulering van die kleuter? Sy kry ook geleentheid om haar mening te lug of daar in die Frankfort-landdrosdistrik 'n behoefte aan professionele ouerbegeleiding bestaan al dan nie. Hierdie gegewens word nou in tabel 4.8 weergegee.

**TABEL 4.8: BEGELEIDINGSBEHOEFTES**


n = 45	Ja	Nee
Het u as ouer al ooit behoefte gehad oor leiding en raad in die verband	43 (95.56%)	2 (4.44%)
Sou u sê dat daar in u gemeenskap 'n behoefte bestaan aan professionele ouerbegeleiding	45 (100.00%)	-

In vraag (6.1) dui 43 (95,56%) van alle respondente aan dat hulle al 'n behoefte gehad het aan leiding en raad in die opvoeding en stimulering van die kleuter. 'n Belangrike aanduiding is dat 45 (100%) van respondente meen dat daar in die gemeenskap 'n behoefte aan professionele ouerbegeleiding bestaan. Hierdie inligting bevestig dus navorsers se aanvanklike hipotese wat as motivering van die navorsing gedien het. Hierdie inligting is dan ook die antwoord op die navorsingsvraag van hierdie studie.

In vraag (6.2) kry die respondent die geleentheid om die faktore, wat sy meen haar van formele ouerbegeleiding weerhou, in volgorde te rangskik. Respondente is gevra om die faktore te rangskik, met ander woorde, 1 die mees belangrike tot 5 - die mees onbelangrike. Die faktore is as volg:

1. Tyd
2. Afstand
3. Geografiese ligging
4. Finansies
5. Beskikbaarheid van bronne vir ouerbegeleiding

Hierdie gegewens word in figuur 4.3 weergegee:




In hierdie grafiese voorstelling dui 17 (37,7%) respondente aan dat hul geografiese ligging die belangrikste faktor is wat hulle van formele ouerbegeleiding weerhou. Hierna meen 15 (33,3%) respondente elk dat "afstand" en "beskikbaarheid van bronne vir ouerbegeleidingprogramme" hulle van formele ouerbegeleiding weerhou. Slegs 7 (15,5%) respondente het gemeen tyd is 'n belangrike faktor en 3 finansies. Respondente dui ook aan watter faktore hulle die minste (mees onbelangrikste) van ouerbegeleiding weerhou. Die volgorde is: finansies 16 (35,5%), 11 (24,4%) beskikbaarheid van bronne vir ouerbegeleidingsprogramme, 8 (17,7%) afstand, 4 (8,8%) tyd en geografiese ligging 3 (6,6%). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat respondente meen dat hulle oor genoegsame tyd beskik en dat finansies nie 'n wesenlike probleem blyk te wees wanneer formele ouerbegeleiding ter sprake is nie.

Die volgende kan dus afgelei word: dat formele ouerbegeleiding nie bereikbaar is vir moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik nie as gevolg van die ver afstande wat gery moet word.

In die volgende afdelings kry die respondente die geleentheid om aspekte van kleuterontwikkeling onder die oog te neem. Die afdelings word soos volg ingedeel: fisiese ontwikkeling (afdeling 4.7.7), kognitiewe ontwikkeling (afdeling 4.7.8), affektiewe ontwikkeling (afdeling 4.7.9) en sosiale ontwikkeling (afdeling 4.7.10) Gegewens sal na elke figuur weergegee word.

#### 4.7.7 Fisiese ontwikkeling

In vraag 7.1 meld die respondent of sy belangstel of nie om haar kleuter se fisiese ontwikkeling te bevorder. Gegewens word in figuur 4.4 weergegee.




Uit figuur 4.4 is dit duidelik dat al 45 (100%) van die respondente belangstel om hul kleuter se fisiese ontwikkeling te bevorder.

In vraag 7.2 kon die respondent aandui watter aspekte sy meer oor sal wil leer en inligting bekom ten einde haar kleuter se fisiese ontwikkeling te bevorder. Die keuses is as volg:

1. Koördinasie (bv. Hand-, oog-koördinasie)
2. Grootspierbewegings (bv. Swem, loopgang)
3. Fyn spierbewegings (bv. Knip met 'n skêr)
4. Sensoriese modaliteite te bevorder (bv. Proe, ruik, hoor)

Hierdie gegewens word nou in tabel 4.9 weergegee:






Volgens tabel 4.9 dui 30 (66,66%) respondente aan dat hulle meer rondom die kleuter se koördinasie en fynspierbewegings wil leer om sodoende meer behulpsaam te wees met die kleuter se fisiese ontwikkeling. 28 (62,22%) respondente het gemeen dat hulle meer oor die ontwikkeling van sensoriese modaliteite. te wete wil kom. 24 (53,33%) respondente dui aan dat hulle meer kennis omtrent grootspierontwikkeling wil bekom.

Dit is duidelik dat respondente 'n behoefte het om hul kleuter se fisiese ontwikkeling te bevorder. Alvy (1994:1972) meen dat dit nodig is om ouers van inligting te voorsien rakende hul kleuter se ontwikkelingstadium tydens die aanbieding van 'n ouerbegeleidingsprogram. Dit is die mening van die navorser dat respondente meer realistiese verwagtinge van 'n kleuter se fisiese ontwikkeling sal hê wanneer hulle fisiese ontwikkeling beter verstaan.

#### 4.7.8 Kognitiewe ontwikkeling

Weereens kry die respondent die geleentheid om aan te dui in vraag 8.1 of sy belangstel om te help om haar kleuter se kognitiewe ontwikkeling te bevorder. Respondente reageer deur bloot 'n keuse tussen 'JA'

en 'NEE' te maak. Hierdie gegewens word nou weergegee:




n Aansienlike persentasie naamlik 43 (96%) van respondente dui aan dat hulle belangstel om hul kleuter te help om sy kognitiewe ontwikkeling te bevorder. Net 2 (4%) respondente het aangedui dat hulle nie belangstel om self betrokke te wees by hul kleuter se kognitiewe ontwikkeling nie.

In vraag 8.2 kon 'n respondent die aspekte aandui wat sy meen sy meer oor sal wil leer om haar kleuter se kognitiewe ontwikkeling te bevorder. Die keuses is as volg:

1. Visuele waarneming (bv. Verskille en ooreenkomste raak te sien)
2. Ouditiewe waarneming (bv. Geluide te kan onderskei)
3. Taswaarneming (bv. Onderskei tussen voorwerpe sonder om te kyk)
4. Reuk- en smaakwaarneming (bv. Gas wat brand met gevaar te assosieer)


Gegewens sal vervolgens weergegee word:



Die aspekte van kognitiewe ontwikkeling waarvoor die meeste respondente wil leer is visuele waarneming naamlik 34 (75,55%) respondente. Aangaande taswaarneming was daar 'n belangstelling van 33 (73,33%) respondente. 29 (64,44%) respondente het aangedui dat hulle meer oor reuk- en smaakwaarneming te wete wil kom en 26 (57,77%) respondente aangaande ouditiewe waarneming. Hierdie inligting dui dus daarop dat ouers 'n behoefte aan leiding ten opsigte van kognitiewe stimulasie van hul kleuters ervaar. Gegewens oor kognitiewe ontwikkeling moet dus sterk figureer in 'n ouerbegeleidingsprogram vir hierdie groep moeders.

#### 4.7.9 Affektiewe ontwikkeling

In vraag 9.1 kan die respondent aandui of sy belangstel om haar kleuter se affektiewe ontwikkeling te bevorder of nie. Hierdie gegewens word nou weergegee:




'n Totale 40 (89%) respondente dui aan dat hulle belangstel om hul kleuter se affektiewe ontwikkeling te bevorder. 5 (11%) respondente het aangedui dat hulle nie belangstel om hul kleuter se affektiewe ontwikkeling te bevorder nie, tog het 45 respondente die volgende vraag voltooi.

In vaag 9.2 kon die respondent uit 'n verskeidenheid keuses aandui oor watter aspekte sy 'n behoefte aan kennis het om haar kleuter se affektiewe ontwikkeling te bevorder.

Die keuses is as volg:

1. Aggressie hantering
2. Vrese te oorkom
3. Koppigheid te oorkom
4. Angs
5. Jaloesie, afguns te hanteer
6. Vreugde, blydschap en opgewektheid
7. Meegevoel vir ander te ontwikkel
8. Emosionele intelligensie te verhoog

Vervolgens sal hierdie gegewens weergegee en bespreek word:




Die affektiewe aspekte waarin respondente belangstel om in hul kleuter te bevorder word van hoog na laag aangedui:

1. Emosionele intelligensie te verhoog	34 (75,55%) respondente
2. Angs	26 (57,77%) respondene
3. Koppigheid te hanteer	26 (57,77%) respondene
4. Vrese te oorkom	26 (57,77%) respondene
5. Aggressie hantering	26 (57,77%) respondene
6. Jaloesie, afguns te hanteer	19 (42,22%) respondene
7. Meegevoel vir ander te ontwikkel	18 (40%) respondene
8. Vreugde / blydskap	17 (37,77%) respondene

Die meeste respondente, naamlik 34 (75,55%) dui aan dat hulle hul kleuters se emosionele intelligensie wil bevorder. 26 (57,77%) respondente dui aan dat hulle hul kleuters se koppigheid en aggressie hantering wil bevorder terwyl 26 (57,77%) aandui dat hulle hul kleuter sal wil help om angs en vrese te oorkom.

#### 4.7.10 Sosiale ontwikkeling

In vraag 10.1 kon die respondente aandui deur bloot 'n keuse tussen 'JA' en 'NEE' te maak of sy belangstel om haar kleuter se sosiale ontwikkeling te bevorder of nie. Hierdie aanduiding word deur die volgende figuur (4.7) voorgestel:




'n Oorgrote meerderheid van respondente, naamlik 43 (96%), het aangedui dat hulle hul kleuter sal wil help om sy sosiale ontwikkeling te bevorder.

Die daaropvolgende vraag (10.2) stel 'n aantal alternatiewe waar die respondente die sosiale aspekte kon aandui waarvoor sy meer kennis wil bekom. Die keuses is as volg:

1. Alternatiewe maniere van straf eerder as lyfstraf
2. Om kleuter te lei tot selfdissipline en selfbeheer
3. Om kleuter mededeelsaamheid te leer
4. Om kleuter aan te moedig om taakgerig te wees
5. Om verhoudings met portuurgroep te bevorder


Hierdie gegewens sal vervolgens weergegee en bespreek word:



Die sosiale aspekte wat deur die meeste respondente aangedui word wat hulle graag sal wil bevorder, is om die kleuter te lei tot selfdissipline en selfbeheersing 34 (75,55%), taakgerigheid te bevorder, naamlik 32 (71,11%) respondente en om hul verhouding met hul portuurgroep te bevorder 30 (66,66%) respondente. 24 (53,33%) respondente stel belang om hul kleuter mededeelsaamheid te leer. Slegs 22 (48,88%) respondente het aangedui dat hulle 'n behoefte het aan kennis oor alternatiewe wyses van straf eerder as lyfstraf.

#### 4.7.11 Probleemgebiede

In hierdie afdeling het die respondente die geleentheid gekry om drie probleme te identifiseer wat sy met haar kleuter ervaar waarvoor sy die minste toegerus voel. Vraag 11.1 is 'n ope vraag en respondente kon probleme in hul eie bewoording beskryf. Die gegewens sal vervolgens weergegee word:



Uit bogenoemde is dit duidelik dat moeders die meeste probleemgebiede in die kleuter se sosio-emosionele (aggressie en vrees) ontwikkeling identifiseer. Die tellings word van hoog na laag aangedui.


1. Aggressie hantering	12 respondente
2. Vrese te oorkom	11 respondente
3. Om opdragte te voltooi	8 respondente
4. Ongehoorsaamheid	7 respondente
5. Dissiplinerings	7 respondente
6. Portuurgroep gevegte	6 respondente

In die daaropvolgende vraag (11.2), dui die respondent aan hoe sy 'n probleem hanteer. Sewe moontlikhede word gebied waaruit respondente kon kies en ruimte word gelaat vir ander alternatiewes wat respondente voel gepas kan wees in probleemhantering. Die moontlikhede is as volg:

1. Sien dit as 'n 'fase' en laat u kleuter daaruit groei.
2. Lees in boeke op oor die probleem.
3. Gesels met ouers daaroor.
4. Gesels met 'n vriendin daaroor.
5. Kry professionele hulp.
6. Woon 'n kursus by oor die probleem.
7. Ander (spesifiseer)



Gegewens sal nou weergegee en bespreek word:



In figuur 4.8 dui die respondente aan hoe hulle as moeder 'n probleem rondom hul kleuter hanteer. Hier dui 34 (75,55%) respondente aan dat hulle met 'n vriendin oor die probleem sal gesels; 32 (71,11%) respondente dat hulle in boeke sal oplees oor die probleem en slegs 18 (40%) respondente meen dat hulle professionele hulp sal raadpleeg. Slegs 15 (33,33%) respondente sien 'n probleem net as 'n fase en laat hul kleuter daaruit groei. 3 (6,66%) respondente dui alternatiewelik aan dat wanneer hulle 'n probleem met hul kleuter beleef, hulle die probleem ook 'n gebedsaak maak. Slegs 4 (8,88%) respondente het aangedui dat hulle 'n kursus sal bywoon om 'n spesifieke probleem aan te spreek.

Hier kan die afleiding gemaak word dat die hulp van professionele persone vir ouerbegeleiding onderbenut word. Dit wil voorkom asof respondente probleme op hul eie wyse hanteer en probeer oplos. Die afleiding kan gemaak word dat ouers nie kennis dra van die tipe voorkomende dienste wat professionele persone soos maatskaplike werkers kan lewer nie en die kleuter se probleem nie as so ernstig belewe dat die dienste van 'n sielkundige ingeroep word nie.

#### 4.7.12 Moeder

In hierdie afdeling word drie afsonderlike vrae in vraag 12.1 aan die respondent gestel. Sy beantwoord vrae deur net 'JA' en 'NEE' te antwoord. Ten eerste wou die navorser vasstel of die moeder belangstel om haar eie opvoedingstyl tot 'n meer demokratiese opvoedingstyl te verander?

Tweedens wou vasgestel word of die moeder geleentheid kry om te ontspan en laastens of sy bewus is van haar eie behoeftes.

Hierdie gegewens word nou in tabelvorm weergegee en bespreek:

**TABEL 4.14: MOEDER**

<b>Keuse</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>
V.73 Stel u as moeder belang om u eie opvoedingstyl tot 'n meer demokratiese opvoedingstyl te verander?	30 (66.67%)	15 (33.33%)
V.74 Kry u as moeder kans om te ontspan?	32 (71.11%)	13 (28.89%)
V.75 Is u as moeder bewus van u eie behoeftes?	43 (95.56%)	2 (4.44%)
n = 45		

In vraag 12.1 dui 30 (66,67%) respondente aan dat hulle belangstel om hul eie opvoedingstyl tot 'n meer demokratiese opvoedingstyl te verander. 32 (71,11%) respondente dui aan dat hulle wel 'n kans kry om te ontspan terwyl 43 (95,56%) baie duidelik bewus is van hul eie behoeftes. Die afleiding kan gemaak word dat 15 (33,33%) moeders 'n demokratiese opvoedingstyl benut of tevrede is met die huidige opvoedingstyl wat hulle gebruik. 13 (28,88%) moeders dui aan dat hulle glad nie geleentheid kry om te ontspan nie en net 2 (4,44%) moeders het aangedui dat hulle nie bewus is van hul eie behoeftes nie. Dit blyk dat moeders ten spyte van hul besige lewens tog geleentheid kry om te ontspan. Dus: die 30 (66,67%) respondente wat aangedui het dat hulle hul opvoedingstyl wil verander en die 13 (28,89%) wat nie geleentheid kry om te ontspan nie, dui beduidend op 'n behoefte vir oerbegeleiding.

#### **4.8 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gebied van die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek. Verder is die gegewens wat uit die vraelyste verkry is, getabelleer, geanaliseer, ontleed en geïnterpreteer in 'n poging om die behoefte na oerbegeleiding ten opsigte van moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik te bepaal.

In hierdie ondersoek is 'n duidelike beeld gekry van die tipe ouerbegeleiding wat respondente benut en die mate waartoe dit benut word. Die resultate is dit eens dat daar 'n behoefte aan ouerbegeleiding in al vier bespreekte areas van kleuterontwikkeling by moeders in die Frankfortlanddrosdistrik bestaan. 'n Behoefte ten opsigte van ouerbegeleiding veral met die klem op kleuterontwikkeling het duidelik geblyk en hierdie bevindinge word in hoofstuk vyf saamgevat. Gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

## HOOFSTUK 5

### SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

#### 5.1 INLEIDING

Dit word algemeen aanvaar dat gemeenskappe hoë eise aan ouerskap stel wat meebring dat spanning en konflik in beide die kind en moeder verhoog (Gordon, 1975:1). Aangesien moeders nie oor voldoende kennis en inligting omtrent die ontwikkelingstadium, ontwikkelingsaspekte, ontwikkelingstake en versorging van hul kleuter beskik nie, bring dit mee dat onrealistiese verwagtinge aan die kleuter gestel word. Die doel van die onderhewige ondersoek was om vas te stel of moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik 'n behoefte aan ouerbegeleiding het.

In hoofstuk een is die aktualiteit van die probleem, die probleemstelling en die doel van die ondersoek gestel. 'n Volledige uiteensetting van die navorsingsmetodologie is gegee om 'n geheelbeeld te kry van die stappe wat gevolg sal word om die navorsingstudie te finaliseer.

In hoofstuk twee is gefokus op die ontwikkelingstadium van die kleuter. Hier is breedvoerig aandag gegee aan fisiese, kognitiewe, affektiewe en sosiale ontwikkeling asook die ontwikkelingstake van die kleuter. Die rol van die moeder is in die ontwikkeling en versorging van die kleuter verweef.

In hoofstuk drie is aandag gegee aan ouerbegeleiding. Die verskillende ouerbegeleiding wat deur moeders benut kan word, is bespreek, asook die voor- en nadele wat aan elke modus gekoppel word. Hoofstuk twee en hoofstuk drie dien as teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie ondersoek.

In hoofstuk vier is die klem laat val op die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek en die interpretasie van data.

Die oogmerke van hoofstuk vyf is daarop gerig om aan te dui tot watter mate gestelde doelstellings en doelwitte bereik is. Daar word ook beoog om vanuit die navorsingsresultate wat in hierdie studie bekom is, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, in terme van die navorsingsprosedure, soort navorsing en navorsingontwerp wat benut is. Aanbevelings in terme

van die behoeftebepaling vir die moeder van kleuters ten opsigte van ouerbegeleiding word ook bespreek.

## **5.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE**

### **5.2.1 Doelstelling**

**Die doelstelling van hierdie studie was : 'n ondersoek na die behoefte aan ouerbegeleiding by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik.**

Die doelstelling van die navorsingstudie is ten volle bereik deurdat daar vasgestel is dat moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik wel 'n behoefte aan ouerbegeleiding toon. Hierdie behoeftebepaling is met behulp van die empiriese studie gedoen. Die doelstelling is bereik deur die volgende doelwitte wat een vir een op grondvlak bereik is binne 'n gestelde tydraam.

### **5.2.2 Doelwitte**

Die doelwitte impliseer die een-vir-een stappe wat gevolg is om doelstelling te bereik. Die volgende doelwitte is gestel ten einde die doelstelling te kon bereik:

- **Om vanuit 'n literatuurstudie en gesprekke met kundiges, 'n teoretiese raamwerk aangaande ouerbegeleiding, die algemene ontwikkeling en funksionering van 'n kleuter en die moeder se taak as primêre versorger, daar te stel.**

Ten einde hierdie doelwit te bereik, is 'n deeglike voorondersoek gedoen. Vanuit die literatuurstudie en gesprekke met kundiges, is wetenskaplike kennis ingesamel wat die daarstelling van 'n volledige teoretiese raamwerk ten opsigte van kleuterontwikkeling, die rol van die moeder in die lewe van die kleuter en ouerbegeleiding moontlik gemaak het. Daar is verder bevind dat tegnologie vir kinderontwikkeling en ouerbegeleiding binne maatskaplike werk op die beginsels van die opvoedkunde en sielkunde geskoei is. Die literatuurondersoek is in hoofstukke 2 en 3 bespreek. Die doelwit is dus bereik.

- **Om deur 'n empiriese studie die nodige inligting te bekom om te bepaal of moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik 'n behoefte aan ouerbegeleiding ervaar.**

Die daarstelling van 'n teoretiese raamwerk het dit vir die navorser moontlik gemaak om 'n selfontwerpte vraelys op te stel waardeur data ingewin is. Die interpretering en analisering van gegewens is gedoen en dit was moontlik om te bepaal of moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik 'n behoefte na ouerbegeleiding ervaar. Die empiriese doel van die studie is in hoofstuk 4 bespreek. Ook hierdie is suksesvol bereik.

- **Om aanbevelings na aanleiding van die behoeftebepaling te maak en hipoteses vir verder navorsing daar te stel.**

Na afhandeling van die behoeftebepaling is dit vir die navorser moontlik om in hierdie hoofstuk tot samevattende gevolgtrekkings te kom, aanbevelings te maak en hipoteses vir verdere navorsing daar te stel. Hierdie doelwit is dus ook vir die doel van die navorsingstudie bereik

### **5.3 NAVORSINGSVRAAG**

In ooreenstemming met die navorsingbenadering, navorsingsontwerp en doelstelling van die studie, is die volgende navorsingsvraag geformuleer:

***Bestaan daar 'n behoefte aan ouerbegeleiding by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik?***

Na aanleiding van die besliste positiewe reaksie van die respndente op die vraag was dit duidelik dat daar wel 'n behoefte aan ouerbegeleiding in die Frankfort-landdrosdistrik bestaan. Na aanleiding van hierdie vraag en samevattende gevolgtrekking en aanbevelings wat hierna volg, sal die navorser aan die einde van hierdie hoofstuk 'n hipotese en navorsingsvraag vir verdere navorsing formuleer.

## **5.4 NAVORSINGSBENADERING, SOORT NAVORSING EN NAVORSINGS-ONTWERP**

### **5.4.1 Navorsingsbenadering**

Vir die doeleindes van die navorsingstudie is 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering gevolg. Die benadering het dit vir die navorser moontlik gemaak om die moeders se behoefte aan ouerbegeleiding te meet. Data is op 'n gestandaardiseerde en objektiewe wyse ingesamel en gemeet. Die benadering het die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing moontlik gemaak en was dus die geskikte keuse vir die navorsing. Die data is in tabelle en grafieke weergegee.

### **5.4.2 Soort Navorsing**

Toegepaste navorsing is in die navorsingstudie gebruik aangesien oorspronklike ondersoekwerk verrig is om tegnologiese en wetenskaplike kennis te vermeerder met praktiese benutting as uitsluitlike oogmerk. Bestaande kennis is met sukses as agtergrond benut om nuwe kennis in te samel om te bepaal of daar 'n behoefte aan ouerbegeleiding by moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik bestaan.

### **5.4.3 Navorsingsontwerp**

Die navorsingsontwerp verwys na die plan wat gevolg moet word om die hipotese of navorsings op die mees ekonomiese wyse te ondersoek. Vir die doeleindes van die navorsingstudie is 'n verkennende ontwerp toepaslik omdat die navorsingstudie moeders se behoefte aan ouerbegeleiding gaan verken het.

## **5.5 DATA-INSAMELING EN ANALISERING**

In die onderhawige ondersoek is van 'n ongestruktureerde vraelys gebruik gemaak. (Kyk Bylae 2). Vir die doeleindes van die studie is dit prakties en meer doeltreffend as byvoorbeeld onderhoudvoering. 'n Groot aantal respondente is benut. Die vraelys het data-insameling vergemaklik. Die literatuurstudie is benut vir die opstel van die vraelys in Afrikaans. Die vrae in

die vraelys is in maklik verstaanbare terme gestel wat dit vir elke respondent moontlik gemaak het om die vraelys volledig te benut. Die vraelys het uit twaalf afdelings bestaan met veelvoudige keusevrae en oop vrae. 45 vraelyste is aan 45 respondente uitgedeel. Al die vraelyste is terug ontvang en volledig deur respondente ingevul. Aangesien 'n kwantitatiewe benadering gevolg is, het dit die geldigheid en betroubaarheid van data-insameling verseker. Die vraelys was geskik vir objektiewe data-insameling en prakties om massainligting (data) te verkry. Die Departement van Inligtingstechnologie aan die Universiteit van Pretoria was behulpsaam met die voorbereiding en versorging van die vraelys.

Die Departement van Statistiek van die Universiteit van Pretoria was behulpsaam met die analisering van data. Dit kan gesien word as die gewenste keuse om massainligting te analiseer. Die nuutste tegnologie is gebruik in die verwerking van gegewens. Inligting is korrek en wetenskaplik geanaliseer wat die betroubaarheid en geldigheid waarborg. Hierdie inligting is deur die navorser met behulp van tabelle en grafieke in hierdie verslag weergegee en bespreek. Dit is die mening van die navorser dat die steekproef groot genoeg en verteenwoordigend van die populasie (universum) is. 'n Betroubare beeld van die situasie is, dit wil sê in die empiriese uiteensetting weergegee.

Die bevindinge van die onderhawige ondersoek bly beperk tot die doelpopulasie, te wete moeders van kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik. Die interpretasies en gevolgtrekkings het betrekking op die populasie en daar kan nie sonder meer veralgemeen word na alle moeders met kleuters nie, aangesien die moeders spesifiek vir hierdie ondersoek geselekteer is, na aanleiding van 'n spesifieke kriteria.

## **5.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS**

Gedurende die kleuterjare vind daar snelle en betekenisvolle fisiese, kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling plaas. Die moeder het die verantwoordelikheid om kennis te dra van die belangrike rol wat ontwikkeling in die kleuter se lewe vervul asook van haar bydraende funksie tot sy totale ontwikkeling. Die bewuswording en kennis van ontwikkelingsstake wat die kleuter moet bemeester in sy ontwikkelingsstadium dra by dat onrealistiese verwagtinge verdwyn en meer realistiese verwagtinge gestel word.



Moeders voel hulpeloos en nie meer opgewasse vir hul taak as moeder in die vinnig veranderende wêreld nie. Groter eise word aan moeders gestel en hulle lewer al meer 'n gelykwaardige bydrae tot die gesinsontwikkelingstake van die gesin, onder andere: finansies, beoefening van haar beroep en tuisteskepping.

Ouerbegeleiding bied aan moeders geleentheid om hulle opvoedingsvaardighede te verbeter en hulself te bekwaam vir hul taak as primêre versorger van die kleuter. Aangesien sekere vorme van ouerbegeleiding nie vir alle moeders veral op plattelandse gebiede toeganklik is nie, plaas dit 'n beperking op uitbreiding van bestaande kennis en inligting aangaande kleuterontwikkeling, opvoeding en versorging.

Sekere eksterne determinante motiveer moeders se optrede jeens hul kleuters soos byvoorbeeld, werksomstandighede, stres, hul huwelik en gebrek aan kennis.

Uit die empiriese studie is dit duidelik dat:

- Die oorgrote meerderheid van moeders in die Frankfort-landdrosdistrik is tuisteskeppers (huisvroue).
- Die massamedia word onderbenut deur respondente en dit blyk dat die nie-beskikbaarheid van sommige van die mediums op die platteland bydra tot die probleem.
- Die groepmodus word ook onderbenut. Die dienste word nie in die Frankfort-landdrosdistrik aangebied nie. Dit dui op 'n leemte waarin maatskaplike werk kan voorsien.
- Slegs 'n klein persentasie van die individuele modus word benut. Respondente moet ver afstande reis om kundiges te besoek wat bydrae tot onderbenutting van die individuele modus.
- Respondente dui aan dat daar wel 'n behoefte aan professionele ouerbegeleiding in die gemeenskap bestaan.
- Die geografiese ligging van respondente is die belangrikste faktor wat hulle van formele ouerbegeleiding weerhou. Respondente beskik oor genoegsame tyd om aan ouerbegeleiding te bestee en koste verbonde aan ouerbegeleiding word nie as 'n wesenlike probleem beskou nie.
- Respondente het 'n behoefte aan meer kennis rondom kleuterontwikkeling en wil self meer betrokke raak by die bydrae wat hulle kan lewer ten opsigte van die fisiese, kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling van hul kleuter.

## 5.7 AANBEVELINGS WAT UIT DIE ONDERSOEK VOORTVLOEI

In die lig van die belangrike rol wat die moeder in die totale ontwikkelingsverloop van die kleuter speel, en uit die samevattende gevolgtrekkings wat vir die empiriese gegewens gemaak is, kan die volgende aanbevelings gemaak word:

- Moeders in die Frankfort-landdrosdistrik moet ingelig word oor die ontwikkeling, opvoeding en versorging van haar kleuter.
- Moeders moet die belangrikheid besef van hul opvoedings- en versorgingstaak en dat die kleuterfase as basis dien vir die kleuter se latere ontwikkeling.
- Moeders moet bewus wees van hul eie behoeftes, roeping, gedrag en omstandighede en daarteen waak dat die faktore hul gedrag teenoor die kleuter negatief beïnvloed.
- Deur die benutting van beskikbare ouerbegeleidingsmodi kan moeders hulself bekwaam en toerus.
- Moeders moet aangemoedig word om ouerbegeleidingsmodi te benut. 'n Bewusmakingsproses kan benut word.
- 'n Ouerbegeleidingsprogram kan geskryf word vir moeders in die Frankfort-landdrosdistrik wat geskoei is op hul unieke behoeftes.
- Gesien in die lig dat 100% moeders 'n behoefte aan ouerbegeleiding aandui, moet 'n ouerbegeleidingsprogram geskryf word vir moeders in die Frankfort-landdrosdistrik wat geskoei is op hul unieke behoeftes soos weergegee in hierdie ondersoek.
- Die ontwikkeling en ontwerp van ouerbegeleidingsprogramme op makro-vlak wat geskik en aangepas is vir moeders van kleuters in die plattelandse gemeenskappe moet dringende aandag van die maatskaplike werker geniet.
- Gesien in die lig van die bevolkingsbeleid, -doelwitte en strategieë wat aandui dat die algemene welsyn van kinders die hoogste prioriteit by die regering geniet (S.A. Witskrif van Bevolkingsbeleid, 1996 : 57 en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997 : 59) wat aantoon dat daar 'n beraamde 9 947 000 kinders onder die ouderdom van nege jaar 'n behoefte toon

aan vroeë kinderontwikkeling, moet moeders van alle kultuur en taalgroepe betrek word by sulke programme.

- Die ontwikkeling van so 'n program moet rondom bestaande hulpbronne en hulpmiddele geskied soos in hierdie situasie duidelik blyk.
- Professionele persone binne die gemeenskap kan genader en aangemoedig word om by 'n ouerbegeleidingsgroep in 'n multi-professionele hoedanigheid betrokke te raak.

Vanuit die voorafgaande studie en gevolgtrekkings kan die volgende aanbeveling gemaak word: 'n Ouerbegeleidingsprogram word benodig spesifiek vir moeders met kleuters op die platteland wat geskoei is op hul besondere behoeftes.

## **5.8 ONDERWERPE VIR VERDERE NAVORSING**

Na aanleiding van hierdie navorsing word aanbeveel dat verdere navorsing gedoen word na aanleiding van die volgende hipotese, vraag en stelling:

- Hipotese: Indien 'n ouerbegeleidingsprogram benut word wat spesifiek geskoei is op moeders met kleuters se behoeftes ten opsigte van kleuterontwikkeling, sal hulle meer toegerus wees vir hul opvoedingstaak.
- Vraag: Sal 'n ouerbegeleidingsprogram wat spesifiek gerig is op moeders met kleuters opvoeding- en versorgingsvaardighede verbeter?
- Vraag: In hoe 'n mate sal moeders meer toegerus voel vir hul opvoeding en versorgingstaak wanneer hulle 'n ouerbegeleidingsprogram deurloop wat spesifiek vir hul behoeftes geformuleer is?
- Stelling: 'n Ouerbegeleidingsprogram vir moeders met kleuters sal bydra tot groter begrip vir die kleuter in sy ontwikkelingstadium.

## **5.9 SAMEVATTING**

Die belangrikheid van 'n moeder se rol in die opvoeding, ontwikkeling en versorging in die lewe van haar kleuter kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hoë eise word aan moeders gestel wat hul opvoedings- en versorgingstaak bemoeilik. 'n Gebrek aan kennis en inligting rondom

kleuterontwikkeling en opvoeding vererger die probleem. Deur ouerbegeleiding en veral 'n ouerleidingsprogram is dit moontlik om ouers toe te rus met opvoedingskennis en vaardighede. Hierdeur kan voorkomend te werk gegaan word en kleuters kan begelei word tot volle aktualisering van die self.

## VERWYSINGSLYS

- Abidin, R.R. 1980. **Parent education and intervention handbook**. Springfield: C. Thomas Publishers.
- Alvy, K.T. 1994. **Parent Training Today**. V.S.A: California.
- Ames, B. & Ames, C. 1981. **Don't push your preschooler**. New York: Harper and Row Publishers.
- Bigner, J.J. 1979. **Parent-child relations: An introduction to parenting**. New York: Macmillan Publishers Co.
- Bender, C.J.G. 1999. **Child development from an educational perspective**. Study Guide for M.A. (SW) Play Therapy. Pretoria: University of Pretoria.
- Berger, K.S.1983. **The developing person through the lifespan**. New York: Worth Publishers.
- Booyesen, C.M., Du Toit, S.J., Swanepoel, C.J.Schoenees, P.C. & Odendaal, F.F. **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal**. Vyfde uitgawe. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.
- Botha, A.; van Ede, D.M. & Piek, J.P. 1992. Die kleutertydperk. In Louw, D.A. **Menslike ontwikkeling**. Tweede uitgawe, derde druk. Pretoria: H.A.U.M.-Tersiêr.
- Boyd, C.F. 1994. **Different Children Different Needs**. United States of America: Multnomah Publishers.
- Burns, R.B. 1988. **Developmental tasks in adolescents**. South African Journal of Education. 8 (1): 33-34.
- Calitz, M.L. 1998. **Riglyne vir die Gestaltspelterapeut met betrekking tot die optimale tuisversorging van die kleuter**. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling. Universiteit van Pretoria: Pretoria.

Corsini, R.J. & Wedding, D. 1989. **Current psychotherapies**. 4th. edition. Illinois: F.E. Peacock Publishers.

Clark Stewart, A., Friedman, S. & Koch J. 1985. **Child Development. A Topical approach**. United States of America: John Wiley & Sons, Inc.

Dane, F.C. 1990. **Research methods**. Pacific Grove: Brooks Cole Publishing Company.

Dercksen, R., Aronstam, M., Kamstra-Cronje, A. en Van Wyk, S. 1989. **Edu-program: 'n Ouerhandleiding vir Kinderontwikkeling**. Hennopsmeer.

De Vos, A.S. 1998. **Research at Grass Roots**. Pretoria: J.L. Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 1998. The nature of research in the caring professions: In De Vos. **Research at Grass Roots**. Pretoria: J.L. Van Schaik Publishers.

De Wet, J.J. Monteith, J.L. Venter, P.A. en Steyn, H.S. 1983. **Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n Inleiding tot Empiriese Navorsing**. Durban: Butterworths.

De Witt, M.W. 1993. Die wording van die kind en die wordingsprobleme: Die voorskoolse kind. In De Witt, M.W. in samewerking met Engelbrecht, C.S., Jacobs, L.J., Lessing, A.C., Griesel, M.J., Du Toit, S.J en Pinsloo, E. **Ouerbegeleiding [BEd]** Enigste studiegids vir OSI 441-8. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Dicker, A. 1990. **Ouerbegeleidingsbehoefte ten opsigte van die milieu-begunstigde kleuter**. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling: Pretoria.

Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. **Die kind: 'n Opvoedkundige perspektief** Durban: Butterworths.

Duvall, C.M. & Miller, B.C. 1985. **Marriage and family development**. 6<sup>th</sup>.edition New York: Harper & Row Publishers, Inc.

Engelbrecht, C.S. 1993. Die aard van ouerbegeleiding. In Engelbrecht, C.S. in samewerking met Jacobs, L.J. Lessing, A.C., De Witt, M.W., Griesel, M.J., Du Toit, S.J. en Prinsloo, E.

**Ouerbegeleiding (BEd)**. Enigste. Studiegids vir OSI 441-8. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Engelbrecht, C.S. 1993. Ouerbegeleidingsmodelle uit verskillende teoretiese orientasies. In Engelbrecht, C.S. in samewerking met Jacobs, L.J. Lessing, A.C., De Witt, M.W., Griesel, M.J., Du Toit, S.J. en Prinsloo, E. **Ouerbegeleiding (BEd)**. Enigste Studiegids vir OSI 441-8. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Englert, C.S. & Palincsar, A.S. 1988. The reading process. In Reid D.K. **Teaching the learning disabled. A cognitive developmental approach**. Boston: Allyn and Bacon, Inc.

Ferreira, G.V. 1987. **Ouerbegeleiding op Makro-opvoedkundige vlak**. Pretoria: Verslag aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Ferreira, G.V. 1991. **Die operasionalisering van makrostrategieë vir ouerbegeleiding deur nie-formele en informele onderwys in 'n multikulturele samelewing**. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Fine, M. 1980. **Handbook on parent education**. New York: Academics Press.

Fowler, H.W. & Fowler, F.G. 1997. **The Concise Oxford Dictionary of current English**. London: Oxford University Press.

Gordon, A.M. & Browne, K.W. 1989. **Beginnings and Beyond** Canada: Delmar.

Gordon, T. 1970. **Parent Effectiveness Training (P.E.T.). The tested new way to raise responsible children**. New York: Peter H. Wyden.

Gordon, T. 1975. **Parent Effectiveness Training. (P.E.T.)**. New York: Peter H. Wyden.

Gianotti, T.J. & Doyle, R.E. 1982. The effectiveness of parental training on learning children and their parents. **Elementary School Guidance and Counseling**. 17 (2) 131-136.

- Grinell, R.M. & Williams, R.J. 1990. **Research in Social Work**. Illinois: Peacock Publishers.
- Harman, D & Brim, O.G. 1980. **Learning to be parents**. London: Sage Publications.
- Havinghurst, R.J. 1972. **Developmental tasks and education**. New York: David McKay Company, Inc.
- Hicks, G. 1984. **An investigation into the knowledge and the use of parent training in South Africa by various racial groups**. Pretoria: Human Science Research Council.
- Hicks, G. 1988. **An investigation into the knowledge and use of parent training in South Africa**. Pretoria: Human Science Research Council.
- Hofmeyer, L. 1989. **Die benutting van navorsing in maatskaplike werk**. Pretoria: Owen Burgers Uitgewers.
- Hendrick, J. 1986. **Total learning**. Ohio: Merrill Publishing Company.
- Huysamen, G.K. 1993. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. In Grinell, R.M. **Social Workresearch and evaluation**. 4<sup>th</sup> edition. Itasca, I.L. Peacock.
- Jonker, E.S. 1988. **Beweging en Skoolgereedheid**. Ongepubliseerde M. A.- Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Kerlinger, F.N. 1986. **Foundations of behavioral research**. 3<sup>rd</sup> edition. Fort Warth: Harcourt.
- Lansdown, R. & Walker, M. 1991. **Your child's development from birth through adolescence**. New York: Alfred A. Knopf. Inc.
- Lefrancois, G. 1993. **The lifespan**. California: Wadsworth Publishing Company.
- Le Roux, J. 1996. Die kommunikatiewe opgawe van die ouer ten opsigte van die selfkonsepvorming van die kind. **Lycra Academica**. 5(1) 24-32.



- Levant, R.F. & Shlien, J.M. 1987. **Client-centered therapy and the person-centered approach: new directions in theory, research and practice.** London: Greenwood Press.
- Louw, C.D. 1990. **Ouerbegeleiding vir geslagsopvoeding.** Ongepubliseerde M. A-Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Louw, D.A. 1990. **Menslike Ontwikkeling.** 2de Uitgawe, Pretoria: H.A.U.M.-Tersiêr.
- Louw, D.A. 1992. **Menslike Ontwikkeling.** 2de Uitgawe, derde druk. Pretoria: H.A.U.M.-Tersiêr.
- Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 1993. **Sielkunde : Inleiding vir studente in Suider- Afrika.** Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- Mahlangu, D.M.D. 1987. **Educational Research Methodology.** Pretoria: H.A.U.M.
- Marion, M. 1999. **Guidance for youn children.** 4 edition. United States of America: Prentice Hall.
- Mouton, J. 1985. Metodologie van die Geestewetenskappe. Raad vir geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria: RGN-drukkery.
- Mwamwenda, T.S. 1995. **Educational psychology. An African perspective.** 2 nd. edition. Durban: Butterworth.
- Naude, M. 1987. **Skeidingsangs. Ek en my kind.** Jaargang 10, no.2, pp. 13-14.
- Neethling, K.& Slabber, H. 1999. **Oopkop ouers, skep `n opwindende toekoms vir voorskolers.** Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.
- Neuman, W.L. 1997. **Social research methods: qualitative and qualitative approaches.** 3<sup>rd</sup> edition. Allyn and Bacon.
- Neuman, B.M. & Newman, P.R. 1999. **Development through life. A Psychosociol approach.** 7<sup>th</sup> edition. California: Wadsworth Publishig, Inc.

Niehaus, L. 1988. **Begeleiding van ouers van adolossente in `n welvarende opvoedings-milieu.** Ongepubliseerde M.A- Verhandeling, Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Oaklander, V. 1988. **Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolesents.** 2<sup>nd</sup> edition. New York: The Gestalt Journal Press. Inc.

Odendaal, M. 1993. **Die ontwikkeling van die milieu – begunstigde kleuter: Opvoedings- en ouerbegeleidingsimplikasies.** Ongepubliseerde M.A.- Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Olds, S.W. & Papalia, D.C. 1986. **Human Development.** 3<sup>rd</sup> edition. New York: McGraw –Hill.

Pipher, M. 1996. **The shelter of each other.** United States of America: Ballantine Books.

Pistorius, P. 1982. **Gister en vandag in die opvoeding.** Ongepubliseerde M.A.- Verhandeling. Potchefstroom: Universiteit van Potchefstroom.

Plug, C. Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1988. **Psigologie-Woordeboek.** 2de Uitgawe, Pretoria: Sigma-Pers.

Poland, J. & Craig, J. 1996. **The demanding child.** New York: Skylight Press.

Potter, G. 1986. Early literacy development. –It's time to align the curriculum with children's developmental stages. **The reading teacher.** 39 (7) 628-31.

Pretorius, J.W.M. 1990. **Opvoeding samelewing, jeug: 'n Sosiopedagogiek leerboek.** 2de Uitgawe, Pretoria: J.L. van Schaik.

Pugh, G. 1993. **Parent education. The role of adult education.** Vol. 55, no. 4, p. 357-365.

Pugh, G. 1984. **Parental education in action. Early development and Care.** Vol. 13, no. 12, p. 239-276.

Pugh, G. & De Ath, E. 1984. **The needs of Parents .Practice and Policy in Parent Education.** London: Macmillan.

Rathus, S.A. 1988. **Understanding child development.** New York: Holt, Rhinehart & Winston.

Roos, D. & Vlok, M. 1986. **Geniet jou kind tydens die voorskoolse jare.** Pretoria: J.P. van der Walt en Seun.

Read, K.& Patterson, J. 1980. **The nursery school and kindergarten.** New York: Holt, Rinehart and Winston.

Salkind, N.J. & Ambron, S.R. 1987. **Child Development.** United States of America: Holt, Rinehart and Winston.

Schoeman, J.P. 1999. **Die onontbeerlike vaardigheid in terapie met die kind.** Kursus: Speltherapie. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Seefeld, C. & Barbour, N. 1986. **Early childhood education: An Introduction.** Ohio: Charles E. Merrill.

Suid-Afrikaanse vroue federasie, 1984. **Botswadi-kursus.** Pretoria.

Suid-Afrikaanse Witskrif vir Bevolkingsbeleid, **Staatskoerant**, vol.376 no.17529. 31 Okt. 1996. Pretoria: Staatsdrukkery.

Sonnekus, M.C.H. 1984. **Opvoeding en Opvoedingsprobleme tussen ouer en kind.** Pretoria: H.A.U.M. Opvoedkundige Uitgewery.

Speedie, D.L. 2000. **The effect of a parenting skills programme on the selfesteem of the troubled child.** Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Thyer, B.A. 1993. Single-system research designs. In Grinnell, R.M. **Social Work reseach and evaluation.** 4<sup>th</sup> edition. Itasca, I.L: Peacock Publishers.

Vrey, J.D. 1984. **Die opvoeding in sy selfaktualisering**. Derde druk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, M. 1996. Basic components of play therapy. Assesment Play, Biblio-play, Dramatic play and Creative play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world: A playtherapy approach**. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Van Rensburg, C.J.J. & Landman, W.A. 1986. **Fundamenteel- Pedagogiese Begripsverklarings - `n Inleidende Oriëntasie**. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Van Vollenhoven, E. 1992. **Ouerleiding en oueropleidingsprogram vanuit `n opvoedkundige sielkundige perspektief**. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Walizer, M.H. & Weiner, P.L. 1978. **Research methods and analysis. Searching for realationships**. New York: Harper & Row.

Watkins, K.P. & Durant, L. 1987. **Day Care: A source book**. New York: Garland.

Witskrif vir Maatskaplike Welsyn. **Staatskoerant**, vol.386.no.18166, 8 Aug.1997. Pretoria: Staatsdrukkery.

Wepener,S 2001. **Onderhoud met Mev. Wepener, Maatskaplike werker (OVV) te Frankfort**. 4 Mei 2001.

West, J. 1996. **Child-centred play therapy**. London: Edward Arnold.

Wrigley, J. 1989. **Do young children need intellectualstimulation? Experts`advice to parents**. History of Education Quarterly, 29 (1) 41-75.

**Bylael**

Geagte Respondent

Moederskap is 'n belangrike maar, tog ook nie altyd 'n maklike opdrag nie. Voortdurende veranderings in 'n moderne samelewing gee aanleiding tot die ontstaan van talle vrae rondom die opvoeding van ons kinders.

As student aan die Universiteit van Pretoria se Maatskaplike Werk Departement, is ek tans besig om navorsing te doen oor die behoefte aan ouerbegeleiding by moeders met kleuters in die Frankfort-landdrosdistrik. Ouerbegeleiding is geskoei op u as moeder se besondere behoefte rakende u kleuter wat met behulp van die vraelys bepaal sal word. Ouerbegeleiding het ten doel om u as moeder te help om u kleuter beter te verstaan en te begelei na optimale funksionering.

U as primêre versorger van u kleuter kan 'n belangrike bydrae lewer deur die aangehegte vraelys te voltooi. U deelname is nie verpligtend nie. Indien u belangstel om die vraelys te voltooi word u versoek om die meegaande vraelys so noukeurig moontlik te beantwoord, en aan die navorser terug te besorg. U hoef geen identifiserende besonderhede op die vraelys bekend te maak nie aangesien respondente anoniem bly. Sal u asseblief onderstaande voltooi waarin u bevestig dat u deelname vrywillig is. Die dekbrieff sal met ontvangs van die vraelys verwyder word.

Inligting sal met die hulp van die Departement Inligtingstechnologie aan die Universiteit van Pretoria verwerk word.

U samewerking word waardeer.

Die uwe

B.H. venter (Me)

NS. Hiermee bevestig ek,.....dat my deelname aan die navorsingstudie vrywillig is.

Bylae 2

**VRAELYS**

**For Office Use**

In hierdie vraelys is daar geen regte en verkeerde antwoorde nie. Trek 'n **sirkel (O)** rondom die syfer in die **gekleurde** blokkie wat u antwoord aandui, of **skryf** u antwoord in die **gekleurde spasie** wat voorsien is.

Respondent

V1     1-4

**1. Biografiese gegewens**

**1.1** Waar is u woonagtig?

--

V2   5-6

**1.2** Wat is u huistaal?

Afrikaans	<b>1</b>
Engels	<b>2</b>

V3  7

**1.3** Werk u as moeder?

Voldag	<b>1</b>
Halfdag	<b>2</b>
Skofte	<b>3</b>
Ander (spesifiseer)	

V4  8

**1.4** Indien u as moeder werk, wat is u beroep?

--

V5   9-10

1.5 Hoeveel voorskoolse kinders is deel van u gesin?

**For Office Use**

Een	<b>1</b>
Twee	<b>2</b>
Drie	<b>3</b>
Vier of meer	<b>4</b>

V6  11

**2. Massamedia**

Dui aan watter medium u as moeder benut om doelbewus nuwe kennis en inligting oor kinderopvoeding in te win.

(Gebruik die kode Nooit, Soms of Gereeld)

<i>Medium</i>	<i>N</i>	<i>S</i>	<i>G</i>
Boeke oor kinderopvoeding	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Pamflette of inligtingstukkies	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Tydskrifte (Bv. Sarie)	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Gespesialiseerde tydskrifte (Bv. Baba en Kleuter)	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Koerante	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Radioprogramme	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Televisie	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Films	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Videobande	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Lesings	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>

V7  12  
 V8  13  
 V9  14  
 V10  15  
 V11  16  
 V12  17  
 V13  18  
 V14  19  
 V15  20  
 V16  21

**3. Groepmodus**

3.1 Dui aan of u deel is van die volgende of nie.

(Gebruik die kode Nooit, Soms of Gereeld)

<i>Deel van</i>	<i>N</i>	<i>S</i>	<i>G</i>
Gestruktureerde ouerbegeleidingsgroep	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Gestruktureerde terapeutiese groep	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Ouerbegeleidingsprogram (Bv. Step)	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>

V17  22  
 V18  23  
 V19  24

**For Office Use**

**4. Individuele modus**

**4.1** Dui aan of u van die volgende vir ouerbegeleiding gebruik maak.

(Gebruik die kode **Nooit**, **Soms** of **Gereeld**)

<i>Deel van</i>	<i>N</i>	<i>S</i>	<i>G</i>
Berading	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Gesinsterapie	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
24 uur - Krisishulplyn	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Onderwyser	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Arbeidsterapeut	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Sielkundige	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Maatskaplike werker	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Predikant	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>

V20	<input type="text"/>	25
V21	<input type="text"/>	26
V22	<input type="text"/>	27
V23	<input type="text"/>	28
V24	<input type="text"/>	29
V25	<input type="text"/>	30
V26	<input type="text"/>	31
V27	<input type="text"/>	32

**5. Algemeen**

**5.1** Dui aan wat op u van toepassing is.

(Gebruik die kode **Nooit**, **Soms** of **Gereeld**)

<i>Aspek</i>	<i>N</i>	<i>S</i>	<i>G</i>
In watter mate maak u van instink gebruik in die opvoeding van u kleuter?	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Maak u gebruik van die weë waarlangs u moeder u grootmaak het, om u eie kleuter op te voed?	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>
Sou u sê dat dit noodsaaklik is om op hoogte te wees van nuwe inligting rondom kleuterontwikkeling?	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>

V28	<input type="text"/>	33
V29	<input type="text"/>	34
V30	<input type="text"/>	35

**6. Begeleidingsbehoeftes**

**6.1** Daar bestaan baie probleme rondom die opvoeding en stimulering in die grootwordproses van die kleuter.

(Gebruik die kode **Ja** of **Nee**)

	<i>J</i>	<i>N</i>
Het u as ouer al ooit behoefte gehad aan leiding en raad in die verband?	<b>1</b>	<b>2</b>
Sou u sê dat daar in u gemeenskap 'n behoefte bestaan aan professionele ouerbegeleiding?	<b>1</b>	<b>2</b>

V31	<input type="text"/>	36
V32	<input type="text"/>	37



**For Office Use**

**6.2** Indien daar van die onderstaande faktore is wat u van formele ouerbegeleiding weerhou, rangskik die faktore waar **1** = Die belangrikste tot **5** = Mees onbelangrikste. Moet nie 'n rangwaarde herhaal nie

Tyd	
Afstand	
Geografiese ligging	
Finansies	
Beskikbaarheid van bronne vir ouerbegeleidingsprogramme	

V33	<input type="text"/>	38
V34	<input type="text"/>	39
V35	<input type="text"/>	40
V36	<input type="text"/>	41
V37	<input type="text"/>	42

**7. Fisiese ontwikkeling**

**7.1** Stel u belang om u kleuter te help om sy /haar fisiese ontwikkeling te bevorder?

Ja	<b>1</b>
Nee	<b>2</b>

V38	<input type="text"/>	43
-----	----------------------	----

**7.2** Indien wel, dui aan watter aspekte u meer oor sou wou leer om u kleuter se fisieke ontwikkeling te bevorder.

Koördinasie (Bv. hand-oog koördinasie)	<b>1</b>
Grootspierbewegings (Bv. swem loopgang)	<b>2</b>
Fynspierbewegings (Bv. knip met 'n skêr)	<b>3</b>
Sensoriese modaliteite te bevorder (bv. proe, hoor, ruik)	<b>4</b>

V39	<input type="text"/>	44
V40	<input type="text"/>	45
V41	<input type="text"/>	46
V42	<input type="text"/>	47

**8. Kognitiewe ontwikkeling**

**8.1** Stel u belang om u kleuter te help om sy /haar kognitiewe ontwikkeling te bevorder?

Ja	<b>1</b>
Nee	<b>2</b>

V43	<input type="text"/>	48
-----	----------------------	----

**For Office Use**

**8.2** Indien wel, dui aan watter aspekte u meer oor sou wou leer om u kleuter se fisieke ontwikkeling te bevorder.

Visuele waarneming (Bv. verskille en ooreenkomste raak te sien)	<b>1</b>	V44 <input type="checkbox"/> 49
Ouditiewe waarneming (Bv. geluide te kan onderskei)	<b>2</b>	V45 <input type="checkbox"/> 50
Tas waarneming (Bv. onderskei tussen voorwerpe sonder om te kyk)	<b>3</b>	V46 <input type="checkbox"/> 51
Reuk-en smaakwaarneming (Bv. gas wat brand met gevaar te assosieer)	<b>4</b>	V47 <input type="checkbox"/> 52

**9. Affektiewe ontwikkeling**

**9.1** Stel u belang om u kleuter te help om sy /haar affektiewe ontwikkeling (bv. agressie te verminder) te bevorder?

Ja	<b>1</b>	V48 <input type="checkbox"/> 53
Nee	<b>2</b>	

**9.2** Indien wel, dui aan watter aspekte u meer oor sou wou leer om u kleuter se affektiewe ontwikkeling te bevorder.

<i>Aspek</i>		
Aggressie hantering	<b>1</b>	V49 <input type="checkbox"/> 54
Vrese te oorkom	<b>2</b>	V50 <input type="checkbox"/> 55
Koppigheid te hanteer	<b>3</b>	V51 <input type="checkbox"/> 56
Angs (bv. skeidingsangs)	<b>4</b>	V52 <input type="checkbox"/> 57
Jaloesie, afguns te hanteer	<b>5</b>	V53 <input type="checkbox"/> 58
Vreugde, blydschap, opgewektheid	<b>6</b>	V54 <input type="checkbox"/> 59
Meegevoel vir ander te ontwikkel	<b>7</b>	V55 <input type="checkbox"/> 60
Emosionele intelligensie verhoog	<b>8</b>	V56 <input type="checkbox"/> 61

**10. Sosiale ontwikkeling**

**For Office Use**

**10.1** Stel u belang om u kleuter te help om sy /haar sosiale ontwikkeling te bevorder?

Ja	<b>1</b>
Nee	<b>2</b>

V57  62

**10.2** Indien wel, dui aan watter aspekte u meer oor sou wou leer om u kleuter se sosiale ontwikkeling te bevorder.

<i>Aspek</i>	
Alternatiewe maniere van straf eerder as lyfstraf	<b>1</b>
Om kleuter te lei tot selfdisipline en selfbeheer	<b>2</b>
Om kleuter mededeelsaamheid te leer	<b>3</b>
Om kleuter aan te moedig om taakgerig te wees (m.a.w take te voltooi)	<b>4</b>
Verhoudings met portuurgroep te bevorder	<b>5</b>

V58  63

V59  64

V60  65

V61  66

V62  67

**11. Probleem-gebiede**

**11.1** Noem **drie** probleme wat u met u kleuter ervaar waarvoor u die minste toegerus voel


V63   68-69

V64   70-71

V65   72-73

11.2 Hoe hanteer u as moeder 'n probleem rondom of met u kleuter?

**For Office Use**

Sien dit as 'n "fase" en laat u kleuter daaruit groei	<b>1</b>
Lees in boeke op oor die probleem	<b>2</b>
Gesels met u ouers daaroor	<b>3</b>
Gesels met 'n vriendin daaroor	<b>4</b>
Kry professionele hulp	<b>5</b>
Woon 'n kursus by oor die spesifieke probleem	<b>6</b>
Ander (spesifiseer)	

V66	<input type="text"/>	74
V67	<input type="text"/>	75
V68	<input type="text"/>	76
V69	<input type="text"/>	77
V70	<input type="text"/>	78
V71	<input type="text"/>	79
V72	<input type="text"/>	<input type="text"/> 80-81

**12. Die Moeder**

12.1 Antwoord die volgende vrae wat op u van toepassing is.  
(Gebruik die kode Ja of Nee)

	<b>J</b>	<b>N</b>
Stel u as moeder belang om u eie opvoedingstyl tot 'n meer demokratiese opvoedingstyl te verander?	<b>1</b>	<b>2</b>
Kry u as moeder kans om te ontspan?	<b>1</b>	<b>2</b>
Is u as moeder bewus van u eie behoeftes?	<b>1</b>	<b>2</b>

V73	<input type="text"/>	82
V74	<input type="text"/>	83
V75	<input type="text"/>	84